# MOOR DIE SAAIER  MOOR DIE BOER

## (KILL THE FARMER KILL THE BOER)

## OORLOG IN DIE HEELAL



**Ek roep die hemel en aarde as getuie teen jou vandag,**
**en Ek gee jou ŉ keuse. Jy moet kies tussen**
**lewe en dood, seën en vervloeking,**
**KIES DIE EWIGE LEWE**

J van der Walt

KOPIE REG ***C*** 2025

DIE SYCAMINE TREE UITGEWERS

ALLE REGTE VOORBEHOU . HIERDIE BOEK MAG NIE GEREPRODUSEER WORD
IN ENIGE FORMAAT NIE – OP LAS - DIE PUBLISEERDER

# OORLOG IN DIE HEELAL

SAAMGESTEL EN GESKRYF DEUR

JOHANNES VAN DER WALT

DIE BOEK IS VIR GOD (YHWH) SE KINDERS

Skrif gedeeltes kom uit die  King James Bybels en die nuwe Afrikaanse Bybel (PWL)

Die boek is vrylik beskikbaar in pdf. formaat.

Vrylik het jy ontvang en vrylik moet jy gee.

*“Hierdie dinge beveel Ek julle sodat julle mekaar moet liefhê en as die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eie liefgehad het, maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het; daarom haat die wêreld julle.”*

Johannes 15:

Gee die boek vir iemand wat na die waarheid soek.

Eerste Uitgawe.

2025.

Voordat jy kan besluit of jy hierdie boek gaan lees of nie is daar ’n belangrike besluit wat jy moet neem. Wat is die belangrikste ding in jou lewe? Moenie sommer net antwoord nie, gaan sit en bepeins die vraag. Wanneer jy besluit het kan jy verder lees.

Is wat jy besluit het gebaseer op die waarheid? Dan is jy ’n kind van God (YHWH). Die soeke na die waarheid begin wanneer ons Jesus vind, maar dit is slegs die begin. Die nou paadjie het vir jou begin en jy sal moet uithou, aanhou, vasbyt, kophou en bo alles jou geloof en vertroue behou.

Soos alle paaie moet jy ’n gids hè, ’n GPS, ’n vervoer middel, kennis van die pad reëls, brandstof, padkos, spaar onderdele, oornag verblyf, en ’n eindbestemming hè.

Die pad is lank, nou, styl en vol struikel blokke. Die weer gaan baie verander en storms gaan daar wees. Jou hele wese gaan onderwerp word aan bonatuurlike vereistes.

Om die einde te bereik het jy alles nodig wat jou kan help om oop oog te reis.

Hierdie boek is ’n hulpmiddel om jou te help om jou bestemming te bereik.

*Indien jy die lees van hierdie boek vir jouself wil vergemaklik*
*Bid hierdie gebed hardop voor jy hierdie boek lees:*

*In die naam van Jesus Christus bind ek alle onrein geeste en demone wat my verhinder en verblind om die waarheid te lees en te hoor, die Bybel sê: Die Waarheid sal my vrymaak, en wanneer Jesus my vrygemaak het, sal ek waarlik vry wees. Geen bose gees sal my keer om die waarheid te hoor en te lees nie. Amen.*

*-------------------------*

*'n Boek vir ernstige en volwasse Christene. Christene wat bereid en bereid is om Christenskap ernstig op te neem, ernstig genoeg om 'n vegter in God se leër te word.*

*En hy het vir my gesê: Dit is verby, Ek is die Begin en die Einde. Ek sal van die fontein van die water van die lewe verniet gee aan hom wat dors het.*
*Hy wat oorwin, sal alles beërwe, en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."*
*(Openbaring 21:6-7).*

*"Ek het 'n goeie stryd geveg, ek het die wenpaal bereik*

# INHOUD

INLEIDING....7
HOEKOM HET GOD DIE WÊRELD GESKAPE?....15
DIE SIGBARE WÊRELD....16
CHRISTENE EN DEMONE....24
GEESTELIKE ONDERSKEIDING....49
GEESTELIKE KONINKRYKE....56
DIE ONSIGBARE OORLOG....58
WAAR DIE STRYD WOED....59
DIE KERK VANDAG....60
WORD 'N KRYGER IN DIE LEËR VAN GOD....66
DIE BELANGRIKHEID VAN BEKERING....68
BEGIN OM IN DIE GEES TE WANDEL....73
IDENTIFISERING VAN AL ONS SONDES....75
DIE BYBELSE SIENING....79
GAWES VAN DIE HEILIGE GEES:....81
VRUGTE VAN DIE HEILIGE GEES....82
WAAR IS DIE HEILIGE GEES?....83
WAT IS ENGELE?....85
DIE OORSPRONG VAN ENGELE....85
DIE OORSPRONG VAN SATAN....86
DIE OORSPRONKLIKE POSISIE VAN SATAN....86
DIE VAL VAN SATAN....87
RESULTATE VAN SATAN SE SONDE....88
WAAR IS SATAN?....89
SATAN SE AKTIWITEITE....89
SATAN SE GAWES AAN SY KINDERS....91
DIE AKTIWITEITE VAN DUIWELS....93
DIE VLEES....94
DIE BEGEERTES VAN DIE VLEES....95
HOE WELLUS ONTWIKKEL....96
KRAGTIGE BOSE MAGTE....97
DIE DRIE ENIGE GOD....100
DIE NAAM VAN JESUS....101
DIE NAAM VAN ONS HEMELSE VADER....103
WEN EERS AGTER GESLOTE DEURE....107
DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE GEES....109
TREK DIE WAPENRUSTING VAN GOD AAN....110

DIE GESINDHEID VAN CHRISTUS .......... 111
BREEK VESTINGS AF .......... 113
HOE AFFEKTEER DIT MY .......... 119
DIE OU MENS .......... 122
WANDEL IN DIE GEES .......... 124
SATAN VAL DIE VERSTAND AAN .......... 126
KOGNITIEWE DISSONANSIE (BRAIN FOG) .......... 127
GEESTELIKE WEERSTAND .......... 130
DIE TONG .......... 132
DIE MURE OM ONS .......... 134
OORDRAG VAN GEESTE .......... 136
DIE HOË PLEKKE .......... 142
GEESTELIKE GODDELOOSHEID IN HOË PLEKKE .......... 143
DIE OUTORITEIT VAN YHWH .......... 150
ENGELE TUSSEN ONS .......... 152
GEESTELIKE OORWINNING .......... 152
BIBLIOGRAFIE .......... 156

**INLEIDING**

Kill the Farmer-kill the Boer het 'n baie dieper geskiedenis as wat mense besef. Die slagspreuk het sy oorsprong in die diepe duisternis van die onderwêreld. Die aanslag is nie net teen vlees en bloed nie, maar is gemik op die siel en die gees wat in die vlees lewe. Om die siel en die gees van 'n mens van die aarde te verwyder, moet die vlees van die mens verwyder word. Ons sien baie voorbeelde in die Bybel byvoorbeeld:
Die heel eerste keer wat hierdie idee na vore gekom het was toe Satan vir Adam en Eva aan geval het. Satan was jaloers en wou skeiding bring tussen God en mens. Die daarop volgende voorbeeld was toe Kain vir Abel dood gemaak het. Kain was 'n jagter en Abel 'n boer. Kain het uit jaloesie en afguns vir Abel dood gemaak. Kyk ons dieper dan vind ons Satan se bose gees in Kain wou die goeie gees in Abel verwoes om so te keer dat Abel kinders sal kry wat dan die goeie gees sal huisves en die slegte gees in Kain sal teenstaan. Die "jaloesie" en "afguns" demone het Kain se verstand oor geneem en hom beheer. Die "kill the farmer-kill the boer" gedagte het gemanifesteer en daadwerklike moord geword.
Sedert dien was daar baie gevalle gewees waar Satan, wat in die tweede hemel en op aarde, sy volgelinge aangesweep het om die slag spreuk te oefen sodat hulle dit op aarde kon uitbulder. "Kill the Farmer, kill the Boer." Moor die Saaier, moor die Boer.

Hierdie slagspreuk is gemik op alle boere, nie net die Afrikaner nie. Hierdie boek is nie noodwendig net vir

Afrikaners nie, maar dit is vir alle kinders van God wat vertrou op Yahweh(YHWH), die God van Israel.

Die Bybel gee vir ons ’n weergawe van die geskiedenis van die Hebreeuse volk, Israel. Dit is ’n baie interessante geskiedenis, maar as ons dit bloot as geskiedenis beskou bly dit net geskiedenis. Ons kan dit egter van toepassing maak op ons fisiese lewe en ons sal saamstem dit is van toepassing op wat tans in ons land plaasvind. Daar is egter ’n baie belangriker interpretasie van hierdie skrif gedeelte.
Ons moet nou veiligheids gordels aansit en met ’n oop gemoed en ’n hunkering na die waarheid die res van die boek lees. Vir baie Afrikaners sal dit ’n oogoopmaker wees want so baie geestelike inligting is van die Afrikaner weerhou.
Die situasie soos beskryf deur Jeremia speel hom nou verder af in die geestelike realm. Ons moet nou die vyfde dimensie betree en in ons geestes oë sien wat gebeur.
Ons begin reg in die begin van die skepping want die bestaan van die hele mensdom is betrokke by die scenario wat hom afspeel in die geestelike realm. Ons praat van ’n oorlog, ’n geestelike oorlog -kill the Farmer -kill the Boer het gemanifesteer as gevolg van die geskiedenis in ons land. Ander dele van die wêreld het hierdie slagspreuk nog nie openlik beleef nie, maar dit is wel daar. Dit is net meer subtiel.
Ja die slagoffers van hierdie oorlog ly, hulle is in pyn ’n onophoudende pyn en slawerny. Miljoene en miljoene, in werklikheid miljarde oorlog slagoffers sukkel dag en nag en probeer om aan die lewe te bly. Hulle ellende en

onderdrukking ken geen grense nie. Hulle word gebombardeer met missiele wat siele vernietig. Hulle gedagtes en liggame word verteer en gevul met vullis en gemors. Hulle ly aan depressie, fobies en ontelbare siektes. Hulle word in slawerny gehou. Slawerny wat sal eindig in 'n bodemlose swart gat gevul met ondraaglike vuur van waar daar geen ontsnapping is nie.

Mense! ons is in 'n oorlewings stryd en ons het 'n keuse, 'n keuse tussen lewe en dood. 'n Keuse om weg te kom van die ondraaglike vuur, 'n keuse om uit slawerny te kom. Kies wys, kies die lewe.

U het seker reeds agter gekom dat die boek ’n twee snydende swaard is tussen werklikheid en geestelikheid. Probeer albei tegelyk te sien.

Satan woed vandag in die wêreld voort. Dit is nie net 'n konflik tussen nasies, rasse en regerings en leiers nie. Dit gaan nie net oor wêreld oorheersing of een wêreldorde nie. Dit is ook 'n oorlog vir die heelal tussen twee geestelike magte. Daar is geen derde mag of alliansies met ander groepe en lande in die geestelike oorlog nie, dit is bloot 'n stryd om ewige lewe of ewige dood. Satan probeer sy “Regering van nasionale eenheid” of “United Nations” in plek kry om God se mense te verwoes.

Satan gebruik die mense op aarde om sy oorlog vir hom te veg. Hy het nog altyd. Ons is soos pionne in ’n skaakspel, maar in hierdie skaak spel het ons as pionne ’n keuse – ons kan besluit wie gaan ons

rondskuif en deur wie gaan ons gebruik word as soldate om die oorlog te veg.

Die stryd het meer as 7500 jaar gelede begin toe Satan, God uitgedaag het. Satan het teen God gerebelleer en homself waardig geag om aanbid te word en gevolglik het hulle mekaar se vyande geword. Ego het die arena binnegekom en deel van die lewe op aarde geword. Satan was nie alleen nie. Een derde van die Engele het by die ego-reis aangesluit.

As God se vyand, het Satan begin om 'n oorlog te voer teen God se kinders en die hele mensdom. Satan het geweet dat die Hel sy tuiste vir ewig sal wees, maar hy wou nie alleen daarheen gaan nie. Hy het besluit om alles te doen, wat dit ook al mag verg, om die getalle wat by hom in die Hel aansluit, te verhoog. Satan het gehoop om die hele menslike ras te mislei en te verlei en te moor en te verwoes en hulle van God te vervreem.

Die feit dat Satan een derde van die Engele kon oortuig om saam met hom te gaan, is 'n aanduiding van sy vermoëns om ander te beïnvloed. Satan en sy volgelinge was bereid om die hemel en al sy voordele prys te gee om hulle ego’s te bevredig.

Dit is dieselfde ego-lokval wat Satan oor die eeue gebruik het om sy volgelinge in slawerny te plaas. Die eerste slagoffer was Eva en die tweede Adam. Van daar af het dit alles afdraand gegaan. Dit het so erg geword dat God besluit het om die aarde en al sy inwoners te vernietig. Slegs 'n paar is gered op Noag se Ark. Ego het

die wapen van massa vernietiging geword. Tot vandag toe bly dit Satan se kragtigste wapen, aangesien Adam en Eva alle mense in sonde gedompel het. Ego het deel geword van elke persoon se lewe.

As ons om ons kyk sien ons dit orals, selfs in ons eie lewens. Kyk ons na die wêreld dan sien ons dit orals.

Ego het meer lewens vernietig as al die atoombomme en al die wapens sedert die begin van die tyd. Ego het meer gesinne en verhoudings verwoes as enige ander oorsaak. Ego het meer mense tot ewige veroordeling gevonnis as alle ander boosheid saam. Dit is werklik 'n wapen van massa vernietiging.

Die wêreld was so sleg dat God(YHWH) dit vernietig het met die groot vloed en na die groot vloed het dinge nie verbeter nie. Dit het weer so erg geword dat God self aarde toe moes kom, in die vorm van Jesus Christus, Sy Seun om die kinders van God te red. Jesus het God se kinders die weg na verlossing gegee. Die enigste manier waarop hulle hul toekomstige ewigheid kan verseker. Terselfdertyd het die stryd verskerp, omdat Satan sy spel moes verbeter om God se planne te probeer teenwerk. Satan het selfs probeer om Jesus self te oorreed om hom te aanbid. As hy vir Jesus aangevat het, dink jy hy gaan lou los? Satan se ego het geen grense nie. Dieselfde ego wat mense laat se “ek is my eie baas.” “Niemand vertel my wat om te doen nie en veral nie Satan nie.” Hierdie woorde kom reg uit Satan se mond.

God waarsku die mense dat hulle vernietig sal word weens 'n gebrek aan kennis (Hosea 4:6). Die gebrek aan kennis laat mense luister na verleiers en leuenaars. Enigiemand wat enigiets anders verkondig as die ware Evangelie van Jesus Christus (Yeshua), is 'n leuenaar. Die vyand, die heerser van die duisternis, het gekom om God (YAHWEH) se kinders dood te maak, te steel en te vernietig. As jy enigiets anders glo, glo jy 'n leuen.

Vir diegene wat daarin slaag om die kennis te verkry wat nodig is om die vyand te verslaan, is daar oorwinning. Oorwinning in die Seun van God, die God van Israel. Almal wat in God(YHWH) glo is Israeliete.

Die geestelike stryd gaan vandag voort, maar in plaas daarvan om teen die vyand te veg, is Christene so besig met die bou van kerkgeboue, die bestudering van leerstellings, byeenkomste, om geld te tel en met mekaar te stry oor wie reg is, dat hulle nie besef dat hulle aan die verkeerde kant veg nie. Hulle het nie genoeg kennis nie want kennis is van hulle weerhou. Terwyl hierdie groot geestelike stryd rondom hulle woed, is hulle heeltemal onkundig oor die effek wat dit op hulle huidige en ewige lewens het. Die vyand het die kerk geïnfiltreer en baie "Leiers" is daar op uit om God se mense in die donker te hou en hierdie Leiers weet nie eers dat hulle vir Satan werk nie. Hulle is totaal verblind en kan nie die waarheid sien nie.

Die stryd woed voort en Satan gaan vol uit om die bodemlose put te probeer vul. Niemand sal die aanval

ontduik nie. Niemand het immuniteit nie. NIEMAND nie.

God se kinders moet goed ingelig wees en weet waarvoor hulle in is. Lukas 14:31 sê: *"Watter koning, wat oorlog teen 'n ander koning gaan maak, gaan nie eers en sit en bereken of hy met tienduisend in staat is om hom te verdedig teen die een wat teen hom kom met twintig duisend*?"**.**

Geen verstandige mens het ooit 'n stryd betree sonder 'n noukeurige ondersoek te doen en seker te maak hy is behoorlik toegerus om die oorlog te veg nie. Jy moet die vyand en sy metode van werking ken. Jy moet beter voorbereid en beter toegerus wees as die vyand. Kennis is mag, en met God se mag kan die vyand verslaan word.

Het jy al ooit iemand teëgekom wat besluit het om met vakansie te gaan sonder om te weet waar die vakansiebestemming is en nie eens te weet watter pad om te neem om by hierdie onbekende bestemming uit te kom nie? Klim net in die motor en ry totdat die brandstof opraak, want daar is geen vulstasie op die gekose pad nie.

Jare gelede was ek op die trein tussen Johannesburg en Pretoria. By Germiston het twee mans op geklim. Hulle het elkeen ses biere by hulle gehad, geen ander bagasie nie. Ek hoor toe hulle praat en sê vir mekaar dat hulle besluit het hulle gaan alles opgee en die pad vat. Hulle het net ’n bietjie geld by hulle gehad, net

genoeg om op die trein te klim. Hulle besluit toe om so lank moontlik op die trein te bly, al was hulle kaartjies net tot by die volgende stasie. Hulle sal uithou totdat hulle afgegooi word en daar waar hulle afgegooi word sal hulle in die bos gaan bly. Ek wonder hoe lank hulle joviaal gebly het?

Hoeveel mense gaan deur die lewe sonder om te weet waar hulle gaan eindig. Hulle gaan eenvoudig met die vloei. Dink nie aan die einde nie. die trein gaan nooit stop nie!

Wat gebeur met 'n boom wat deur die oorstroomde rivier meegesleur word? Dit gaan met die vloei. Waar eindig dit? Iewers op 'n verlate plek, om te verrot. Is dit waar jy wil eindig? Iewers waar jy sal wegvrot? Iewers waar die wegvrot vir ewig sal aanhou?

Is jy 'n persoon wat kies om in slawerny te leef? Sal enige seniele persoon dit doen? As jy is, dan moet jy ten minste vir jou eie onthalwe hierdie boek lees net sodat jy eendag weet wat het van dié mense geword wat die regte besluit geneem het.

As jy kies om vrygemaak te word, vry van slawerny, dan moet jy ook hierdie boek lees, want jy sal al die kennis nodig hê om jouself in staat te stel om die stryd vir die ewige lewe te wen en seëvierend te wees.

Nou sê jy seker, maar ek is vry, ek kan doen wat ek wil, wanneer ek wil en waar ek wil! Is jy? Is jy so verblind dat jy regtig dink dat slawerny, is vryheid? Jy is in die

kloue van Satan en jy weet dit nie eers nie! Nou wip jy jou vir my! Dit wys jou Satan dikteer jou lewe. Jy moet drink, jy moet vloek, jy moet jol, jy moet vuil grappe vertel, jy moet mislik wees, jy moet in vrees lewe, jy moet angstig wees, jy moet mismoedig wees, jy moet siek wees, jy moet verslaaf wees, jy moet in die duister lewe! Jy is ’n slaaf van Satan!

Satan beïnvloed alle mense en hy regeer die meeste mense. Ons het egter almal 'n keuse tussen Lewe en dood. Die Bybel leer ons: “*Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe”*

Jesus(Yeshua) het gesê: *“Ek is die Weg die Waarheid en die Lewe" elkeen wat in My glo, sal vir ewig lewe.*” Maak net seker jy kies die regte Jesus want daar is baie nagemaaktes wat hulle voordoen as Jesus. Wie is die regte Jesus en wie is die regte God? Hou aan lees en jy sal uitvind.

**HOEKOM HET GOD DIE WÊRELD GESKAPE?**

Kom ons kyk na die volgende scenario:

God het die heelal geskape met al die engele en daar was vrede en harmonie in die hemel. Almal het God aanbid, geloof en geprys. Tot op die dag wat Satan gerebelleer het. Satan en een derde van die gevalle engele is toe uit die hemel weg gejaag met die gevolg dat daar ’n leemte ontstaan het. God besluit toe om die leemte te vul maar God wou seker maak dat diegene

wat toegelaat word om die leemte te vul nie weer sal doen wat Satan gedoen het nie. Die enigste manier om dit te verseker was om ’n “skool” te maak waarin geestelike wesens in die vorm van mense geplaas word om te bepaal wie die eindeksamen gaan slaag. Die grootste toets is om Satan te oorwin. Want slegs die wat Satan kan oorwin, sal nie herhaal wat Satan gedoen het nie. Daar is dan ook net plek vir ’n aantal mense gelykstaande aan die getal van die gevalle engele, wat kan terug keer hemel toe.

Sodra hierdie getal vol is, sal dit die einde van die wêreld wees. Satan weet dit en dit is hoekom hy alles moontlik doen om te verseker dat die getal nie bereik word nie. Satan redeneer dat as die getal nie bereik word nie hoef hy nie na die bodemlose donker put te gaan nie.

**DIE SIGBARE WÊRELD**

Die wêreld waarin ons leef en wat vir ons sigbaar is, bestaan uit voorwerpe wat in die eerste, tweede, derde, vierde dimensies is. Dan is daar  ’n vyfde dimensie wat nie sigbaar is nie, maar ons weet dit bestaan.

Moenie ingewikkeld raak en my blase op my brein gee nie, sê jy. Dit is een van die eerste uitdagings wat ons almal moet oorkom. Ons lui-breinsindroom. Meeste mense se brein funksie word geblokkeer en dit verhoed dat hulle die kennis verkry en die waarheid hoor. Hulle moet eers hierdie boosheid wat dit veroorsaak oorwin, voordat hulle die res kan oorwin en daarom was daar ’n

gebed aan die begin van die boek. Ons kan dit nie self doen nie, net God kan ons help.

Moenie ingewikkeld raak nie, hou dit eenvoudig sê mense. Maak dit maklik sê hulle. "Hulle" is ons vyande. Om boosheid te oorkom, moet ons gewillig wees om te soek en te soek en te soek totdat ons vind. Dit is deel van wat ons moet doen om die "Lewe" te vind. Ons moet ons brein wat God ons gegee het gebruik om die kennis te verkry wat ons nodig het om die boosheid te oorkom. Let wel “Oorkom” Om te weet van die duiwel is nie goed genoeg nie. Ons moet die duiwel oorkom. Sy kop vermorsel want as ons dit nie doen nie sal hy aanhou om ons in die hakskeen te byt en te byt totdat ons dood gebyt is.

Terug na die dimensies. Die natuurlike wêreld bestaan uit enkel dimensie voorwerpe soos 'n reguit lyn getrek op 'n stuk papier. Een dimensionele voorwerpe. 'n Dimensie wat ons kan meet. Bv. 'n Lyn is twee sentimeter lank.

Twee dimensionele voorwerpe is voorwerpe wat 'n lengte het en 'n breedte soos 'n vierkant wat op 'n stuk papier getrek word.

Derde dimensionele voorwerpe het lengte, breedte en hoogte soos die meeste sigbare voorwerpe rondom ons.

Die vierde dimensie is tyd.

Al die bogenoemde dimensies staan ook bekend as die fisiese ryk of aardse ryk.

Die volgende is 'n dimensie wat ons nie kan sien nie, die 5[de] dimensie. Dit word bewuswording genoem. Wat is bewustheid? Die eenvoudige definisie van bewustheid is om bewus te wees van ons omgewing. As jy bewus is van jou omgewing rondom jou, word jy beskou as bewus. Dit is 'n fisiese bewustheid. As jy onbewus word weet jy nie wat om jou aan gaan nie.
Ons kry ook "gewete". Wat is gewete? Die eenvoudigste verduideliking is dat ons bewus is van wat goed is en wat sleg is. Hierdie "gewete" neem ons in die geestelike ryk (domein). Ons kan dit nie aanraak nie en ons kan dit nie sien nie. Waar kom dit vandaan? Die ongelowige sal kom met allerhande verduidelikings omdat hulle vergaan as gevolg van 'n gebrek aan kennis. Hulle weet nie beter nie. Hulle noem dit 'n "morele wet." Of ’n sesde sintuig.

Gewete het nie altyd bestaan nie. Adam en Eva het nie die verskil tussen goed en verkeerd geweet nie. Daar was 'n tyd waar baie mense nie 'n gewete gehad het nie. Hulle is gelei deur ander en is vertel en geleer wat reg en verkeerd was. Daar was net sommige mense wat wel “gewete” van God ontvang het. Vir die wat nie gewete gehad het nie  was daar meer as ses honderd wette om mense te help onderskei tussen reg en verkeerd. Die Skepper het toe sowat tweeduisend jaar gelede “gewete” aan alle mense bekendgestel en beskikbaar gemaak. Hierdie gewete waarvan ons bewus is, is niemand anders as "Die Heilige Gees" van God nie. "*Die dag sal*

*kom,' sê die Here, 'wanneer Ek 'n nuwe verbond met die volk van Israel en Juda sal maak. . . Dit is die nuwe verbond wat Ek op daardie dag met die volk Israel sal maak," sê die Here. "Ek sal my wet in hulle gedagtes plaas en ek sal hulle op hulle harte skryf. Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees"* (Jeremia 31:31 ,33). God gee Sy Heilige Gees aan al sy kinders. Onthou "Israel" is al God se kinders, Jode en nie-Jode. Almal wat besnyde harte het, almal wat op die ware lewende God vertrou.

Ons kan sien wat mense doen om ons en sien wat rondom ons gebeur en terwyl ons dit doen, sal ons "gewete" ons vertel of dit goed of sleg, reg of verkeerd is.

Dit is waar ons begin om in die geestelike realm in te stap. Die kinders van God ontvang hulp van God by wyse van God se Heilige Gees. God se kinders ontvang die gawe van die Heilige Gees wanneer hulle Jesus as Here en Verlosser aangeneem het. Jesus het al God se kinders belowe dat hulle nie alleen op hierdie aarde gelaat sal word nie. Vir diegene wat God se kinders is, sal God 'n "helper" stuur om by hulle te wees. Die Heilige Gees leef binne-in God se kinders en help hulle om die regte besluite tussen goed en sleg te neem.

Dit is baie moeiliker vir diegene wat God verwerp het om te onderskei tussen goed en sleg. Hulle het net hulself en Satan met sy gevalle engele om op staat te maak. Hulle het net morele wette wat hulle kan lees en dan probeer om daar volgens te lewe. Satan verseker egter voortdurend dat sy kinders dink dat sleg goed is

en dat goed sleg is. Ja, Satan verdraai alles wat goed en verwar mense sodat hulle dink sleg is goed en goed is sleg en ja, as jy nie ’n kind van God is nie is jy ’n kind van Satan. Daar is niks tussen in nie. Nie eers Ateïste nie- hulle behoort aan Satan net soos al die wat nie in die drie enige God (YHWH) glo nie.


Satan is baie goed daarmee. Hierdie mense besef nie eens dit is Satan wat hul gedagtes beheer nie. Hulle dink dit is hulself wat kan besluit wat goed is en wat sleg is. Satan gebruik die "ego" van die mensdom om hulle te oortuig dat dit hulle is wat hul eie lewe beheer.

Dit kan vergelyk word met vandag se rekenaars waar jy sagteware kan aflaai om die rekenaar te laat werk. Ons kan die oorspronklike sagteware kry wat geen virusse het nie, of u kan 'n onwettige kopie kry wat virusse het. Jy kan jou sagteware van God aflaai en die oorspronklike sagteware kry wat jou sal help of jy kan 'n virus besmette kopie van Satan kry wat jou sal vernietig. Die keuse is joune.

Die geestelike realm kan nie in fisiese terme uitgedruk word nie. Dit is nie 'n wêreldse dimensie nie. Ons gewete is net 'n skakel wat ons het wat ons van die Heilige Gees ontvang, om ons met God en God se geestelike ryk te verbind.

Die geestelike realm behels ons verstand, ons siel en ons gees. Nie ons hele brein nie, maar die verwerking van inligting in ons gedagtes. Ons brein is in kompartemente verdeel. Hierdie kompartemente vervul

verskillende funksies en kan mekaar beïnvloed. Om nie te gekompliseerd te raak nie sal ons op twee kompartemente konsentreer. Die voorkant van die brein doen geestelike funksies en die agterkant doen normale brein funksies. Hoe ons die voorste gedeelte gebruik hang van ons self af. As ons dit vul met Goddelike geestelike voedsel dan sal ons in die gees met God wees en doen wat Hom behaag.



Die mense wat dit vul met aardse goed en onrein gedagtes en idees doen wat Satan behaag. Dit is die merk op die voorkop. God weet wat in ons voorkop aangaan want Sy Heilige Gees is in ons en die Heilige Gees weet wat in ons brein aangaan. Hy weet Alles.

Elkeen sal eendag rekenskap gee van alles wat daar aangegaan het. Die ewigheid is 'n realm waarin ons vir ewig en altyd sal lewe. Dit is die geestelike realm. Ons normale brein probeer ook aanhoudend om die geestelike brein te beïnvloed. Dit is hoekom ’n mens kan

bid en terselfdertyd dwaal jou gedagtes weg as jy dit toelaat.
Ons moet alles wat in die vleeslike realm gebruik om ons te help om die geestelike realm te verstaan. Net soos wat God vir die Priesters wat in die Tabernakel gewerk het, gesê het dat hulle nie enige wêreldse gedagtes in die "Mees Heilige" deel van die Tabernakel of Tempel kon inbring nie, netso moet ons nie aardse gedagtes in ons voorste gedeelte van ons verstand laat inkom as ons God aanbid nie. Ons moet die wêreld uitsluit.

Niks in die fisiese realm kan die geestelike realm doodmaak of vernietig nie, maar in die geestelike realm is daar goeie en bose geeste. Hulle kan ons die ewige lewe of ewige dood inlei. Geestelike wesens het toegang tot ons brein. Satan het toegang tot die agterste gedeelte van ons brein en God beide kante. Dit is net van toepassing op God se kinders. Vir Satan se kinders word die hele brein deur Satan beheer. Meeste gedagtes kom van buite ons brein. Enigiets wat uit die bloute inkom is van buite. Onrein geeste gebruik dit om ons na die ewige dood te probeer lei en om ons van God af weg te lei. Aan die einde gaan al God se kinders hemel toe, almal wat God se merk op hulle het. Almal wat die duiwel se merk op het gaan Hel toe. Wat is die merk 666. Onthou die volgende: **d**ink-**d**oen-**d**ien. ddd agterstevoor 666. God weet wat ons doen, wat ons dink en in ons brein aangaan asook wie ons dien.

Hierdie dood wat ons van praat is ongelukkig nie die dood soos ons dit in die fisiese realm ken nie. Dit is nie

die proses om te sterf nie. Dit is wat gebeur na die sterwens proses. Die siel van gelowiges sal hemel toe gaan en die siel van ongelowiges sal hel toe gaan en vir die ewigheid daar bly. Dit is die ewige lewe of ewige dood. Ons het ’n siel ’n gees en ’n liggaam. Ons siel is die gedeelte waaroor die oorlog geveg word. Die gees wat in ons is kom óf van God óf dit is ’n onrein gees as mense aan Satan behoort. Sommige mense het beide en sommige mense het baie.(Sal later daar by kom).

Ons word baie geleer en ons leer baie oor ons fisiese realm, maar baie min word gedoen om ons te help om die kennis te verkry wat ons nodig het om boosheid te oorkom in die geestelike realm en die kennis wat ons nodig het om te verseker dat ons vir ewig in die geestelike realm leef. Kennis wat ons uit en weg van die bodemlose put sal hou. 'n Put waar lyding en droefheid en pyn vir ewig sal duur. Ons word “street-wise” maar nie “Way-wise” nie. (Jesus is die Weg-Way). Daar is so baie dinge wat ons onbewustelik verkeerd leer. Vat die woord “wegwys”. Dit het positiewe en negatiewe betekenis.

Soos Adam en Eva het ons almal 'n keuse tussen die ewige lewe en die ewige dood. Ons moet kies en sodra ons kies moet ons die weg volg wat ons gekies het en luister na die gees wat ons die weg aanwys.

Die oorlog is woes en die meerderheid van mense word deur onrein geeste beheer. Hierdie demoon beheerde mense wil God se mense uitwis. Die demone wil die Gees van God probeer uit dryf. Demone kan mense

heeltemal mal maak en hulle dinge laat doen wat onlogies is. Hulle word soos iemand wat gehipnotiseer is. Hulle is Satan se poppekas vertoning. Satan trek die toutjies en hulle dans. Die mense besef nie dat hulle net poppe in ’n poppekas spel is nie.

Niemand kan op sy eie die oorlog wen nie. Jy kan nie jouself beskerm nie. Geen geld en geen aardse wapen kan jou red nie. Net God(YHWH) kan ons red.

**CHRISTENE EN DEMONE**

Die dag wat ons Jesus as ons Leier en Verlosser aanneem, ontvang ons die gawe van die Heilige Gees. Op die dag as ons gedoop word, word ons gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Op 'n latere stadium, doop Jesus ons met die Heilige Gees.

Die proses van heiligmaking en om met die Heilige Gees vervul te word, is 'n onderwerp wat verkeerd geïnterpreteer kan word. Hierdie waninterpretasie is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan kennis. Dit is belangrik dat ons die kennis bekom wat ons kan help om die waarheid te vind. Ons moet nie op ander staat maal om ons alles met ’n lepel in te gee nie, nee, ons moet tyd met God spandeer en die antwoorde by Hom vind.

Die grootste uitdaging wat die kerk vandag in die gesig staar, is die aantal kerkleiers en kerkgangers wat slagoffers van onrein geeste geword het. Die gees van “Ego” en “Trots” vind ons in meeste mense en dit geld

vir die kerk ook. Boosheid het die kerk geïnfiltreer en hierdie bose geeste verhoed dat die kerkleiers die waarheid sien en vind. Die mees algemene bose geeste onder kerkleiers is wat 'n "Familiale" en “Religieuse-Godsdiens” geeste genoem word. Al ooit gewonder hoekom godsdiens met ’n klein “g” gespel word. Yip, dit is omdat dit nie “Gods diens” is nie, godsdiens is afgode diens.

Hierdie bekende geeste is al vir baie geslagte in die persone se families en in die kerke en gevolglik is die mense heeltemal onbewus daarvan dat hulle 'n familiale of godsdiens gees het wat hul lewens beheer. Hierdie familiale en godsdiens geeste oortuig selfs die kerkleiers dat hulle immuun teen bose geeste is. Die oomblik wanneer 'n kerkleier daardie woorde uiter, moet jy weet dat daardie persoon beheer word deur 'n onrein gees. Dit is die onrein gees wat praat. Die Bybel sê:" My Volk vergaan weens die gebrek aan kennis". Dit is presies wat die bose geeste aan hierdie leiers en baie ander mense in die kerke doen. Die bose gees verhoed dat hulle die kennis ontvang wat hulle nodig het om hulle vry te maak. Op hulle beurt, verhoed die kerkleiers dat die lede van die kerk die waarheid ontvang. Hierdie bose geeste is ook verantwoordelik vir al die verwarring en waninterpretasies in die kerke. Dit is waarom jy God (YAHWEH) en God (YAHWEH) alleen moet vertrou.

Bestudeer die Skrif en vra die Heilige Gees om die betekenis en interpretasies aan jou te openbaar. Werk jou eie verlossing uit met vrees en bewing en in geheime

gebed agter ’n toe deur. Ons doen verantwoording aan God, nie aan mense nie.

Daar is sommige mense wat "gevul" is met die Heilige Gees vanaf die dag waarop hulle gered is. Dit kan duidelik gesien word omdat hulle die vrugte van die Heilige Gees dra, elke dag die hele dag. Die onmiddellike vulling van die Heilige Gees is skaars. Hoekom sê ek dit? Eenvoudig gebaseer op die vrug van die Gees wat in Christene geopenbaar word. Die meeste Christene gaan deur die proses van volwasse wording as Christene. Die eerste teken wat hulle wys dat hulle met die Heilige Gees gevul is, is wanneer hulle begin om die vrug van die Gees te dra. Tot op daardie stadium is hulle in die begin van die groei fase

Ons sien dit in die gelykenis van die Saaier:
"*'n Saaier het uitgegaan om te saai en terwyl hy gesaai het,* het saad langs die pad *geval; en die voëls het gekom en dit verslind. Sommige het op klipperige plekke geval, waar hulle nie veel aarde gehad het nie; hulle het dadelik begin groei maar omdat hulle geen diep grond gehad het nie was hulle verskroei deur die son en omdat hulle geen wortel gehad het nie, het hulle weg gekwyn. Sommige het tussen dorings geval, en die dorings het hulle verstik. Maar ander het op goeie grond geval en 'n oes opgelewer: sommige honderdvoudig, sommige sestig, sommige dertig."*

Die gelykenis word gegee om ons te help verstaan wat in mense se lewens gebeur wanneer hulle God se woord hoor. Jesus is die Saaier en die woord word gesaai, en

dit gaan mense se gedagtes en harte binne. Onthou die Woord is Jesus. As ons die Woord van waarheid wat lewe gee in ons ore laat inkom en luister na wat dit vir ons se dan sal ons die Woord toelaat om in ons te manifesteer. Net soos wat Jesus in die vorm van ’n mens gekom het, kan Jesus in ons manifesteer en ons vernuwe, ’n nuwe mens van ons maak. Die geestelike Jesus manifesteer in ons en ons kan dit sien deurdat ons verander en ons optrede en dade bewys dit.

Die mense wat die Woord hoor maar nie luister nie verwerp die Woord en verdruk die Woord. Dit gebeur met baie mense. Hulle hoor God se woord, maar omdat hulle te veel van die wêreld binne-in hulle het, te veel duisternis, te veel boosheid, word die woord verdring en dit sterf. Hierdie sterwe is die ewige dood. As die Woord ’n mens verlaat is daardie mens geestelik dood.

Mense mag voortgaan om op aarde te lewe totdat hulle 'n natuurlike dood sterf, maar hulle het reeds "ewige dood" gesterf omdat hulle siel reeds dood is en hel toe sal gaan.

’n Mens moet eers ’n sekere vlak van geestelike volwassenheid bereik voordat jy met die Heilige Gees gedoop kan word. Dit is vir ons eie beswil want dit plaas geweldige verantwoordelikheid op so ’n persoon.

Die vraag is, het mense die Heilige Gees ontvang, die oomblik toe hulle die woord gehoor het? As ons ja antwoord, dan moet ons ook aanvaar dat die Heilige Gees hulle op een of ander stadium verlaat het en

waarom sou die Heilige Gees hulle verlaat het? Omdat hulle toegelaat het dat boosheid hulle oorwin. Terwyl hulle probeer leef het, was die Heilige Gees steeds in hulle, of het hulle op eie stoom probeer oorleef ? As ons argumenteer dat die Heilige Gees hulle nie binnegaan het nie, wat sê ons? Op watter stadium sal die Heilige Gees dan iemand binnegaan wat die woord ontvang het? Dit kan nie eers wees wanneer die persoon heeltemal sonder sonde is nie. Sonder die Heilige Gees sal niemand daardie punt bereik nie. Dit impliseer dan dat beide die Heilige Gees en boosheid terselfdertyd in 'n persoon kan bestaan.

In die Ou-Testament sien ons hoe God die Tempel in Jerusalem verlaat omdat die mense hulle self aan Satan oor gegee het. Dieselfde gebeur nou nog.

Dit  bevraagteken ook die kwessies van die ontvangs van die "gawe van die Heilige Gees" en om "vervul" te word met die Heilige Gees. As ’n persoon met die Heilige Gees vervul is, sal die persoon nie misluk nie. God het duidelik gesê dat Hy niemand sal verloor wat gevul is met die Heilige Gees nie. Slegs God se kinders kan "gevul" word met die Heilige Gees. Dit is een van die redes hoekom die vulling met die Heilige Gees eers plaas vind wanneer God besluit die persoon is reg daarvoor.

Dit moet dan aanvaar word dat mense die "gawe" van die Heilige Gees ontvang het en omdat hulle  toegelaat het dat boosheid hulle oorwin, het hulle die gawe van die Heilige Gees verloor.

Onthou dit is nie dieselfde as die verlore seun wat gered was en toe verlore geraak het en weer teruggekom het nie. Nee, hulle het die Woord verloor en toe geestelik gesterf. Onthou die “Woord” is Christus. In die boek, Johannes, lees ons dat die “Woord” was altyd daar en het die aarde geskape, niks is gemaak wat die Woord nie gemaak het nie. en die Woord het vlees geword en tussen die mense kom woon.

Onthou Jesus is die Saaier en die Brood van die lewe en die Fontein van vloeiende water. Ons moet Jesus eet en drink sodat ons verewig sal lewe.

Die enigste groep wat oorleef het, is dié waar die grond goed was. Hulle het gegroei en saad opgelewer. In die opvolg gelykenis van die onkruid, verduidelik Jesus dat daar steeds onkruid onder die koring sal wees, maar die koring sal oorleef en sal saad oplewer. Die onkruid sal met hulle wees tot die einde maar sal hulle nooit onderdruk nie.

God se kinders moet in staat wees om om tussen en langs die onkruid te lewe en te oorwin. Slagspreuke uit die mond van mense met onrein geeste moet hulle nie van stryk af bring nie.

Om saad op te lewer, moet hierdie persoon die Heilige Gees hê, want dit is die vrug van die Heilige Gees wat die saad is. 'n Mens op sy/haar eie kan geen vrug dra nie (geen gewas oplewer nie). Dit dui op 'n verskil tussen die "gawe" van die Heilige Gees en om "gedoop" te word met die Heilige Gees. Diegene wat met die

Heilige Gees gedoop word, ontvang krag, die krag van die Heilige Gees.

Handelinge 1:8. "*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle gekom het. Want op daardie stadium het Hy op nie een van hulle neergedaal nie. Hulle was slegs gedoop in die Naam van die Here Jesus. Toe het hulle hande op hulle gelê en hulle het die Heilige Gees ontvang."* Diegene wat met die Heilige Gees gedoop word, ontvang ook krag om boosheid te oorwin. Die wat net die geskenk ontvang het kan weer die geskenk verloor.

Om gedoop te word beteken nie jy is gered nie, veral nie klein doop nie. Doop is veronderstel om 'n teken te wees dat die persoon besluit het om sy rug op Satan te draai en Jesus(Yeshua) as Meester en Verlosser te aanvaar.

Hierdie boek gaan nie oor die verskillende religieuse gebruike in die verskillende kerke nie. Nee ons probeer slegs die waarheid nastreef so goed as wat ons kan. Lees die boek en besluit dan self waar pas jy in. Die Bybel se ons moet nooit ophou om na die waarheid te soek nie en dat ons slegs sal wysheid ontvang as ons 'n diepe begeerte het om die waarheid te vind. Hoe meer ons soek hoe meer sal ons ontvang en as ons nie soek sal die bietjie wat ons ontvang het weg geneem word.

Dit dui ook daarop dat slegs diegene wat met die Heilige Gees gedoop word, in staat sal wees om getuies vir God te wees en krag van God sal ontvang om Sy werk te doen. Ons moet nie verwar word en dink bloot omdat

iemand die sy lewe aan die kerk wy dat daardie persoon God se werk doen nie. Ongelukkig werk baie mense in die kerk vir verskillende redes, terwyl hulle dink hulle werk vir God.

God se kinders is veilig by God, maar sodra hulle kwaad in hulle lewens toelaat, maak hulle die hek oop vir boosheid om in te kom en met hulle te mors. Die koring sal egter die onkruid kan oorwin as die koring gevul is met die Heilige Gees. Die Bybel se dat dit op almal reën, goed en sleg, koring en onkruid. Maar die koring leef nie van water en brood alleen nie, maar dit leef volgens die Woord van God. Die koring ontvang die Water en die Brood van die lewe. Hulle gaan nooit honger nie en hulle dors nooit nie. Boosheid en onkruid kry ook water en kos maar hulle kos is net aardse kos.

Dit is interessant dat al die wêreld magte probeer om iets te ontwerp wat hulle vir altyd sal laat lewe. Hulle wil fisies vir altyd lewe want hulle weet hulle is geestelik dood en die dag wanneer hulle fisies sterf is dit verby. God se kinders inteendeel sien uit na die ewige lewe.

Nog 'n voorbeeld is dié van die verlore Seun. Die Seun het besluit om sy pa se huis te verlaat omdat die wêreld aantrekliker gelyk het as die lewe by die huis. Die seun het uiteindelik sy fout besef en na die pa teruggekeer. 'n Kind van God kan verlore raak, maar sal uiteindelik terugkeer na God toe. God sal niemand verloor wat 'n kind van God geword het nie. Hierdie gelykenis bevestig dat iemand wat die Heilige Gees het, kan nie verlore gaan nie. God kan toelaat dat boosheid hulle gedagtes

en hulle harte binnegaan vir 'n tydperk, maar die Heilige Gees sal aanhou werk in daardie persoon totdat die persoon besluit om terug te kom na God toe.

Selfs met Petrus, het Jesus vir hom gesê: *Yeshua sê vir Shim'on: "Shim'on, let op, die teëstander het gevra om julle soos graan te sif, maar Ek het vir jou gebid dat jou vertroue nie sal faal nie en as jy die dag herstel is, moet jy jou broers versterk."*

'n Kind van God word deur God beskerm by wyse van 'n geestelike muur en soos in die geval van Job en Petrus, moet die duiwel toestemming vra om in te kom en God se kinders te versoek. 'n Kind van God kan egter op dié manier ongehoorsaam wees en die hek oopmaak en dan sal die duiwel inkom en vir 'n tyd saam met daardie persoon deurdring totdat die persoon bekeer, vergifnis vra, vergifnis ontvang en nie meer sondig nie.

Die vroegste melding van duiwels in die tempel waar God teenwoordig was, kom van Esegiël 8:16 waar demoniese aanbidders tot hulle demone in die tempel in Jerusalem gebid het. Hulle het die son aanbid. Dit het alles gebeur terwyl God nog in die tempel was. God se kinders is nou Sy Tempel en net soos dit in die outydse Tempel kon gebeur kan dit nou in die nuwe Tempel gebeur.

Kom ons keer terug na die Christene in kerke. Of die Kerkers. Hoeveel is "gedoop" en dit het geen verskil gemaak in hulle lewe nie.? Die doop met water is nie die doop van die Heilige Gees nie. Slegs Jesus kan iemand

met die Heilige Gees doop. Slegs die saad wat op die goeie grond geval het, waar die saad gegroei het en saad geproduseer het, is gevul met die Heilige Gees.

Hoeveel noem hulle self Christene, maar aan die einde sal hulle wreed ontnugter word en steeds vergaan? Jesus het gesê: "*My volk vergaan weens 'n gebrek aan kennis" Waarom het hulle 'n gebrek aan kennis*? Wie is veronderstel om hierdie kennis aan hulle te verskaf? Herders, Bedienaars, Predikers, die Kerk? Waarom kry hulle nie die kennis nie?

Selfs sommige van Jesus se dissipels het weggegaan en teruggegaan na hulle ou weë: *"Van daardie tyd af het baie van Sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.* "Jesus het gesê: "*Baie sal vir My sê in daardie dag: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer nie, duiwels in U Naam uitgedryf en baie wonders in U Naam gedoen nie?' En dan sal Ek aan hulle sê, 'Ek het jou nooit geken nie; gaan weg van My af, jy wat wetteloosheid beoefen!'* Mathew 7:22-23.

Ons lees ook: "*Let op, daar kom dae,*" verklaar YHWH, "*wanneer Ek met die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond sal sluit, nie soos die verbond wat Ek met hulle voorgeslagte gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was," verklaar YHWH. Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit," verklaar YHWH: "Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle*

*verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.*"
Open 21:3 "*Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: 'Ken YHWH,' want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,"* verklaar YHWH, "*want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.*"

As jy 'n kind van YHWH is, is jy 'n Yisra'eliet. (Israeliet)

Ons lees ook: "*Ek sê daarom vir julle dat niemand wat deur die Gees van God praat, Yeshua 'n vervloeking noem nie en niemand kan sê: "Yeshua is Die Meester," behalwe deur die Gees wat Afgesonderd is nie*".

As jy wil bepaal of iemand deur Demone oorheers word vra die persoon om te se: " Jesus Christ is Lord of my life" en in Afrikaans " Jesus is Die Meester van my lewe". Satan sal nooit erken dat Jesus/Yeshua Die Meester is nie.

Ons moet almal self die brandende begeerte hè om die waarheid te soek. Ons moet op geen mens staat maak nie, ook nie op die kerk nie. Die Bybel sê: "*Vervloek is die man wat op die mensdom vertrou en vlees sy krag maak en wie se verstand, wil en emosie wegdraai van YHWH af.*" Ons moet YHWH dien met al ons verstand en al ons vermoëns en al ons kragte.

Jesus sê ook, moet niemand op aarde jou vader noem nie. Daar is net twee vaders in die geestelike realm.

YHWH ons Vader in die hemel en dan is daar Satan die vader van alle ongelowiges.

Satan is die vader van alle leuens en die vader van almal wat nie Yisra'eliete is nie. Hy het die leun vervolmaak en kan 'n leuen vermom as die waarheid. Satan is so goed dat alhoewel God se kinders die Heilige Gees het om hulle te help onderskei tussen goed en sleg sowel as tussen leuens en waarheid, hy nog steeds die gedagtes van sommige van God se mense kan infiltreer en hulle oortuig om te glo dat hulle onaantasbaar is deur Hom.

Onthou ons het gesê dat Satan toegang het tot 'n sekere gedeelte van ons brein. Almal se brein. Satan oortuig sommige van God se mense egter dat hulle nie deur Satan of enige van die demone beïnvloed kan word nie. Mense wat dit sê doen dit as 'n gebaar van trotsheid en dit maak het die hek oop gemaak vir die demone om toegang te kry tot daardie persoon se brein.

Satan se intelligensie is baie meer as dié van enige mens. Hoe slim is dit. Satan kan God se mense oortuig dat die leuens en waninligting wat hy in die gedagtes van God se mense plant, net 'n gedagte is wat van binne die persoon se eie gedagtes kom of selfs van God af kom.
Satan oortuig God se mense dat al die siektes wat hulle het, net "toevallig" is. Dit is net deel van die lewe. Satan oortuig self party mense dat die boodskap (gedagte) wat Satan in die persoon se brein plant van God af kom. Alles wat sleg is insluitende alle siektes kom van Satan

af. YHWH is liefde en kan nie enige slegte ding doen nie want dan is hy nie meer liefde nie. YHWH laat egter vir Satan toe om siektes uit te deel en mense se lewens ondraaglik te maak. Satan kan egter niks aan YHWH se kinders doen sonder YHWH se goedkeuring nie.

Dinge raak nou moeiliker en jy sal al jou God gegewe breinkrag moet gebruik om die boosheid te oorkom en die leuen te kan sien. Bid en vra vir die gawe van onderskeiding van geeste. Indien nie, sal jy nooit in staat wees om die boosheid te oorkom nie. As jy dit nie kan verstaan nie, sal jy nooit die "oorvloedige lewe" vind wat Jesus aan God se mense belowe het nie.

Terloops die oorvloedige lewe het niks met geld te doen nie. God haat geld want geld is 'n afgod -Mammon. Geld in oorvloed ly tot sonde en verval. Geld behoort nooit in oorvloed te wees nie want die wat het is veronderstel om die wat nie het nie te help. Dit beteken nie jy moet dit vir die kerk gee nie – nee jy moet self mense help. Jy kan nie op iemand anders se rug “piggyback” ry hemel toe nie.

Onthou, dit is slegs die Heilige Gees wat ons kan help om te verstaan wat waar is. Jy moet geen mens glo nie, toets alles en maak seker dit is die waarheid. Selfs as ons die Bybel lees.

Die eerste stap is om die Heilige Gees te vra om ons gedagtes vir Hom oop te maak om Sy verduidelikings te ontvang. Die tweede is om Satan en alle bose geeste wat ons gedagtes verdof en ons verhoed dat ons die

waarheid hoor en ontvang te bestraf en te bind, in Jesus se Naam. Doen dit (hard op) en beveel hulle om op te hou. Geloof sonder dade beteken niks nie. Demone kan nie ons gedagtes lees nie, maar hulle kan ons hoor wanneer ons praat. Ons woorde manifesteer en dryf hulle uit.

1 Joh. 1:9*"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom 'n leuenaar, en Sy woord is nie in ons nie."*

Vandag glo baie Christene dat al hulle sondes vergewe is omdat hulle Jesus as Meester en Verlosser aangeneem het. Dit is nie waar nie. Jesus het die vloek van sonde weggeneem, maar alle Christene moet daagliks bely en hulle bekeer van al hulle sondes en slegs die bekeerde sondes sal vergewe word. Dit is ook so dat ’n mens nie sal ophou om iets te doen tensy jy bely dat dit wat jy doen verkeerd is nie. As jy aanhou om dieselfde sonde te doen, het jy nie waarlik berou nie, jy probeer Jesus manipuleer en dit is ’n teken van ’n onrein gees wat jou affekteer. ’n Isebel gees. Onrein geeste hoef nie in ’n persoon te wees om die persoon te beïnvloed nie. Hulle werk ook van buite die persoon.

Ons is terug by die Saaier. Ons moet net gou weer kyk na die slagspreuk “Moor die Saaier”. Onthou Jesus is die Saaier en Satan se doel is nog altyd gewees om te probeer om die Saaier dood te maak.

Die saad wat op die verkeerde plekke geval het en gesterf het, is oorwin deur boosheid. Waarom sal boosheid 'n persoon oorwin? Omdat die persoon nie sy/haar rug op die bose draai en daarvan af wegloop nie. Die persoon het nie waarlik berou gehad nie.

Jak 1:21 "*<u>Raak ontslae</u> van alle onreinheid en boosheid en ontvang met sagmoedigheid die <u>ingeplante woord</u> wat in staat is om julle siele te red."*

Jakobus praat met Christene. Christene moet ontslae raak van alle onreinheid en boosheid. As 'n Christin nie deur Satan of enige van die onrein geeste beïnvloed kan word nie, hoe kan 'n Christin onrein of goddeloos wees? Jakobus sê ons moet ontslae raak van die onrein geeste in ons lewens. Hoe doen ons dit?

Openbaring 2:18-24. "*Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Tiatira: "Dit sê die Seun van God, wat oë het soos 'n vlammende vuur, en voete soos gloeiende koper, "Ek ken jou dade en liefde en geloof en diens en volharding, en weet dat jou latere dade die eerstes oortref. Maar Ek hou dit teen jou dat jy die vrou Isebel net laat begaan – sy wat haarself 'n profetes noem, en my diensknegte leer en verlei om te hoereer en om afgod offers te eet. Ek het haar tyd gegun om tot bekering te kom, maar sy weier om haar te bekeer van haar hoerery. Kyk, Ek werp haar op 'n siekbed, en ook hulle wat met haar egbreuk gepleeg het, in groot verdrukking, as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie. En haar kinders sal Ek met die dood tref. Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is wat niere*

*en harte deurgrond. Ek sal elkeen van julle beloon volgens julle dade. Maar vir julle ander in Tiatira wat nie hierdie leer aanhang nie, en wat nie die diepere dinge van Satan, soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê nie op julle 'n ander las nie, behalwe net om vas te hou aan wat julle het, totdat Ek kom. "Aan wie oorwin, en enduit vashou aan wat Ek sê, "sal Ek mag gee oor die nasies. Hy sal hulle as 'n herder lei met 'n ysterstaf, en hulle soos kleipotte stukkend slaan. Soos Ek dit van my Vader ontvang het, sal hy ook soos 'n ster (engel) in die hemel word. "Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê."*

God praat met God se kinders. "*jy laat Isébel toe ... om My dienaars te onderrig en te verlei...".* God sê, *"Ek is Hy wat die gedagtes en siele deursoek*". As iemand sê dat dit nie kan wees of dat dit onmoontlik is of dat dit 'n leuen is, dan word daardie persoon deur Satan beheer. Slegs Satan sal dit 'n leuen noem.

In Openbaring 2:8 het Johannes geskryf: *"En aan die engel van die kerk in Smirna skryf ek, "Hierdie dinge sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en tot lewe gekom het: "Ek ken julle werke, verdrukking en armoede (maar julle is ryk); en ek ken die godslastering van diegene wat sê hulle is Jode* en is nie, maar *is 'n sinagoge van Satan. Moenie enige van daardie dinge vrees wat jy op die punt is om te ly* nie. *Inderdaad, <u>die duiwel is op die punt om sommige van julle in die tronk te </u>gooi – sodat julle getoets kan word."*

Weereens is dit aan Christene geskryf – *"die duiwel (Satan) is op die punt om sommige van julle in die tronk te gooi, sodat julle getoets kan word."* Die tronk beteken om deur Satan beheer te word.

In Openbaring 2:14 skryf *Johannes, "Maar Ek het 'n paar dinge teen julle, omdat julle daar het, diegene wat die leer van Bíleam hou, wat Balak geleer* het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te plaas."
Dit word aan die Kerk, God se kinders, toegespreek. Dit gaan nie eendag in die toekoms gebeur nie. Dit gebeur nou in baie kerke en buite die kerk. Vandag is Bileam ’n demoon, ’n Vals Profeet, ’n Bedrieër, ’n Aanhitser. Hy wil Israel (God se kinders) vervloek en gebruik ander mense om sy vuil werk te doen. Balak is geduldig/gedienstig/gedweë gewillig om Balaam se vuil werk te doen.
Om geduldig/gedienstig en gedwee deur ’n vals profeet (demoon) gelei te word beteken dat mense self demoniese gedrag openbaar deur ’n demoniese beheerde persoon te gehoorsaam.

In 1 Timoteus 4: 1 Skryf Paulus: *"En die Gees sê uitdruklik dat sommige in die laaste tye van die geloof sal afwyk en hulle self sal opgee aan misleidende geeste en leerstellinge van duiwels.*"

In 2 Petrus 2: Petrus skryf: *"Want as hulle, nadat hulle die besoedeling van die wêreld ontvlug het deur die kennis van die Meester en Saligmaker, Jesus Christus, en dan weer verstrengel word, is die laaste einde erger vir hulle as die begin. Want dit sou vir hulle beter gewees*

*het om nie die weg van geregtigheid te ken nie, as om dit te geken het, en dan weer weg te draai van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is."*

In al hierdie voorbeelde is dit God se kinders, Christene, wat deur Satan en ander demone soos Isébel en Bíleam, beïnvloed en verlei word. Christene draai weg van God af terug na Satan toe.

As jy nog nie op hierdie punt oortuig is dat Christene beïnvloed en beheer kan word deur Satan en ander demone nie, dan het jy 'n baie ernstige probleem. Dan lewe jy in ’n staat van ontkenning en dit is ook ’n demoniese invloed.

Dit kan wees dat jy reeds deur Satan beheer word en jy besef dit nie eens nie. Bid tot God, bekeer jou en vra vergifnis. Vra die Heilige Gees om jou te help. Vermeerder jou kennis deur God se woord te bestudeer, bepeins die Woord.

Die maklikste manier om te aanvaar dat God en boosheid op dieselfde plek of ruimte kan wees, is die feit dat God, en dit sluit die Heilige Gees in, is alomteenwoordig. Hy is oral. Nou as God oral is, waar is die duiwel en die demone? Ja! Hulle is ook daar. Soos 'n Pastoor die ander dag verkondig het – hy het gesê dat daar meer demone in die kerk is op 'n Sondag as Christene. Hoe kan hy dit sê? Die demone kom kerk toe? Ja hulle maak die mense slaperig, verdof hulle gedagtes en irriteer hulle sodat hulle nie kan luister nie.

As jy deur jou Herder mislei is om te glo dat Christene nie deur bose geeste geraak of beheer kan word nie, moet jy die alarmklokke hoor lui. Jou Herder is onder beheer van Satan en sy demone en Hy het jou verkeerd geleer. Loop weg van daardie kerk af en vind die ware kerk. As jy nie die moed het om weg te loop nie, is jou enigste uitweg geestelike oorlog voering.

In 2 Timoteus 2 skryf Paulus*: "Jy, daarom, my seun, word versterk in die onverdiende guns wat in Yeshua, dié Gesalfde Een is en die dinge wat jy van my gehoor het voor baie getuies, die dinge het ek ook aan vertrouenswaardige manne toevertrou om ook ander te leer. Verduur booshede soos 'n goeie soldaat van Yeshua, dié Gesalfde Een. Niemand wat 'n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die een tevrede te stel wat hom gekies het. As iemand meeding, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls meegeding het nie. ...Die fondasie van God staan vas en hierdie is die seël: "YHWH ken dié wat Syne is;" en: "Laat elkeen wat hom beroep op die Karakter en Outoriteit (Naam) van YHWH, homself afsonder van boosheid." In 'n groot huis is daar nie slegs artikels van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei; sommige tot eer, maar ander tot oneer; daarom, as iemand hom daarvan sal reinig, sal hy 'n artikel tot eer wees, geskik vir gebruik deur sy Meester en gereed vir elke goeie daad."*
In die boek Johannes, sê dit: *"Die dief kom nie behalwe om te steel en dood te maak en te vernietig nie." Jesus het gesê: "Ek het gekom dat julle lewe kan hê en dat julle*

*dit oorvloediger kan hê." Asook "Want vir hierdie doel is die Seun van God geopenbaar, sodat Hy die werke van die duiwel kan vernietig."*

Verwarring bestaan in baie mense se gedagtes deurdat hulle nie kan verstaan hoe dit moontlik kan wees vir 'n Christin om deur duiwels en bose geeste beïnvloed te word. Die verwarring begin deur nie tussen liggaam, verstand/siel en gees te kan onderskei nie. Ons siel kan aan God behoort en die Heilige Gees kan in ons wees, maar ons liggame en ons gedagtes is steeds aan die wêreld geheg. Paulus het gesukkel met die feit dat sy gees en sy liggaam en verstand verskillende dinge wou hê. Sy gedagtes en liggaam het teen sy siel gerebelleer. In die boek Romeine verwys Paulus na; "sonde wat in my woon."

Ons beleef dieselfde stryd. Dit is hier waar die duiwel en bose geeste hulle aanval loods. Waarom het Jesus ons geleer om te *bid" lei ons nie in versoeking nie, en verlos ons van die bose.*" Wie versoek ons? Ja, die duiwel versoek ons. Hoe? Deur idees in ons gedagtes te plaas, ons pyne siektes te gee, visuele versoekings en om ons liggaamlike behoeftes en begeertes te versoek.

Waarom het Jesus ons geleer om te bid: *"Verlos ons van die bose?"* Ons moet dit bid, elke dag, so dikwels as moontlik, maar ten minste elke oggend en elke aand. Hoekom? As boosheid ons nie kan beïnvloed nie, waarom moet ons daarvan verlos word? Ons kan nie van onsself verlos word nie, ons kan nie vrygemaak word van onsself nie.

Ons word vrygemaak wanneer ons verlos word, vrygemaak van wat? Van boosheid. Wie is boos? Die duiwel en sy bose geeste. Tensy jy sê dat jy, jouself, boos is en dit beteken wat? Ja, dit beteken dat jy duiwel besete is. Dit is die enigste manier waarop jy so boos kan wees.

Wat gebeur met ons voordat ons gedoop word? In baie van die gevalle waar Jesus na die mense gegaan het, het Hy eers die duiwels uitgedryf en hulle is toe genees. Baie van die siektes was as gevolg van demoniese aktiwiteit by mense. Alle mense is in sonde gebore en het in sonde geleef totdat hulle Jesus as Here en Verlosser gevind het. Wat gebeur met die demone in alle mense wat gered word? Ons moet aanvaar dat alle mense duiwels in hulle gehad het, en die demone sal bly totdat hulle verwyder is. Hoekom? Omdat ons almal kinders van Satan is totdat ons weergebore is as kinders van God. Alle kinders van Satan het duiwels in hulle. Hoe word hulle verwyder as niemand hulle verwyder nie? Slegs die Heilige Gees kan 'n demoon verwyder.

In Mattheus 2: 28-30 verduidelik Jesus dat 'n demoon slegs deur die Heilige Gees verwyder kan word. Jesus sê dat die demoon uitgedryf moet word en dat slegs 'n gees wat magtiger is as die demoon, die demoon kan verwyder en die duiwels plek kan neem. Jesus verduidelik ook dat niemand 'n sterk man se huis kan neem nie, tensy jy eers die sterk man bind en die sterk man verwyder. Totdat jy dit gedoen het kan jy nie die huis oorneem nie. Elke persoon is 'n huis. Die duiwel

en bose geeste besit die persoon (huis). Voordat die persoon gered kan word, moet die demone verwyder word. Solank as wat die demone in 'n persoon is, kan die Heilige Gees nie die persoon ten volle besit nie. Jesus sê; ."*Hoe kan 'n mens 'n sterk man se huis binnegaan en sy goedere plunder, tensy hy eers die sterk man bind."* Dit beteken dat die persoon nie met die Heilige Gees gevul kan word alvorens die persoon se demone verwyder is nie. Die Heilige Gees kan die duiwels uitdryf sodra die persoon die demone bestraf en bind en beveel om, in Jesus se Naam, uit te gaan.

Om 'n persoon te doop wat 'n demoon het, gaan nie van die duiwels ontslae raak nie. Daar is nie een geval in die Bybel waar Jesus gesê het: doop hulle net en hulle demone sal vlug nie. Dit is wat soveel pyn en lyding in die kerk veroorsaak. Die demone is nog in die mense nadat hulle gedoop is en die pastoor vertel vir hulle dat die demone weg is en gevolglik kan hulle nie met die Heilige Gees gevul word nie. Die mense dink dan dat hulle is self so sleg omdat hulle nog steeds aangaan met dieselfde sondes.

As jy lewe en lewe meer oorvloedig wil hê, dan moet jy:

- Alle boosheid oorkom
- Ontslae raak van die beheer en invloed wat Satan en die demone oor jou het.
- Jy moet jou bekeer, weg draaie van die wêreld af.
- Kanselleer alle vloeke.
- Vergeef alle mense.
- Bestraf en bind alle bose geeste wat jou lewe beïnvloed.

- Wei jou lewe aan God.
- Wandel in die Gees.
- Vra vir Jesus om jou te doop met die Heilige Gees. Moenie die ruimte wat voorheen deur Satan en sy demone beset is, onbewoon laat nie. Vul dit met die Heilige Gees anders kom die demone terug sewe voudig.

Die verduideliking wat Jesus in Mattheus 2:28-30 gegee het, vertel ons dat die Heilige Gees die persoon binnegaan van wie die demoon verwyder word. Dit bevestig eintlik dat die koninkryk van God oor daardie persoon gekom het. "*As ek duiwels uitdryf deur die Gees van God, het die koninkryk van God sekerlik oor julle gekom."*

Jesus self het die verlossing gedoen toe Hy op aarde was. Hy het mense fisies en geestelik genees, demone uit gedryf en vir hulle gesê; "*gaan en moenie weer sondig nie" "anders kan baie erger dinge jou oorkom.*"

Wat sê dit vir ons? Dit sê vir ons dat 'n persoon Jesus as Meester en Verlosser moet aanneem en dan in die naam van  Jesus en met die mag van die Heilige Gees alle duiwels verwyder sodat die Heilige Gees in die persoon kan lewe. Die doop is 'n daad van gehoorsaamheid en 'n fisiese vergestalting van ons innerlike oortuigings.

Johannes die doper het gekom ons te leer wat ons moet doen. Hy het die pad voorberei vir Jesus se koms. Johannes het mense gedoop voordat Jesus gekom het.

Dit was die doop van bekering. Johannes het mense gedoop in die naam van God(YHWH). Dit is vandag nog geldig. Onthou God(YHWH) is: Vader, Seun en Heilige Gees.
Dit is die verwerping van Satan en die aanvaarding van God as verlosser. Dieselfde keuse wat Adam en Eva gehad het.

Daar is kerke wat glo dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het en hulle glo ook in klein doop. Dit is gedeeltelik reg. Baie misverstande bestaan in die kerk as gevolg van die feit dat die Bybel ’n “weergawe” van God se Woord is. Dit is nie God se Woord nie dit is ’n “weergawe” van Sy Woord. Dit is hoekom daar so baie verskillende weergawes is. Mense vertaal die Bybel soos hulle wil. In die proses beïnvloed Satan die mense en misleidende interpretasies word op skrif gestel en dan word gesê dit is God se Woord. As die Bybel God se Woord was, sou alle Bybels almal presies dieselfde gewees het. Die woord “Bybel” beteken –“Boek”

In die tyd van Abraham het God vir Abraham gesê hy moet al die mans besny, wat hy wel gedoen het. Wat nie in die Bybel staan nie, is dat die fisiese besnydenis ’n teken was van die innerlike besnydenis. Hulle siele was geestelik besny om ontslae te raak van die demone en eksterne invloede. Die fisiese besnydenis was ’n daaglikse herinnering vir hulle dat hulle geestelik besny is. Die fisiese besnydenis op sigself het niks beteken nie want almal, selfs Ismael, asook al die Egiptenare was besny en word nog steeds besny vir higiëniese redes.

So as ons in vandag se lewe wil sê die doop het in die plek van die besnydenis gekom dan moet ons ook sê dat die doop ’n uiterlike manifestering van ’n innerlike oortuiging is. Klein doop is dus nie ’n opsie nie. Al wat klein doop beteken is dat die kind opgedra word aan God.
As ons verder kyk na wat Johannes die doper gedoen het, dan sien ons dat niemand gedoop is wat nie eers van al sy/haar sondes ontslae geraak het nie. Om van sondes ontslae te raak moet die demone en onrein geeste verwyder word.
Geen mens kan ophou sondig as daar nog steeds demone is wat die persoon se gedrag beheer of oorheers nie en geen demoon gaan weg op sy eie nie.

Dit alles bring ons by die konklusie dat daar eers bekering moet kom, demone en onrein geeste moet uitgedryf word, die persoon word dan gedoop. Daarna, met behulp van die Heilige Gees moet die persoon ’n begeerte hè om geestelik te groei tot op ’n punt waar Jesus die persoon met die heilige Gees doop. Op hierdie stadium word die persoon gevul met die Heilige Gees. Die Heilige Gees help dan die persoon om in die Gees te wandel volgens God se wil.

Die persoon moet dan aanhoudend fokus op wat die Heilige Gees sê. Die aanval van Satan en sy demone is nou beperk tot eksterne intervering. Hierdie eksterne intervering hou nooit op nie, in teen deel, dit verskerp. Satan gee nie op nie. Selfs na Moses se dood het Satan nog steeds probeer om sy siel te vat.

## GEESTELIKE ONDERSKEIDING

Sommige noem dit “Die geestelike oorlog om beheer oor ons verstand te kry.” Die wapenrusting van God is van kardinale belang. Sonder dit kan ons nie oorwin nie. Maak seker jy het die wapenrusting van God aan. Ons moet genoeg kennis hè om te kan onderskei tussen onrein geeste en die Heilige Gees. As jy na die internet kyk dan sien jy baie mense op Youtube dink dat hulle ’n boodskap van God ontvang het. Dan verkondig hulle dit en se “môre gaan dit en dat gebeur”. Maar dit gebeur nie omdat hulle na onrein geeste luister. En onthou dit is nie net hulle wat deur onrein geeste gevange gehou word nie, as jy hulle glo val jy in dieselfde strik.

Die sogenaamde Psychics doen dieselfde. Hulle luister na demone en se dan vir die mense dit is hulle familie lede wat die boodskappe stuur (Familiale geeste).

Die meeste Christene raak vasgevang in godsdienstige kleuterskool of laerskool en hulle word nooit volwasse Christene nie. Hulle is tevrede met baba kos en kan nie soliede geestelike kos verwerk nie.

Hoe meer volwasse ons word, hoe meer verstaan ons, en hoe meer openbaar God aan ons. Ons vlak van volwassenheid hang van onsself af. Die Bybel sê: *"Werk jou eie verlossing uit met vrees en bewing*" en om God en God alleen te vertrou om ons te help. Moenie blindelings enige mens volg of blindelings glo wat deur enigiemand gesê word nie. Jy moet God soek, soek en jy sal vind, vra en dit sal vir jou gegee word. Spandeer

soveel tyd as moontlik saam met God. Bepeins alle dinge en die Heilige Gees sal jou help.

Onthou die Heilige Gees is nie ’n ATM nie. Ons kan nie verwag dat die Heilige Gees moet dadelik antwoord as ons vra nie. Ongeduld is ’n demoon. As ons wag vir die antwoord dan weet ons dit kom van die Heilige Gees.

Om die geestelike realm te verstaan, moet ons, ons fisiese verstand oplei om in die geestelike realm te dink. Ons moet 'n punt bereik waar ons in staat is om in die Gees te wandel. Met ander woorde ons moet die paadjie loop wat die Heilige Gees aandui. Ons moet ons lewe en die reis waarop ons in die lewe is, beplan om te verseker dat ons by die bestemming beland waar ons die ewige lewe sal hê. Ons moet onsself voorberei op die ewige lewe. Ons moet ten alle koste wegbly van die stortingsterrein, die bodemlose put genaamd die hel.

Hoe wandel ons in die Gees? Die oumense het altyd vir die kinders gesê: “daar is twee engeltjies wat op hulle skouers sit. ’n Goeie engeltjie en ’n slegte engeltjie. Julle moet vir die goeie engeltjie luister.”
Kinders van God het die Heilige Gees wat vir hulle se wat reg is maar die onrein geeste sal altyd die teenoorgestelde te doen. Luister na die Heilige Gees en verwerp die onrein gedagte elke keer as dit in jou kop inkom en doen wat vir jou gesê word.

Op hierdie stadium raak dit baie moeilik vir Satan en sy demone om ons met sy slagspreuk – “Kill the Farmer/Kill the Boer” te intimideer. Ons weet nou waar

kom dit vandaan en wat sy doel is. Satan het reeds die stryd teen God verloor. Hy het nooit enige kans gehad nie maar soos ’n Foxterriër hou hy aan probeer. Sy ego is groter as sy verstand. Ons moet egter volhard in die stryd. Party mense vaal reg voor die wenstreep. Ons moet uithou en aanhou ongeag wat ook al gebeur. Die kool is die sous werd.

Ons sal later gesels oor “Kill the farmer/Kill the Boer” in die fisiese realm want dit is ook ’n demoon wat ons moet oorkom.

Die geestelike realm het geen tyd nie. Daar is geen gister nie en geen môre nie. Daar is net nou-die hede . Dit is waarom daar in die ewigheid, net “nou” is. "Nou" het geen begin nie en dit het geen einde nie. Jy kan nie wegbeweeg van "nou" af nie, want jy het 'n toekoms nodig om weg te beweeg van die hede en "nou" het geen toekoms nie. Dit is waarom, wanneer jy die ewigheid bereik, sal jy bly waar jy is, vir ewig. As jy in die Hel beland, sal dit vir ewig wees. Vir ewig het geen ontsnapping nie en daar is geen tweede kans nie. Jy sal vir ewig daar wees. Pyn en leiding sonder ophou.

In hierdie geestelike realm slaap jy nie, jy raak nie moeg nie, en jy eet nie kos nie. Die geeste wat reeds daar is, slaap nie en hulle word nie moeg nie. Bose geeste voer voortdurend oorlog teen die mensdom. Satan en sy bose geeste het slegs een doel. Hulle maak dood, steel en vernietig. Hulle is soos 'n geestelike kanker wat voortdurend probeer om alles wat goed is en almal wat

goed is, dood te maak, te steel en te vernietig. Almal wat aan God behoort.

Bose geeste vergader elke dag om planne te maak teen ons. Hulle staan by die deur en wag vir ons. Hulle wag vir ’n geleentheid om ons onkant te betrap. Hulle ken ons baie goed, weet van al ons ou swakhede en tekortkomings en probeer aanhoudend om ons terug te vat na ons ou sondige lewe. En net soos onwettige plakkers wat iemand se grond inneem, so kom die demone en neem mense in as die hek oop is. Onthou ons het ’n oor-hek, ’n oog-hek en ’n mond-hek. Maak seker al drie is altyd toe.

Om ’n voorbeeld te noem. David het sy oog-hek oop gemaak deur te kyk waar hy nie moes kyk nie. Omdat hy aanhou kyk het, het die demoon beheer oor geneem van sy luste en die demoon het gemanifesteer in David se daad van ontug. David het gemeenskap met ’n demoon gehad. Die demoon het weg gekruip in Batseba se liggaam.

Dit is hoe demone werk. Demone wil drank hè, plesier hè, genot hè, kos hè (gulsigheid/vraatsug), vloek, skinder, beswadder, lieg, bedrieg, ens. Die demone gebruik mense om dit te kan doen. Demone gaan in die mens in en sodoende kry die demoon wat hy wil hè as hy die mens gebruik om te doen wat hy wil hè. Die mens doen die sonde en die demoon kry die plesier en na die tyd sit die mens met die nagevolge. Sien jy hoe slim die demone is.

Ons normale fisiese gedagtes kan nie die geestelike realm heeltemal verstaan nie. Dit is slegs wanneer 'n gees ons binnegekom dat ons meer oor die geestelike wêreld kan verstaan. Daarom is dit van kardinale belang dat ons die kennis moet hê om tussen God en Satan te kies.

Van Adam en Eva se tyd is dit die belangrikste besluit wat die mensdom moes maak. God het vir Adam en Eva gesê moenie eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Hulle het vir God by hulle gehad. Al wat hulle moes doen was om by God te bly en nie na Satan te luister nie. Maar Satan was te slim vir hulle. Daarom moet ons die Heilige Gees in ons kry sodat ons ’n helper het om teen Satan te veg. Satan laat mense twyfel. “Is dit regtig so belangrik”; “Het Hy regtig dit gesê”; “Is jy seker dit is wat dit beteken”; “Gaan dit regtig verskil maak”; “Sal iemand weet wat jy doen”; ens.

As ons God kies, sal die Heilige Gees ons binnekom en ons sal begin om die geestelike realm van God te verstaan en so in die hemel beland. As ons Satan kies, sal 'n demoon ons binnekom en ons sal op die pad na die bodemlose put genaamd die hel gelei word. Ons gedrag en ons taal sal ’n teken/bewys wees van die gees wat in ons is. Spreek ons lewe of spreek ons dood.

Die Heilige Gees werk in ons gedagtes om so ons gedagtes te bekeer en om ons in staat te stel om die geestelike realm te verstaan. Ons moet 'n nuwe skepping word om ons in staat te stel om 'n kind van God te wees. Meeste mense word as kinders van Satan

gebore en sal by Satan bly, tensy of totdat hulle geestelik weer gebore word as kinders van God. As kinders van God is ons vreemdelinge op aarde omdat ons reeds die ewige lewe in die hemel het. As vreemdelinge op aarde het ons teikens op ons rug. Satan se vurige pyle sal voortdurend probeer om die teiken te tref. Almal wat teen God is sal teen jou wees. Almal wat God verwerp sal jou verwerp. Almal wat God vermy sal jou vermy.

Om gebore te word as geestelike kinders van Satan, het mense 'n nadeel in dat Satan en sy bose engele alles moontlik sal doen om alle mense by hom te hou. Daarom moet ons veg om weg te kom en te veg om weg te bly van Satan. Ons moet veg om 'n blyplek in die Hemel te beveilig. Ons moet veg sodat ons nie slag offers van “Kill the Farmer/kill the Boer” word nie. Hierdie slagspreuk probeer jou beangs maak sodat jy ’n geestelike deur oopmaak en die “Gees van vrees” in laat. Daarna nooi hy al sy vriende in en jy is op die afdraande pad.

God het vir ons Sy woord, in die Bybel, gegee om ons te help in ons stryd. Die Bybel voorsien al die antwoorde wat ons nodig het om die goeie stryd te stry en op die ou end seëvierend te wees. Al wat ons hoef te doen is om die Bybel te bestudeer en die Heilige Gees te vra om dit aan ons te verduidelik. Hoe meer ons die Bybel bestudeer hoe meer sal ons verstaan. Ons moet nooit ophou om die Bybel te lees nie. Ons moet dit lees en dan elke deel bepeins en in die proses sal die Heilige Gees ons help en antwoord. Doen dit in stilte want dit

is slegs as ons dit in stilte doen dat ons verseker kan weet dat dit God is wat ons antwoord. Satan kan nie ons gedagtes lees nie maar die Heilige Gees kan.

Die Bybel is vir God se mense geskryf. God kommunikeer met Sy kinders deur die Bybel en deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees verduidelik die Bybel aan ons terwyl ons dit lees en terwyl ons nadink oor die Bybel se woorde. Ons moet dit aanhoudend herkou soos ’n koei sy kos herkou.

Selfs die diere is vir ons gegee as voorbeelde van hoe en wat ons moet doen. Soos diere wat hulle kos herkou moet ons ons geestelike kos herkou. Ons moet nie soos die varke leef nie. Varke gaan gedurig terug na die modder en meng hulle kos met modder. Soos arende wat sweef moet ons streef na wat daar bo in die derde hemel is. Kyk na al die diere wat rein is en jy sal iets leer van hulle. Kyk na al die onrein diere en sien wat jy nie moet doen nie. Sien die geestelike kos.

Daar is baie voorbeelde in die Bybel wat vir ons wys hoe God die geestelike wêreld aan Sy kinders geopenbaar het. Een van die beste voorbeelde van natuurlike en geestelike onderskeiding is in II Konings 6 aangeteken. Dit bevat die verhaal van 'n natuurlike stryd waarin troepe van Sirië in 'n klein dorpie genaamd Dotan ingeval het, waar die profeet Elisa gebly het. Toe Elisa se kneg, Gehasi, die groot leërskare van die vyand gesien het, het hy bang geword. Elisa het gebid dat God Gehasi se geestelike oë sou oopmaak sodat hy die engele leërskare rondom kon sien wat hulle beskerm.

Op die geleentheid, het God die oë van Gehasi oopgemaak en hom toegelaat om die ywerige magte van God te sien.

Die storie van hierdie stryd by Dotan is soos huidige geestelike toestande in die kerk. Daar is mense, soos Elisa, wat duidelik in die realm van die gees sien. Hulle weet daar is 'n tweestryd en hulle het die vyand geïdentifiseer. Hulle erken ook die groter mag van God wat die oorwinning verseker.

Daar is ander soos Gehasi, wat met 'n bietjie bemoediging in staat sal wees om hulle geestes oë oop te maak en nie meer bang te wees vir en verslaan te word deur die vyand nie. Maar dit is jammer dat daar baie mense is wat soos diegene in die stad Dotan geestelik slaap. Hulle weet nie eens die vyand is besig met die aanval nie.

## GEESTELIKE KONINKRYKE

Daar is twee geestelike koninkryke: Die Koninkryk van God (YHWH) en die koninkryk van Satan. Elke persoon wat lewe, is alreeds 'n inwoner van een van hierdie twee koninkryke.

Die Koninkryk van Satan bestaan uit Satan, geestelike wesens genaamd duiwels, en alle mense wat in sonde verval het en in rebellie teen God se Woord leef.

Die Koninkryk van God bestaan uit God, God se Engele en alle mense wat God(YHWH) aanbid.

Die Koninkryk van God is nie enige aardse kerk nie. Dit is in die hemel. Denominasies is mensgemaakte organisasies wat kerke genoem word. Hulle is gestig vir praktiese doeleindes deur organisasies en administrasies. Hulle het elk hulle eie naam. "Die ...... kerk." Almal is verskillend. As kerke die kerk van God was sou daar net een kerk gewees het. Verskeie geboue maar almal dieselfde naam.

Wat baie mense kan skok, is dat die Bybel vir ons sê dat God mense uit alle nasies roep. Dit beteken dat God mense uit alle nasies roep, ongeag die aardse kerk waarin hulle is. God roep selfs mense wat nie in enige kerk is nie en God roep ook mense wat Sataniste is of enige van die nie-Christelike godsdienste. Ons siele het geen velkleur en geen taalvoorkeur nie. Geestelike wesens het geen seksuele oriëntasie nie. 'n Siel is nie manlik of vroulik nie, dit is 'n geestelike wese. Ons liggame is houers wat ons siele huisves terwyl ons op aarde is. Ons siele verouder nie, ons siele lewe vir ewig. Die vraag is – waar?

Die Bybel praat van die ware Kerk wat nie 'n denominansie of religieuse organisasie is nie. Die ware Kerk bestaan uit almal wat inwoners van die Koninkryk van God is. Almal wat God (YHWH) aanbid in die Gees en in Waarheid. Daar is net een Heilige Gees en net een Waarheid – Jesus/ (Yeshua).

Die grootste skok vir kerkgangers gaan eendag wees wanneer hulle besef die sogenaamde kerk waaraan

hulle behoort het, het hulle reguit na die Hel gelei. Die Bybel sê duidelik slegs 'n "Remnant" 'n "Oorblyfsel" sal hemel toe gaan. Meeste mense wat kerk toe gaan sal nie hemel toe gaan nie.

In die natuurlike wêreld bestaan die Koninkryk van God uit individue. Dit is elke man, vrou, seun of meisie wat Jesus as Leier en Verlosser aangeneem het en wat God (YHWH) in die Gees en in Waarheid aanbid en loof. Al hierdie mense saam vorm die ware kerk. Elke gelowige is 'n boublok in die geestelike kerk- die derde Tempel. In die toekoms, sal daar 'n manifestasie van God se Koninkryk wees en al God se kinders sal saam by mekaar wees en God aanbid en loof vir ewig.

**DIE ONSIGBARE OORLOG**

Die onsigbare geestelike oorlog is 'n stryd wat alle mense betrek. Omdat die Koninkryk van Satan 'n geestelike koninkryk is... "*want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel.." (Ef. 6:12).*

Geestelike oorlogvoering is "multi-dimensioneel", wat beteken dit word in verskillende dimensies geveg. Elke persoon wat lewe, is betrokke in hierdie stryd, of ons dit besef of nie. Daar is geen neutrale grond nie.

Ongelowiges (diegene wat nie ten volle op God vertrou nie (Vader, Seun en Gees) is in bose slawerny en bly gevange gehou deur vyandige magte.

God se kinders is vrygemaak van die vloek van sonde en hulle is mag gegee om boosheid deur Jesus Christus te oorwin en is oorwinnaars, maar hulle word steeds deur die oorlog geraak.

"Stoei" is 'n noue persoonlike geveg. Die Bybel sê ons stoei met bose magte. Niemand is vrygestel van hierdie stryd nie. Niemand kan dit van 'n afstand af staan en bekyk sonder om betrokke te wees nie.

Jy is in die midde van die konflik of jy dit wil weet of nie. As jy dink jy kan dit vryspring of dit sal beter word, is jy verkeerd. Die Christelike oorlogvoering hou nooit op nie. As dit vir jou voel asof jy in geen stryd is nie moet jy bekommerd wees want dan sien Satan nie die nodigheid om jou te betrek nie. ’n Onaktiewe soldaat is net dieselfde as die vyand en miskien nog erger want so ’n mens is net in die pad en is ’n struikel blok.

## WAAR DIE STRYD WOED

Hierdie onsigbare oorlog word op aarde en in hemelse plekke gevoer en in ons koppe. Satan veg om beheer oor die koninkryke van die wêreld te handhaaf. Hy wil nie hê mense moet onder God se gesag kom nie. Die stryd woed ook in die harte, gedagtes en siele van mense. Satan verblind die gedagtes van gelowiges en ongelowiges en val gelowiges aan op alle gebiede insluitend aanbidding, daaglikse wandel en werk vir God. Satan se onrein geeste se woning is die tweede hemel en hulle werksplek is die eerste hemel en die aarde.

In die Bybel is Ananias, 'n Christin, en is gevra waarom het hy toegelaat dat die duiwel sy hart binnekom? Hoe het hulle geweet dat Hy vir die Heilige Gees gelieg het? Die Heilige Gees was in hom toe hy toegelaat het dat die duiwel in hom ingaan. Toe het die duiwel hom ontbloot want Satan wou alleen mag oor hom hê. Hy het die duiwel in sy gedagtes toegelaat en die duiwel het sy dade beheer.

So doen hy met ons almal en ons kom dit nie eers agter nie. Dinge wat ons doen en goed wat ons sê kom reguit van die duiwels af in ons kop in en uit ons monde en ons dade. Daarom se die Bybel – beproef elke gedagte wat in jou kop kom. Is dit jou eie, of kom dit van God, of kom dit van Satan af. Baie min gedagtes is ons eie. Die stryd woed in ons koppe. Selfs mense soos Stalin het gesê: "Ons sal die oorlog wen as ons die harte en die gedagtes van mense wen". Jy kan self uitwerk wie in beheer van Stalin se gedagtes was.

**DIE KERK VANDAG**

In die natuurlike wêreld is 'n koning die soewereine heerser van 'n koninkryk. Al die grondgebied en mense in die koninkryk behoort aan hom. Hy het die krag van lewe en dood oor sy mense. Dieselfde is waar in die geestelike wêreld. Jy is óf deel van die koninkryk van God óf die koninkryk van Satan. Óf God óf Satan het mag oor jou lewe.

Een van die gelykenisse wat Jesus vertel het, illustreer dat alle mense óf deel is van die koninkryk van Satan of die koninkryk van God. Jesus het die wêreld met 'n stuk grond vergelyk. Die goeie saad in die grond was kinders van die koninkryk van God. Die slegte saad wat gelei het tot die groei van onkruid (onkruid), was kinders van die goddelose: *"Die land is die wêreld; die goeie saad is die kinders van die Koninkryk; maar die onkruid is die kinders van die bose." (Mattheus 13:38).*

Die Bybel help ons om die wêreld beter te verstaan. Die Israeliete was in Egipte en Moses is deur God gestuur om hulle uit te lei na die beloofde land. Netso is mense vandag in die geestelike Egipte. Egipte verteenwoordig Satan se koninkryk. Moses het ’n soortgelyke rol as Jesus vervul. God het Jesus gestuur om sy kinders uit slawerny te bevry.

Die Bybel leer dat alle mense in sonde ontvang en gebore word . Dit beteken dat ons 'n basiese sondige natuur of die "saad" van sonde binne in ons het. Ons natuurlike neiging is om kwaad te *doen: " Let op, in morele boosheid is ek gevorm en in sonde het my moeder geboorte gegee aan my. " (Psalm 51:5).*
*" net soos deur die hand van een mens die sonde in die heelal ingekom het, en deur die sonde die dood , en die dood só na alle mense toe deurgekom het omdat almal gesondig het.. "* (Romeine 5:12)

*" want almal van hulle het gesondig en kom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God kort."*
(Romeine 3:23)

Omdat ons met 'n basiese sondige natuur gebore is, was ons almal op 'n tyd deel van die Koninkryk van Satan. Almal wat sondaars bly, bly deel van die Koninkryk van Satan. Dit is alles deel van God se plan. God se kinders moet die bose oorkom, moet uit Egipte kom, moet deur die woestyn gaan.

Daar is slegs twee afdelings in die onsigbare oorlog. Jesus het gesê, *"Hy wat nie met My is nie, is teen my"* (Lukas 11:23). Jy kan nie neutraal wees in hierdie geestelike oorlog nie. Jy is aan die een kant of die ander. Jy is ’n Israeliet of jy is ’n Egiptenaar.

Jy maak dood met mond en hand of jy help lewe met mond en hand. Wat is jou slagspreuk? Is jy alreeds dood of strewe jy na die ewige lewe.

Sommige gelowiges, as gevolg van hulle vrees vir konfrontasie met die vyand, probeer om die oorlog te ignoreer. Hulle dink as hulle Satan ignoreer, sal hy hulle nie pla nie. Dit is een van Satan se belangrikste strategieë. Satan oortuig mense dat die Volstruis benadering werklik werk. Steek jou kop in die sand, as ek jou nie kan sien nie, dan kan jy my nie sien nie. Min wetende dat Satan daardie mens se kop onder die grond hou.

Daar is geen neutraliteit in hierdie oorlog nie. Jy is óf 'n slagoffer óf oorwinnaar. Is jy aan die kant van goed of van boosheid? Is jy deel van Satan se koninkryk of die koninkryk van God?

Waar staan die kerk vandag? Is die kerk dieselfde as wat dit 2000 jaar gelede was? Volg die kerk dieselfde leerstelling van verlossing as wat hulle 2000 gelede gedoen het?

Dit hang af wie die kerk is. Ons moet die woord kerk definieer. Kerk soos ons dit ken, het ongelukkig in twee groepe verdeel. Die Christene en die Kerkers. Dan is daar nog die probleem dat die woord Christin, ’n vloek woord geword het. Ja daar word meer onheilige dinge in die naam van Christenskap gedoen as wat daar goed gedoen word. Meer as honderd jaar gelede was daar al gelowiges wat wou wegdoen met die naam Christin. Vir nou sal ons bly by Christin maar spesifiseer dat Christin is ’n mens wat ’n kind van God is.

Die Christene is die kinders van God (YHWH) wat reeds 'n plek in die hemel het. Die Kerkenaars is sogenaamde Christene wat nie eens weet waarin hulle regtig glo nie. Hulle is bloot tradisionele Kerk mense, of 'n mens kan hulle gewoonte Christene of sosiale Christene of finansiële Christene noem. Hulle is nie God se kinders nie. Vir hulle is dit net 'n sosiale klub. Hulle weet nie eers wie die ware God is nie. Ons sal later die woord god van nader bekyk. Orals waar die woord God voorkom bedoel ons YHWH is ons God. Sommige van julle kan dalk alreeds die probleem sien. As ons sê YHWH is ons God dan sê ons God se naam is YHWH. Die woord God is nie ’n naam nie, maar ons hou dit vir later.

God se kinders kan nie getel word nie en selfs 'n skatting sal onmoontlik wees. Slegs God ken die getal. Ons hoef nie te weet hoeveel die "kinders van God" is nie. Ons moet egter seker wees dat ons kinders van God is. Ons is geroep om die Evangelie te versprei en om die goeie werke te doen wat God vir ons beplan het, maar dit sluit nie die tel van getalle in nie. God ken die getal, waarom sal Hy wil hê enigiemand van ons moet dit weet.

Dit is jammer dat die meeste denominasies en Christelike organisasies die slagoffers van Satan se aanslag geword het. Die verwysings wat in Openbaring en elders gevind word, is duidelik dat die meeste indien nie alle denominasies vir Satan se bose taktiek geswig het en hulleself aan soveel sondes skuldig gemaak het.

Ek hoor nou die dag hoe iemand dit verduidelik. Hy se: Hy het ’n jong man geken wat Jesus gevind het en toe besluit die jongman om ’n pastoor te word. Hy vind toe ’n kerk en studeer en word ’n pastoor. Mense hoor toe van die nuwe pastoor wat so goed is en gaan na sy kerk toe. Mense was vasgevang deur sy persoonlikheid en het opgesien na hom. Die mense was so beïndruk met die pastoor dat hulle nooit die nodigheid gesien het om vir Jesus te vind nie. Satan het hulle so op die pastoor laat fokus dat hulle die pastoor aanbid het en nooit vir Jesus gevind het nie.

Vra vir mense hoekom hulle kerk toe gaan. Nie een van hulle sal sê ek gaan om God te ontmoet deur gemeenskaplike aanbidding nie.

Geld, ego, musiek, vermaak en afgodery het die hooffokus van baie denominasies en organisasies geword. Hulle floreer as ’n besigheid maar hulle vergaan geestelik weens 'n gebrek aan kennis. Hulle weet nie genoeg van Satan om hulself in staat te stel om boosheid te oorkom nie. Hulle hou aan om in dieselfde strik te val. Die lokval wat deur Satan gestel is. Ego, geld, roem en genot die wapens van vernietiging.

Wanneer 'n denominasie, tradisie, gewoonte en gebruik belangriker word as God, het afgodery oorgeneem en hulle dien God nie meer nie. Hulle dien hulleself. Dit geld ook vir die leiers. Lidmate gaan kerk toe om die persoon te aanbid, hulle aanbid God nie meer nie. Die leier het “Lucifer” geword. ’n Wolf in skaapsklere.

Baie mense gaan kerk toe om te kry wat God vir hulle kan doen en nie as gevolg van wie God is nie. Hulle aanbid die voordele wat dit meebring, hulle vergeet daarvan om God self te aanbid.

Die Bybel waarsku ons: *"Werk jou eie verlossing uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil en te doen tot Sy* welbehae." Wie is jou God? Waar is jou skat? Waar jou skat is, daar sal jou hart wees, waar jou hart is daar sal jou siel wees, waar jou siel is daar sal jou ewigheid wees.

Filippense 2:12. Moenie op enigiemand behalwe God die Vader, die Seun en die Heilige Gees vertrou nie. Die Bybel sê vir ons: *"God het die wêreld so liefgehad dat*

*Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat op Hom vertrou, die ewige lewe* sal hê" Joh. 14:6. Jesus het gesê: *"Yeshua antwoord hom: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie.*" Jesus gaan voort deur te sê: "*Die Vader sal vir jou 'n helper (die Heilige Gees) stuur om by jou te wees, Hy sal jou lei in alle dinge."*

Bestudeer die Bybel en God sal jou lei en jou leer. Hoe meer tyd jy met God deurbring, hoe meer sal God Sy woord aan jou openbaar. Hy wat het sal meer ontvang maar hy wat net 'n bietjie het, die bietjie sal ook weg geneem word.

Bevraagteken alles wat van 'n ander mens kom. Toets die geeste om te verseker dat jy nie na 'n misleidende gees luister nie. Vertrou God(YHWH) en Hom alleen. Moenie opgesweep raak of bang gemaak word deur mense met onrein geeste wat woorde van dood spreek nie.

**WORD 'N KRYGER IN DIE LEËR VAN GOD**

Alle leërs in die natuurlike wêreld het induksie prosedures - spesiale dinge wat jy nodig het om te doen om aan te sluit.

Niemand kan in 'n oorlog veg, tensy jy goed voorbereid, gemotiveerd, ingeskrewe, toegerus en fisies fiks is nie. In God se leër is soortgelyke beginsels van toepassing. Ons moet goed voorbereid, gemotiveerd, ingeskrewe,

toegerus wees en geestelik fiks wees, en ons moet vreesloos wees.

In die natuurlike wêreld, wanneer 'n soldaat by 'n leër aansluit, moet hy enige vorige lojaliteit wat hy aan 'n ander leër of land het, verwerp.

Om 'n kryger in God se leër te word, moet ons ons eie huis in orde kry voordat ons die stryd veld kan binnegaan. Ons moet onsself skoonmaak van alle moontlike geestelike siektes. Ons moet onsself immuniseer om toekomstige besmetting te voorkom.

’n Soldaat moet so voorbereid wees dat hy op sy eie, alleen, die geveg kan oorleef. Hy moet die kennis, toerusting en voorrade hè wat sal verseker dat hy kan oorleef.

**Bekering**

Om by die leër van God aan te sluit, moet jy jou alliansie met Satan verbreek. Jy kan nie ’n twee gat jakkals wees nie.

Bekering is 'n geestelike vernuwing, 'n ommekeer, 'n verandering van hart, siel en verstand wat lei tot die uiterlike aksie om God en God alleen te aanbid en dien. Handelinge 26:20 noem dit *"bekering tot God." om weg te draai van die sonde, na God toe en die dade te doen wat pas by een wat teruggedraai het na God toe. "*

Deur daadwerklik om te draai weg van jou sonde en die koninkryk van Satan te verlaat. Jy kan nie ’n gesplete

persoonlikheid hè nie. As jy het beteken dit dat die ander persoonlikheid in jou, 'n onrein gees is.

Bekering is 'n baie opregte en persoonlike besluit om jou getrouheid van die koninkryk van Satan na die Koninkryk van God te verander. Hierdie verandering van verstand en wegdraai van sonde kan nie deur jouself gedoen word nie. Dit is die krag van God wat die verandering in jou verstand, hart en lewe bring.

Bekering is 'n gawe van God: *"Dit is nodig om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense. Die God van ons voorgeslagte het Yeshua, wat julle vermoor het deur Hom aan 'n hout op te hang, laat opstaan. Hom het God as Hoof en Lewegewer aangestel en Hom aan Sy regterhand verhef om aan Yisra'el erkenning, berou en vergifnis van sondes te gee en ons, asook die Gees wat Afgesonderd is wat God gegee het aan die wat in Hom vertrou, is Sy getuies van hierdie dinge."* Handelinge 5:29

Alhoewel ware bekering emosioneel kan wees, is ware bekering 'n besluit, nie net emosie nie. Hartstogtelike berou vir sonde en die vergieting van trane is nie genoeg op sigself nie. Dit moet gepaard gaan met 'n innerlike besluit wat lei tot 'n uiterlike verandering.

**DIE BELANGRIKHEID VAN BEKERING**

Bekering is belangrik Lukas 13:4-5" *"Dink julle dat hierdie manne van die Galila groter sondaars was as almal van die Galila omdat dit met hulle gebeur het?*

*Nee, Ek sê vir julle; inteendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so vernietig word. Of daardie agttien wat dood is toe die toring van Shiloag op hulle geval het; dink julle dat hulle meer sondig was as al die mense wat in Yerushalayim bly? Nee, Ek sê vir julle; inteendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so doodgaan." (Geestelik dood gaan)*

Bekering is 'n vasbeslote wegdraai van sonde en van Satan (Amos 3:3). *"Kan twee saam loop, tensy hulle ooreengekom het?"*. As ons sondig, stem ons saam met Satan en dan wandel ons met hom. Ons kan nie terselfdertyd met Jesus en Satan saam wandel nie, want as ons by Satan is sal Jesus nie saam wandel nie, hulle wandel op verskeie weë.

Ons moet besluit en wegdraai van Satan en Jesus volg. Dit beteken ons moet berou hè omdat ons saam met Satan gewandel het. Hom aanbid het.

'n Mens moet sy sondes verafsku (Eseg. 20:43-44). "*Daar sal julle al jul lewenswyses en al julle dade waarmee julle jul verontreinig het onthou en julle sal julself verafsku in julle eie oë vir al die bose dinge wat julle gedoen het.* " Ons moet haat wat verkeerd is om ons werklik te bekeer.

2 Korintiërs 7: "*Of watter ooreenstemming het dié Gesalfde Een met die teëstander (demone); of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige? Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê*

*is: "Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees."* "As gevolg hiervan," sê YHWH, "*gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,"* sê YHWH.

Bekering is die verwerping van die bose, in Mathew 3:7-8 het Johannes die Doper gesê toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs sien kom het na sy doop: *"Met erkenning en aflegging van hulle sondes, is hulle deur hom in die Yardenrivier gedoop, maar toe Yoganan baie van die Fariseërs en Saduseërs sien kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: "Nageslag van Adders! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die komende straf? Produseer daarom vrugte wat waardig is aan een wat weggedraai het van sy sondes na God toe ".*

As jy jou bekeer, moet jy dit ook alle euwel heeltemal laat vaar deur alle literatuur en items wat met daardie sonde geassosieer word, te vernietig en nie meer te sondig nie. (Handelinge 19:18-19). "*Baie van die wat vertrou het, het gekom en erken wat hulle gedoen het en dat dit verkeerd was; heelwat van die wat met towery omgegaan het, het die boekrolle saamgebring en voor almal verbrand en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwer stukke was. So het die vertroue in God kragtig in krag gegroei."*

Ons kan ons nie bekeer en terselfdertyd vashou aan dit wat ons van bekeer het nie. Ons moet alle literatuur,

alle kontakte, alle verhoudings vernietig wat ons verbind met die boosheid waarvan ons wegdraai. Ons dade moet ons woorde bevestig.

Om God te vra vir vergifnis van al ons sondes, is noodsaaklik. Demone en bose geeste kry toegang as gevolg van ons sondes, ongeregtighede en oortredings. Die demone en bose geeste sal ons nie verlaat totdat ons ons bekeer het en totdat ons vergifnis van God ontvang het vir ons sondes nie. Solank ons aan die sonde vashou, bly die geestelike hek oop en die demone het die reg om te bly en ons te teister.

Nou moet jy mooi oplet.
As ’n persoon ’n oop geestelike hek het wat die demone die reg gee om die persoon te teister, kan die persoon nie die demone in ’n ander persoon bestraf en bind nie want die persoon het self die hek oop gelos sodat die demone kan inkom.

Ons moet ook weet dat mense is almal soort gelyk. Alle mense is gemaak van vlees en bloed. Vlees en bloed op hulle eie kan nie boos wees nie. Om boos te wees moet die liggaam ’n siel, gees en verstand hè wat die liggaam beheer. ’n Mens wat bose dade doen word deur ’n bose gees en siel beheer. Iemand wat ’n rein gees en siel het kan nie bose dade pleeg nie. Dit wil sê dat as ons die bose gees in die persoon, kan beheer, dan kan ons die persoon se gedrag beheer.

Nou moet jy kop hou!

As jy in die Gees wandel kan jy die bose gees in 'n aanvaller bestraf en bind en beveel om weg te gaan en jou nie aan te val nie. Die bose gees in die persoon moet luister en as die bose gees luister sal die gedagte van moord uit die persoon se gedagtes weg gaan. Dit kan slegs gedoen word as jy volle vertroue in Jesus en die Heilige Gees het. Jy moet geestelik op die water kan loop. As jy vertroue in Jesus het kan jy berge versit. Jesus gee ons die gesag om in Sy Naam demone te bestraf en te bind en te beveel om te doen wat ons hulle beveel. Dit is in werklikheid Jesus wat die demoon beveel en die Heilige Gees dryf dan daardie onrein gees weg van ons. Net die Heilige Gees het die mag om die demoon uit te dryf. Hierdie bestrawwing en binding van onrein geeste moet dus eers op ons self toegepas word en daarna kan ons dit gebruik om ons te beskerm teem aanvalle. Dit is waarom ons die volle wapenrusting van God moet aanhê. Nou kan die slag spreuk "kill the farmer kill the Boer" vernietig word deur die demoon wat dit uiter te bestraf en te bind in die Naam van Jesus.

Hierdie beskerming wat ons het is ongelukkig nooit vir ons geleer nie. Die geestelike leiers weet nie eers dat dit gedoen kan word nie. Dit is baie tragies dat so baie mense moet dood gaan en lei en die geestelike leiers sit met hulle hande gevou. Hoeveel pastore word gekaap en beroof en hulle staan magteloos en toekyk.

Onlangs het 'n pastoor bevryding gedoen en een man het hom aan die keel gegryp en begin wurg. Die pastoor het die demoon bestraf en gebind in die Naam van

Jesus en hom beveel om hom te los. Die man het sy greep verslap en terug gestaan. Die pastoor het toe die demoon uit gedryf en die man was dood kalm.

**BEGIN OM IN DIE GEES TE WANDEL**

"*Ons wandel deur vertroue, nie deur sig nie."* (2 Kor. 5:7.) Hoe kort is hierdie beskrywing van regte Christene! En tog hoe uitermate treffend! Dit som die hele belewenis van diegene wat werklik so is op, vanaf die weder geboorte totdat hulle onafskeidbaar van Hom wandel. Let wel nie net geloof nie maar ook volle vertroue. Selfs Satan glo in Jesus en in God maar hy vertrou nie op hulle nie.

Want, wie is die "ons" van wie hier gepraat word? Almal wat ware Christin gelowiges is. Almal wat nie net kerkers is nie, maar kinders, van God is. Almal wat kan sê: "*die Gees van aanneming, roep in hulle harte, Abba, Vader."* Almal wat weet "die *Gees van God getuig saam met hulle siel, dat hulle die seuns van God is."*

Al hierdie mense, en hulle alleen, kan sê, *"Ons wandel deur vertroue, en nie deur sig nie."* Ons "*wandel deur vertroue"* omdat ons deur vertroue lewe, en nie deur sig nie. En aan alle opregte Christene het ons Meester gesê, *"Omdat ek leef, leef julle ook*:" Nie fisies nie, maar geestelik. ’n Kind van God het alreeds die ewige lewe. Dit is hoekom ons kan juig as ’n kind van God sterwe want die kind gaan terug huis toe na sy Vader in die hemel.

Al die kinders van mense wat nie wedergebore is nie "*wandel deur sig.*" Hoe anders is die wêreld vir diegene wat *"wandel deur vertroue!"*

God, nadat "*die oë van hulle verstand oopgemaak is,*" stort goddelike lig in hulle siele, waardeur hulle in staat is om die onsigbare te sien, om God en die dinge van God te ken. *"Die oog het nie gesien en die oor het nie gehoor en dit het nie in die gedagtes van 'n mens opgekom, dít wat God voorberei het vir dié wat Hom lief het nie." Ja* God openbaar van tyd tot tyd aan hulle, deur die *"funksie van die Heilige Gees, wat hulle alle dinge leer."*

Hulle kan die Allerheiligste binnegaan deur die bloed van Jesus. Hulle kan almal sê,*" dit is nie meer ék wat self leef nie, maar dié Gesalfde Een leef in my. Die lewe wat ek nou in die menslike natuur leef, leef ek in die natuur van die Seun van God, wat my liefgehad het en Sy lewe vir my gegee het;"* [Gal. 2:20].

Ons wat deur geloof en vertroue lewe, wandel in die Gees. Ons reguleer al ons besluite aangaande goed en kwaad, nie met verwysing na sigbare en tydelike dinge nie, maar na dinge onsigbaar en ewig. Ons beskou sigbare dinge van min waarde, omdat dit soos 'n droom verbygaan; maar ons reken onsigbare dinge as van hoë waarde, omdat hulle nooit sal verbygaan nie. Wat ook al onsigbaar is, is ewig; die dinge wat nie gesien word nie, vergaan nie.

Ons moet alles evalueer wat plaasvind: "Watter invloed het dit op ons ewige bestemming?" Ons moet al ons woede en passies, al ons begeertes, vreugdes en vrese op hierdie standaard evalueer. Ons moet al ons gedagtes, al ons woorde en dade beheer, om ons voor te berei op die onsigbare en ewige wêreld waarheen ons binnekort sal gaan. Ons woon nie, maar kamp net hier; ons is nie op soek op die aarde vir ’n tuiste nie, maar ons is op reis na die ewige bestemming.

Elke mens moet eerlik met hom/haar self wees. Vra jouself "Wat soek ek dag vir dag? Wat begeer ek? Wat streef ek na? Aarde of Hemel? Die dinge wat gesien word, of die dinge wat nie gesien word nie?" Wat is ons doelwit, God of die wêreld? As die wêreld ons doelwit is in hierdie lewe, dan is ons doelwit ons godsdiens.

Wêreldse godsdienste lei duisende na die bodemlose put. Christelike godsdiens is nie moraliteit nie, dit is nie formaliteit nie, dit is nie kerkreëls nie, dit is nie blinde nakoming van aardse leerstellings nie. Nee: Christelike Godsdiens is niks minder nie as om in die ewigheid te leef en in die ewigheid te wandel in die liefde van God, in nederigheid, sagmoedigheid en in oorgawe.

**IDENTIFISERING VAN AL ONS SONDES**

'N Persoon wat siek is en dit nie weet nie, sal nooit na 'n dokter toe gaan nie. 'n Christin wat kreupel aan die binnekant is, maar wat dink sy lewe is normaal, sal God nooit vir genesing vra nie; en "*julle het nie omdat julle nie vra nie."* Baie Christene sukkel met groot

kwessies in hulle lewens, maar is onkundig oor die feit dat die oorwinning wat Jesus vir hulle aan die kruis behaal het, hulle nie net verseker van ewige verlossing nie, maar ook die sleutels tot genesing verskaf.

Ongelukkig glo baie Christene dat hulle gered en wedergebore is, en onaantasbaar is deur die duiwel en demone, ongeag wat hulle doen. Hulle besef nie dat een klein foutjie die deur kan oopmaak en kwaad 'n geleentheid kan gee om in te kom nie. Satan het sulke geestelike blindheid en valse oortuigings lief. Hierdie mense besef nie dat hulle nog ver van veilig af is nie. Dit is 'n swakheid in baie kerke. Hulle glo eens gered altyd gered. NEE, dit is ’n daaglikse oorlog om oorlewing.

Baie keer kom fisiese genesing eers wanneer ons innerlike geestelike genesing ontvang. Mense is gou om te bid vir fisiese genesing in plaas van te bid vir geestelike genesing.

Hier is ’n riglyn om moontlike tekens en oorsake te identifiseer wat struikelblokke of hindernisse kan wees:

- Herhaling van negatiewe gedrag
- Obsessies
- Behoort aan geheime organisasies – Vrymesselaars, Rotariërs, Broederbond, ens.
- Gedragsversteurings – enige abnormale gedrag
- Abnormale kleredrag.
- New-Age – invloede.
- Demoniese musiek – meeste musiek is sleg.

- Okkultisme.
- Antisosiale gewoontes.
- Pornografie.
- Gereelde Letsels – tekens van mishandeling.
- Verwarde of versteurde denke.
- Hallusinasies.
- Kompulsiewe gedrag.
- 'n Patroon van mislukking.
- Langdurige of ernstige depressie.
- Onvolwassenheid.
- Onverklaarbare siektes
- Verwaarlosing van persoonlike higiëne.
- Onbehoorlike angs en bekommernis.
- Te veel of te min slaap.
- Negatiewe selfbeeld en vooruitsigte .
- Uiterste aggressie.
- Risiko-neem.

Hierdie is net 'n paar voorbeelde. Die teenwoordigheid van enige van die bogenoemde simptome of tekens is 'n aanduiding eksterne invloed.

**Vergifnis**

God vergewe vrylik almal wat hulle sondes bely en vergifnis deur Sy Seun vra (1 Joh. 1:9). Hy verwag van ons om almal te vergewe wat ons ooit op enige manier verkeerd aangedoen het (Matt. 6:14-15). Gewilligheid om te vergewe is absoluut noodsaaklik (Matt. 18:21-35).

Jesus het ons geleer om te bid "*vergewe ons ons sondes as ons diegene vergewe wat teen ons sondig*". Ons moet

onthou dat God lig is en waar God is, daar geen duisternis moet wees nie.

Paulus het gesê hy het geveg omdat sy liggaam en verstand teen sy gees gerebelleer het. Ons gees wil doen wat goed is, maar ons liggaam en ons gedagtes doen soms wat verkeerd is. Ons moet voortdurend probeer om ons gedagtes en ons liggame in lyn te bring met ons siel deur na die Heilige Gees te luister. Dit is wat in die gees wandel, beteken.

Om haat en wrok in ons te hê, beteken dat ons duisternis in ons gedagtes het. Ons laat toe dat boosheid ons gedagtes beheer. Ons het almal 'n mate van duisternis omdat nie een van ons nog heeltemal geheilig is nie. Die vraag is of ons duisternis toelaat om ons te beheer en of ons in die lig wandel en elke dag van duisternis af probeer wegkom. Wanneer ons ons rug op duisternis draai en na die lig loop, bly ons rug steeds donker, maar ons loop voortdurend daarvan af weg totdat die duisternis nie meer bestaan nie.

Verlossing is 'n instrument om ons te help om die duisternis wat in ons gedagtes en liggame is, te verwyder, maar ons kan nie verlos word van boosheid nie, tensy ons almal vergewe wat ons op een of ander manier benadeel het. Hierdie vergifnis, soos met bekering, moet ware vergifnis wees. Ons moet opreg wees tot op die punt dat ons almal vrylaat wat ons benadeel het en dat ons vir hulle bid dat God hulle sal help en ook sal verlos.

**DIE BYBELSE SIENING**

Die onderwerp van geestelike oorlogvoering moet bestudeer word binne die konteks van God se totale doel vir die sondige mensdom. Deur die gelykenisse van die saaier en die onkruid te bestudeer, sien ons dat beide gelykenisse die koninkryk van God beskryf. Ons moet kan oorleef tussen die onkruid. Al probeer die onkruid ons dood druk en ons water en voedsel steel moet ons kan oorleef sonder om die onkruid uit te trek. Ons moet dus geen wraak gedagtes huisves nie, maar ons kan deur ons geestelike wapenrusting effektief te gebruik, die onkruid oorkom. Dit is hoe ons in geestelike oorvloed kan lewe. Ons maak staat op die Fontein en die Brood van die lewe. Ons ontneem nooit die onkruid die reg om te lewe nie. God beskerm ons en voed ons solank ons Hom gehoorsaam. Dit beteken ons moet ten alle tye baie naby aan God wees, ons kan vir geen enkele oomblik weg beweeg van Hom af nie. Regtig, geen oomblik nie. God het ons gemaak en Hy weet hoe Hy ons gemaak het. Daar is niks wat ons kan doen wat Hom sal skok nie, solank ons dit doen soos wat Hy ons beveel het om dit te doen.

Ons kan ook nie agteruit sit en verwag God moet die oorlog vir ons veg nie. Nee, ons moet self die wapenrusting aantrek en veg. Maar ons veg ’n geestelike oorlog nie ’n fisiese oorlog nie. As God vir ons is, wie kan teen ons wees. Geen demoon besete mens kan opstaan teen God nie en God se kind aanraak sonder die goedkeuring van God nie. Ons moet voorbereid wees om selfs ons lewens te gee as dit God se wil vir ons is.

Johannes die doper en baie ander kinders van God se kop is af gekap want Johannes het sy taak op aarde voltooi en dit was sy voorreg om terug te gaan na sy ewige woning. Ons moet die fisiese dood sien as ’n terugkeer na ons hemelse woning waar ons hemelse Vader is. Maar terwyl ons hier is moet ons die goeie stryd stry sodat ons kan oorwin. Sonder vrees of afwyking van ons geloof en vertroue op ons God.



STAAN JOU STAAN

Die Woord se “*Wat jy hier op aarde bind sal in die Hemel gebind bly.*” In die naam van Jesus Christus (Yeshua) bestraf jy die demoon, wat in die persoon of dier is, en jy bind die demoon en beveel die demoon om van jou af weg te gaan en jou nie aan te raak nie. Jy moet volle vertroue en geloof hè en nie die minste twyfel nie. Dan sal die aanvaller jou nie sien nie maar die aanvaller sien God se Engele langs jou. Wees verseker die aanvaller sal vlug.

Min mense het so ’n absolute vertroue en geloof in God. Om so ’n vlak van vertroue en geloof te bereik help dit

om geestelike oorlog voering te doen en by geestelike bevrydings werk betrokke te raak. Jy sal verstom staan en nooit ooit weer enige twyfel hè nie.

Johannes 15: "*Hierdie dinge beveel Ek julle sodat julle mekaar moet liefhê en as die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eie liefgehad het, maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het; daarom haat die wêreld julle.*"

**GAWES VAN DIE HEILIGE GEES:**

Die Heilige Gees gee spesiale geestelike gawes aan gelowiges. Die gawes van die Heilige Gees is nodig om die gelowige toe te rus vir die stryd teen die magte van Satan. Die gawes van die Heilige Gees sluit die volgende in:

Spesiale gawes om God se mense toe te rus: Apostels, profete, evangeliste, herders en leraars.

Mense wat God se waarhede spreek**:** Profesie, lering, vermaning, woord van wysheid, woord van kennis.

Gawes om God se werk moontlik te maak: Dien, help, leierskap, administrasie, gee, gasvryheid, barmhartigheid toon, onderskeiding van geeste, geloof.

Gawes om God se gesag te vestig: Tale, interpretasie, wonderwerke, genesing en verlossing.

**VRUGTE VAN DIE HEILIGE GEES**

Die Heilige Gees ontwikkel ook geestelike vrugte in die lewe van die gelowige. Die "vrug van die Heilige Gees" verwys na die aard van die Gees wat geopenbaar word in die lewe van die gelowige en geestelike eienskappe wat in die lewens van alle Christene duidelik is.

Die gawes van die Heilige Gees is vir geestelike krag. Die vrug van die Heilige Gees is vir karakter in die lewe van 'n gelowige. As jy nie sulke karaktertrekke ontwikkel nie, sal jy 'n slagoffer van die magte van die bose word. Geestelike vrugte is 'n bewys van geestelike volwassenheid. Soos vrugte in die natuurlike wêreld, is dit 'n produk wat die gevolg is van die proses van lewe.

Jesus het gesê: *"Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle geordineer om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly dra"* (Johannes 15:16).

Die geestelike vrugte is heeltemal teenoor gestelde van die vleeslike: " *Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagtemoedigheid, goedheid, vertroue, nederigheid en selfbeheersing" (Galasiërs* 5:).

*“die dade van die menslike natuur; is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid, aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe, afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie.”*

Alhoewel die mag van die vlees aan die kruis verslaan was, beleef ons as gelowiges dit tot die mate wat ons geestelik volwasse is. Daarom, om die natuurlike vrugte te vervang met die Geestelike vrugte is dit nodig dat ons die Heilige gees toelaat om deur ons te werk en sodoende dra ons die vrugte van die Heilige Gees. Ons doen wat die Heilige Gees wil hè ons moet doen.

**WAAR IS DIE HEILIGE GEES?**

Jesus het Sy volgelinge belowe dat God met Sy terugkeer na die Hemel die Heilige Gees sou stuur om hulle te vertroos: " *Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. Ek sal julle nie as weeskinders los nie, want Ek sal na julle toe kom na 'n kort rukkie. Die wêreld sal My nie sien nie, maar julle sal My sien. Aangesien Ek lewe, sal julle ook lewe.*" (Johannes 14:16-17).

Ons kan nou beter verstaan hoekom mense slagspreuke soos "kill the farmer kill the Boer" kan skreeu sonder om 'n oog te knip. Hulle besef nie dat dit iets verkeerds is nie. Hulle kan nie verstaan hoekom hulle dit nie mag doen nie. Hulle sien dit bloot as woorde wat uiting gee aan hulle gedagtes.( *Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie* )

Een van die belangrikste funksies van die Heilige Gees is om ons aandag op Jesus Christus te rig: *" maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in <u>My Karakter en Outoriteit</u> sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het* " (Johannes 15:26). Die Heilige Gees is "Jesus in ons."

God, die Heilige Gees is aktief om mense van sonde te oortuig, mense na Jesus Christus te trek, gelowiges toe te rus met krag vir geestelike oorlogvoering en om hulle te lei en van Jesus te getuig.

Die Heilige Gees is ons GPS, sonder hom is ons verlore. Soos enige GPS moet ons Hom kan hoor, kan verstaan, en gehoorsaam wees. Hy moet in ons wees en ons moet volle vertroue op hom hè. Ons het besluit waarheen ons op pad is, maar net Hy weet hoe om daar te kom, waar die slaggate is, die hotspots, padwerke, stop-and-go, spoed lokvalle, vulstasies en oornag verblyf.

Om te weet hoe jou GPS werk moet jy tyd met Hom spandeer, al sy funksies ken, sy stem kan hoor. Ons moet op die pad bly om goeie ontvangs te kry. Ons moet nie vir ander mense die pad vra nie. Al God se kinders is op hierdie reis, elkeen op sy eie plek op die pad want ons is nie almal op dieselfde plek op die pad nie. Elkeen se plek hang af van hoeveel tyd hy op die pad spandeer. Die brandstof, voedsel en water wat ons ontvang hang af van die vordering wat ons maak. Die pad is nou en daar is nie plek vir omdraai nie.

Ons moet luister en ons moet vertrou met ons oog gevestig op die pad wetende dat ons die einddoel sal bereik sonder enige twyfel.
Jesus is die weg, die heilige Gees ons GPS en God is ons bestemming. Ons is boustene in die hemelse tempel, ons moet daar kom om ons plek te vul.

**WAT IS ENGELE?**

Engele is wesens wat nie fisiese liggame het nie. Geestelike wesens wat deur God geskape is om Sy wil te doen: "*is hulle nie almal dienende geeste wat vir dienswerk uitgestuur word ter wille van dié wat die lewe sal beërwe nie?* " (Hebreërs 1:14) Die titel "engel" beteken boodskapper. In die Bybel word daar na engele verwys as sterre. Nie fisiese sterre nie.

Daar is verskeie engele afhangende van die funksies wat hulle het. Hulle vorm 'n hiërargie. Engele beskerm ons en veg teen die "gevalle" engele, onrein geeste wat ons wil kwaad aandoen. Dit is net 'n paar van die funksies van engele.

**DIE OORSPRONG VAN ENGELE**

Engele is deur God geskep:
*"Prys Hom, al Sy engele: prys Hom, al Sy leërskare. Laat hulle die Naam van die Here loof: Want Hy het beveel, en hulle is geskape."* (Psalms 148:2 en 5)

Al die engele was regverdig en heilig toe hulle die eerste keer geskape is. Hulle het die een ware God aanbid en geloof. Later het sommige engele teen God gerebelleer

en hulle posisie as engele verloor. Hulle het deel geword van 'n mag van boosheid genaamd "duiwels, onrein geeste."

## DIE OORSPRONG VAN SATAN

Satan(die Engel) is deur God geskep: *"Alle dinge is deur Hom gemaak; en sonder Hom was niks gemaak nie."* (Joh. 1:3).

God het nie boosheid geskep nie. Satan was volmaak toe hy deur God geskep is. "*Julle was volmaak in julle weë tot die dag dat ongeregtigheid in julle gevind is.*" Satan het boosheid gekies en hy het die duiwel/Satan/ Lucifer geword, die bose onrein gees. Satan of duiwel beteken Onrein-gees/Aanklaer/ Teenstander/Bedrieër.

## DIE OORSPRONKLIKE POSISIE VAN SATAN

Die Bybel beskryf die oorspronklike posisie van Satan in Esegiël 28. " *Jy het die merk van volmaaktheid gehad, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in `Eden, die tuin van God; elke edelgesteente was jou bedekking: robyn, topaas en diamant; beril, oniks en jaspis; lapis lazuli, turkoois en saffier en goud, die vakmanskap van jou monterings en holtes, was in jou. Op die dag toe jy geskape is, is hulle voorberei. Jy was by die gesalfde gerub wat bedek en Ek het jou op die afgesonderde berg van God geplaas; jy het geloop tussen die klippe van vuur. Jy was onberispelik in jou lewenswyse van die dag af dat jy geskape is totdat daar boosheid in jou gevind is."*

Toe God Satan geskep het, het Hy hom met 'n vermoë gemaak om die heerlikheid van God tot ’n groter mate te weerspieël as enige ander geskape wese. Die Latynse vertaling van die “more ster” is Lucifer (Geïllumineerde). Die naam Lucifer is slegs sowat vier honderd jaar oud.

Satan is nie die "rooi duiwel" wat twee horings en 'n stert het nie. Satan is steeds soos hy beskryf word in die boek Jesaja. Dit is waarom Satan dit so maklik vind om mense te mislei, dat hulle nie eens weet hoe hy lyk nie. Satan kan homself in enige vorm voordoen, selfs as Jesus. Jesus het self gesê: pasop daar gaan vele kom wat sê “Ek is Jesus” om julle te verlei.
Satan doen ook homself voor as die “Holi Spirit.” Daar is ’n onrein gees (Demoon) met dié naam.

**DIE VAL VAN SATAN**

Maar Satan het nie hierdie heerlike posisie behou nie. Die Bybel beskryf sy rebellie en val:

*“Deur die oorvloed van jou koophandel het jy jou binneste met oortredinge gevul en jy het gesondig; daarom sal Ek jou van die berg van God afgooi en Ek sal jou van tussen die klippe van vuur vernietig, o gérub wat bedek! Jou verstand, wil en emosie was hoogmoedig as gevolg van jou skoonheid; jy het jou wysheid korrup gemaak deur jou glans. Ek het jou op die grond neergegooi, Ek het jou voor die konings gesit sodat hulle jou kan sien. Deur die menigte van jou oortredinge, deur die partydige onopregtheid van jou koophandel het jy jou*

*afgesonderde plekke onteer; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitkom; dit het jou verteer en Ek het jou op die aarde tot as gemaak voor die oë van almal wat jou gesien het. Almal wat jou ken onder die volke is ontsteld oor jou; jy het verskrik geword en jy sal ophou om te wees vir ewig."* Esegiël 28.

Satan se val uit sy engele posisie het plaasgevind weens trots en rebellie. Trots en rebellie wat tot vandag in mense manifesteer en hulle in opstand laat kom teen God.

**RESULTATE VAN SATAN SE SONDE**

Hier is die verskriklike gevolge van Satan se sonde:
<u>Verbanning uit die hemel:</u> As gevolg van sy rebellie, was Satan deur God uit die Hemel gewerp en het Satan geword. Satan was nie sy oorspronklike naam nie. Satan beteken – aanklaer of teenstander.

<u>Korrupsie van karakter:</u> Satan, eens geskape tot God se heerlikheid, het Satan geword met 'n karakter wat alles wat God is en doen teengestaan.

<u>Verdraaiing van mag:</u> Satan se mag was eens gebruik vir God se heerlikheid. Nou is dit gewend tot ontwrigtende en vernietigende doeleindes.

<u>Bestemming:</u> Satan is bestem vir die bodemlose donker pit/gat (Jes 14:15).

Is ander engele van God geraak: Toe Satan uit die Hemel geval het, het hy nie alleen geval nie. Hy het een derde van die engele van die Hemel saamgeneem wat aan sy rebellie teen God deelgeneem het. Hierdie is almal nou deel van 'n bose mag van duiwels.

## WAAR IS SATAN?

Satan en sy gevalle engele beset die tweede hemel en is ook teenwoordig in die wêreld. Daar is ten minste drie hemele. Die aarde se atmosfeer is die eerste hemel. Dan is die tweede hemel die sterre wat ons kan sien en verby dit als, wat vir ons onsigbaar is, is die derde hemel waar God is.

Alhoewel Satan teenwoordig is in die wêreld, is hy nie alomteenwoordig nie, wat beteken dat hy nie op een slag op alle plekke in die wêreld kan wees soos wat God kan wees nie. Dit is waarom hy 'n leër van demone gebruik om sy planne te implementeer.

## SATAN SE AKTIWITEITE

Satan het toegang tot die teenwoordigheid van God en hy werk op die aarde, insluitende die lug ruim om die aarde asook die tweede hemel.

Ons mag die aktiwiteite van Satan opsom deur te sê dat dit altyd gerig is teen God, Sy plan en Sy kinders. Hy sal jou aanval op die gebied van aanbidding van God,

die Woord van God, jou Christelike wandel en jou werk vir God.

Hy is die aanklaer. Satan kyk voortdurend wat God se mense doen en sodra hulle op glip, beskuldig Satan hulle. Satan hou ook aan om mense te herinner wat hulle in die verlede gedoen het. Satan gebruik gedagtes en ander mense om ons te herinner. As iemand jou aanhoudend herinner aan jou sondes en foute wat jy gemaak het is dit Satan wat hulle gebruik om dit te doen.

Satan het gekom om te moor, te roof en te steel. Alles wat verband hou hiermee kom van Satan en sy trawante.

Satan is die vader van die leuen, hy is ’n bedrieër, ’n vals profeet en vergestalt alles wat ongoddelik is.

Daar is mense wat “Exorcism” doen. Dit is die uitdryf van bose geeste. Van die mense betrokke hierby het gevalle gehad waar Lucifer gemanifesteer het en daar op aan gedring het dat Jesus slegs ’n mens is. Dit laat mens verstaan hoekom sekere godsdienstige “kerke” ook daar op aandring dat Jesus net ’n mens is. Dit is duidelik wie vir die stigting van hierdie godsdienstige “kerke” verantwoordelik is.

Satan maak alles na wat hy in die hemel geleer en gesien het en hy verdraai alles.

Alle siektes kom van Satan. Selfs moderne medisyne kom van Satan. Die woord “Pharma” beteken die verdowings middels wat as medisyne verkoop word om mense slawe te maak en hulle dood te maak. Moderne medisyne het meer skadelike bestanddele as goeie bestanddele. Die sogenaamde goeie bestanddele word gebruik om die slegte bestanddele te masker.

## SATAN SE GAWES AAN SY KINDERS

Ons weet dat alle mense in sonde gebore is. Alle mense het 'n natuurlike geneigdheid om te sondig. In hierdie toestand van gebore in sonde, maak mense keuses tussen goed en sleg en hulle word ook beïnvloed deur ander mense en demone, insluitende die duiwel self.

Die mense wat God kies, word kinders van God. Die mense wat boosheid kies, is kinders van Satan. Satan het 'n stelsel soos die wat God vir God se kinders het. God se kinders ontvang die gawes van die Heilige Gees en kinders van Satan ontvang gawes van bose geeste. Die gawes van Satan is demone en demoniese magte en karakter trekke. Die boosdoener beïnvloed of beset 'n persoon wanneer duiwels mense binnegaan. Mense wat nie 'n keuse gemaak het om Jesus as Here en Verlosser te aanvaar nie, is nie 'n bedreiging vir Satan nie. Hulle word in die staat gelaat waarin hulle is omdat hulle in elk geval vir die hel gedoem is. Die mense wat kies om aktief betrokke te raak by praktyke wat boos is, ontvang meer bose geeste en meer bose magte.

Die meeste mense val in die kategorie van besluiteloosheid, omdat hulle nie 'n keuse gemaak het om Jesus te volg nie. Hulle word in sonde gebore en sal vir ewig bly waar hulle is. Geen demoniese aktiwiteite sal ooit in hulle opgemerk word nie en sommige mag selfs  as "goeie" mense voorkom. Alhoewel geen demoniese aktiwiteite opvallend is nie, beteken dit nie dat geen boosheid in hulle lewens teenwoordig is nie. Satan hou daarvan om ongemerk te werk te gaan. Satan gaan voort om hulle gedagtes te verdof en te verhoed dat hulle die waarheid aanvaar en Jesus as Here en Verlosser aanvaar. Hierdie mense se verstand is nie besny nie. Hulle het ’n onsigbare vel/vlies wat verhoed dat hulle geestelik kan sien en hoor. Soos Farao, is hulle harte/siele verhard, wat veroorsaak dat hulle nie die woord van God kan hoor en ontvang nie.

Die demone wat die mense verhoed om te hoor moet eers gebind word om hulle mag oor die mense te verbreek en dan kan die mense ontvanklik wees vir die waarheid en vir evangelie van God. Dit beteken dat alle nie-Christene eers bevry moet word voordat hulle Jesus as Leier en Verlosser kan aangeneem. Oral waar Jesus gegaan het, het Hy demone uit gedryf, mense gesond gemaak en dan vir hulle gesê: “volg My”, “moenie weer sondig nie.” Jesus gee die ewige lewe.

Satan gee vir sy kinders demone, se vir hulle sondig meer, maak hulle siek en gee die ewige dood as beloning. Satan stuur mense hel toe op so ’n manier dat hulle dit geniet om hel toe te gaan.(Tot hulle daar kom).

Satan gee ook sy kinders die gawe om mense te manipuleer, die gawe van korrupsie en alle ander ongoddelike gawes.

**DIE AKTIWITEITE VAN DUIWELS**

Demone volg die bevele wat deur Satan gegee word. Hulle het 'n verslaggewing en bevelstruktuur soortgelyk aan die een wat Moses vir die Israeliete gehad het.

Hulle het bevelvoerders oor legioene, bevelvoerders oor duisende, bevelvoerders oor honderde en bevelvoerders oor tiene. Hulle is ook in staat om te "verdeel" in meer as een. Soos met die goeie gees in Moses wat weggeneem is en aan die sewentig gegee is om hom te help. Demone en bose geeste kan dieselfde doen. Satan self teister baie mense deur hierdie metode te gebruik. Onthou die sterkste demoniese gees in 'n persoon (die sterkman van 'n groep) kan ander demone toelaat om in te kom en die hele groep word dan deur die demoon beheer.

Ons kan die aktiwiteite van demone opsom deur op te sê dat hulle altyd teen God, Sy plan en Sy mense gerig is.

Demone word deur Satan beveel om die Woord van God, jou aanbidding van God, jou wandel met God en jou werk vir God, jou verhoudings op aarde, jou gedagtes en jou liggaam aan te val.

Satan gebruik demone om hierdie strategie dwarsdeur die wêreld te implementeer. Demone brei Satan se mag uit deur misleiding en goddeloosheid teweeg te bring. Hulle val individue, regerings, nasies en die wêreldstelsel aan. Hulle bevorder rebellie en laster beide God en mense. Hulle bevorder afgodery, valse leerstellings en verblind mense om nie die waarheid van die Evangelie te ken en te glo nie.

Hierdie demone val mense aan deur hulle te dryf om verskriklike bose dade te pleeg, om te moor, te roof, te beseer, te steel asook selfmoord te pleeg, kindermishandeling, ens. Hulle beïnvloed die verstand met emosionele probleme en die liggaam met fisieke probleme. Demone val ook mense aan deur versoeking, misleiding, depressie en onderdrukking.

Hulle probeer om jou in slawerny te hou deur slegte gewoontes en om in vrees en angs te lewe. Hulle beskuldig en beswadder jou en ander kinders van God.

Ongelowiges is weerloos teen die aanvalle van demoniese magte, maar gelowiges het kragtige wapens en strategieë vir die hantering van hierdie magtige geestelike mag van die bose.

**DIE VLEES**

Die wêreldse invloed is 'n bose sosiale mag wat Satan gebruik om van buite, gelowiges aan te val. Dit is die korporatiewe organisasie van vleeslike drange,

behoeftes en luste. Die begeertes van die vlees, insluitende trots, seks, eetlus, verdowingsmiddels, aansien, ydelheid, verleidelikheid, hebsug, is bose magte wat binne mense werk. Elkeen is 'n onrein gees.

Dieselfde "vleeslike gees" wat in die wêreld werk, sal in jou lewe werk as jy dit toelaat om dit te doen. Die woord "vlees" soos gebruik in die Skrif verwys na die verstandelike en liggaamlike deel van die mens. Die begeertes van die vlees, jou verstand en siel en jou gees (mense wat onrein geeste het).

**DIE BEGEERTES VAN DIE VLEES**

*"Ek sê: "Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie, want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie,."* (Galasiërs 5:16)

Wat is die begeertes van die vlees? "*seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid, aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppig-heid, misleiding, valse leringe, afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge."*

Die Bybel waarsku dat ons moet nie begeertes wat boos is nastreef nie. Wellus na bose dinge wat jou vleeslike natuur behaag, is *"wellus van die vlees."* Dit is wat Satan gebruik om ons aan te val. Satan ken ons

swakhede en hy weet hoe om dit te gebruik sonder dat ons agter kom dit is Satan. Satan doen dit en dan maak hy ons dink dit is ons wat so sleg is op ons eie.

God het mense en hulle behoeftes en begeertes geskape, maar die duiwel het dit alles verwronge gemaak.

**HOE WELLUS ONTWIKKEL**

Wellus, of sondige begeertes, begin by die natuurlike sintuie. Die oog sien iets verleidelik of die oor hoor iets goddelooslik en die mond proe iets baie smaaklik. 'n Aanraking, 'n smaak, of selfs 'n reuk kan wellus aanhits. Só gebruik Satan die wêreld om ons om die vlees te versoek.

Dit begin met ’n gedagte wat Satan in ons kop plant. Sodra ons die gedagte begin vertroetel begin die demoon ons binne gaan. Die gedagte manifesteer dan in ’n daad wat uiting aan die wellus gee.

Hierdie selfde proses kan ons help verstaan dat geloof sonder werke niks beteken nie. Dit help nie ons dink net aan geloof en vertroue nie, ons moet dit daadwerklik toepas. Die gedagte van vertroue moet manifesteer in ’n daad van vertroue. So kanselleer en oorkom ons die wellus wat ons probeer oorval.

Onthou, God versoek ons nooit nie. Ons word deur Satan versoek wanneer ons deur ons eie sondige, vleeslike begeertes verlei word. Maar ons hoef nie aan

hierdie versoeking oor te gee nie. God voorsien altyd 'n ontsnappings roete.

Satan sal die "vlam" voorsien wat jou wellus aan die brand kan steek. Dit is vir jou om te besluit of jy die vlam uitblaas en of jy dit toelaat om jou bose begeertes aan die brand te steek. Blaas die vlam dood voordat dit jou aan die brand steek.

Wanneer jy gered en gevul is met die Heilige Gees, woon die Gees in jou. Die Heilige Gees help jou siel om die begeertes van die vlees teë te staan. Jou vlees veg teen jou siel en teen die Heilige Gees van God wat in jou is.

As jy vir die eerste keer na 'n persoon of 'n voorwerp kyk, prikkel die “onrein gees van versoeking” jou om toe te laat dat jou begeerte jou beheer. Sodra jy die tweede keer kyk, manifesteer die sonde en jy gee toe aan die versoeking. Die besluit om nie versoek te word nie, moet onmiddellik wees, geen tweede gedagtes nie.

## KRAGTIGE BOSE MAGTE

Die wêreld, Satan, sy demone en die vlees gekombineerd maak oorlog teen God se kinders.

Satan se oorspronklike sonde was dat hy soos God wou wees en al sy huidige kragte en aktiwiteite is hoofsaaklik teen God gerig.

Satan se aanval op Adam en Eva, was 'n aanval op die karakter en beheer van God. So ook het Satan vir Kain

gebruik teen Abel. Jy kan elke aanval van Satan wat in die Skrif opgeteken is, bestudeer en jy sal ontdek dat dit eintlik 'n aanval teen God en Sy aktiwiteite en natuur is.

Satan is in direkte teenstand teen God in alles. God is liefde terwyl Satan haatlik is en haat bevorder. God is lewe en skep lewe terwyl Satan doodmaak en verwoes. Kill the farmer-kill the boer is teen God gerig. Net soos wat Satan die Israeliete wou uitwis, so wil hy al die kinders van God uitwis.

Mense kan so maklik verward word as gevolg van 'n gebrek aan kennis. Een voorbeeld is die woord "liefde" soos in die Bybel genoem. Dit het meer as een betekenis. Die liefde van God is 'n onvoorwaardelike liefde, 'n toewyding, 'n liefde soos beskryf in die Bybel. Nie die erotiese liefde tussen twee mense wat "verlief is" om hulle liggaamlike begeertes te vervul nie. Die woord "liefde" word deur Satan gebruik om mense te mislei. Jy hoor dikwels mense sê, "As jy My liefhet, sal jy my toelaat om te doen wat ek wil doen." Ware liefde is om 'n persoon te rig na wat reg en goed is, nie na wat hulle eie wil en begeertes hulle wil laat doen nie.

Orals waar God, Sy kinders bestaan, kom Satan en hy probeer dit wat God doen, verwoes. Niks en niemand spring sy aanslag vry nie. Die kerk is die hoof doelwit wat Satan gebruik om mense te verwar, verlei, en verwoes. Satan het die kerk geïnfiltreer sonder dat meeste mense dit agter gekom het. Oor die laaste 2000 jaar het Satan met klein stappies, stelselmatig die kerk

verwoes. Die kerk het aanhoudend aangepas by die tye, min wetende dat hulle reg in Satan se hand speel.

Die Bybel se gaan na die kruispad, en soek vir die weg van ouds. Die weg wat God oorspronklik aangedui het en dan moet jy op dié weg van ouds wandel. Hierdie weg van ouds is die geestelike weg wat die Dissipels geloop het, 2000 jaar gelede. Alles daarna is deur Satan verderf. Al die mens gemaakte kerke wat op mens gemaakte reëls gebou is en deur mense beheer word is duiwels.
Die Bybel leer ons: Die kerk moet gebou word op Jesus as die rots en die kerk sal groei as die kerk "*voortgegaan in die respekvolle vrees van YHWH en met die ondersteuning van die Heilige Gees."*

Satan word die "god van hierdie wêreld" genoem, wat al die mense insluit wat nie God se kinders is nie. Hy het die nasies aan Jesus aangebied tydens die versoeking van Jesus, en Jesus het nie die legitimiteit van die aanbod betwis nie. Satan het nie geweet dat Jesus en God saam met die Heilige Gees, die drie-enige God is nie. As Satan geweet het dat Jesus, God is, sou hy hom nooit gekruisig het nie. Nadat Jesus gekruisig is het Hy afgegaan na Hades en die gevangenis bevry en die sleutel van Hades weg geneem. Die dood(Satan) het sy mag verloor.
Satan gebruik sy demone om nasies te beïnvloed en te beheer, en sodoende die leiers en kinders van God geestelik en fisies te vermoor. Dit is waarom daar wrede diktators en goddelose politieke stelsels in baie nasies is. Dit is ook verantwoordelik vir die oorloë en

verdeeldheid tussen die nasies en mense. Elke land streek het ’n bose onrein prins wat beheer het oor die onrein geeste en mense met onrein geeste. Hierdie prinse rapporteer aan die magte en prinsdomme in die tweede hemel. Die slag spreuk; Kill the Farmer-kill the Boer pas pragtig in Satan se modus-operandi, so ook alles wat ons in die wêreld sien gebeur.

**DIE DRIE ENIGE GOD**

Ons word geleer dat God ’n drie-enige God is; Vader, Seun en Heilige Gees. As ons die hele Bybel lees dan vind ons dat die Vader is in die hemel. Ons lees ook dat in die begin was die Woord en die Woord was by die Vader en die Vader was die Woord. Die Woord het saam met die Vader bestaan van die begin af. Alles wat gemaak is, is gemaak deur die Woord en sonder die Woord is niks gemaak nie. In die Woord was Lewe en die Lewe is die lig vir die mense.

Dan lees ons dat die Woord het vlees geword en tussen die mense gewandel. Hierdie Woord is Jesus.

Nou is dit maklik om die term “drie-enige-God” te verstaan. Die Vader en die Woord wat die Vader spreek en die Siel van die Vader. (Siel is net ’n ander woord vir gees). So is die mens ook in God se beeld gemaak. Ons het ’n liggaam, ons praat en ons het ’n siel.

In die Ou-Testament het die God met die mense gekommunikeer deur middel van Jesus en die Heilige Gees. Jesus het aan mense verskyn as ’n Engel maar omdat dit vreemd vir die mense was het hulle

aanhoudend terug gekeer na aardse afgode. God besluit toe om aarde toe te kom in die vorm van 'n mens. Hy spreek toe die Woord en sê die Woorde wat hy spreek moet manifesteer en in 'n mens se vorm aarde toe kom om sodoende die mense te kom red. Die Woord het toe gemanifesteer in Maria en Jesus is gebore. Die Woord het vlees geword.

**DIE NAAM VAN JESUS**

Dit is 'n algemene reël in literatuur dat mens nie 'n persoon se naam verander wanneer 'n geskrif vertaal word nie. As dit egter by die Bybel kom vind ons dat hierdie reël glad nie gehandhaaf word nie. Laat mens wonder, hoekom? Die enigste rede kan wees om mense te verwar. As my naam Jan is dan bly my naam Jan ongeag in watter taal jy dit sê. Die uitspraak kan wel wissel, maar die spelling bly dieselfde. Al die name in die Bybel is egter verander.
Jesus kom van die Latynse woord Isus en in die Hebreeuse woord Yeshua. Yeshua kom van Yehoshua en Yehoshua kom van YHWHoshua (YHWH verlos) - uitgespreek as Yahwehoshua wat "YHWH is verlossing" of "YHWH verlos" beteken. Terwille van maklike uitspraak sê hulle toe Yeshoshua en later Yeshua.

Jesus is nie 'n naam nie maar dit beskryf wie YHWH is. Die woorde "In die naam van Jesus" is in werklikheid: "In die Karakter en Outoriteit van YHWH ons verlosser".
Ons kan nou ook beter verstaan as die Bybel se ons moet Jesus in ons hè; Die Woord van YHWH moet in

ons wees. As ons die Woord in ons het sal ons die Woord spreek. Die Woord in ons sal ons gedagtes verander en ons nuwe denke gee en ons nuwe mense maak wat geestelik nuut gebore is. Dit is die Heilige Gees in ons wat deur ons praat.

Die naam Jesus is 'n baie algemene naam en daar was en is nog baie mense met die naam-Jesus. Dit is baie belangrik dat ons weet wie die regte Jesus is want selfs Satan kan homself vermom en homself voordoen as Jesus. Daar is selfs mense wat se van "Christ" is.

Die woord "Here" beteken " Die een wat my lewe regeer" en "God" beteken "Die een wie ek aanbid." As ek dan se: "My Here en my God" se ek " Die een wat my lewe regeer, vir wie ek aanbid." (Onthou Here en God is nie name nie). Nou kom die moeilikheid – byvoorbeeld- as drank, sigarette, seks, wellus, kos, plesier, sport, sepies, TV, pornografie, ens. my lewe regeer dan is dit my here en my god.

Die Bybel sê; vertrou, glo en aanbid YHWH met jou hele hart, jou hele verstand en met al jou kragte. 100%. As ons dit nie doen nie, dan is afgode ons here en ons god. As jy dan bid of 'n lied sing wat net here en god in het dan loof jy jou afgod. As jy spesifiseer om te se "my God, YHWH) dan beteken dit jy verwys na YHWH. My "Here Yeshua" verwys na: my Meester is Yeshua.

Sommige kerke gebruik foto's en sketse om Jesus voor te stel. Die Bybel is baie duidelik dat ons dit nie mag doen nie, nie eers in 'n Kinderbybel nie. Dit hou ook die

gevaar in dat mense hierdie persoon in die foto's aanbid want hulle kyk vir die foto of hulle sien die beeld in hulle gedagtes as hulle aanbid. Dit is afgodery- Satan aanbidding. Exodus 20: "*jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.*"

**DIE NAAM VAN ONS HEMELSE VADER**

Die naam van ons Hemelse Vader is ook baie belangrik. Dit is lewens belangrik. As ons die verkeerde naam gebruik is ons verlore. Die duiwel kom en oortuig mense dat dit nie saak maak nie, dat ons weet van wie ons praat. Werklik! Vat jou eie naam, kan mense jou noem wat hulle wil. Hoe sal jy dan weet hulle praat met jou? Die woord God is ook nie 'n naam nie. Vergelyk dit met 'n mens se naam. Ons sê "Ina se man is Jan." Nou kan ons nie sê "Ina se man is man" nie. (Ina se God is YHWH- Ina se God is God).
Soos reeds gesê, is die woord God gebruik in hierdie boek omdat dit al naam is wat meeste mense ken. Na hierdie verduideliking sal daar streng by die regte naam gehou word.
Toe Moses met God gepraat het en Moses gevra het wat moet ek vir die mense se wie is U, het God gesê, sê vir die mense "Ek Is" (I am), het jou gestuur. "I Am" is YHWH. Om YHWH uit te spreek sê ons YAHWEH want dit is hoe dit klink as dit gesê word. Sommige Hebreeuse mense sê Yahu. As ons skryf moet ons YHWH gebruik en geen ander vorm nie.

Jehovah is nie YHWH se naam nie, dit is iets wat opgemaak is. As Jy Jehovah gebruik dan kan jy maar net sowel 'n "Jehovah getuie" word want jy aan bid dan dieselfde afgod. Die Bybel is duidelik. **"en dit sal wees dat elkeen wat die Naam van YHWH aanroep, sal lewe."**
Ons kan nie 'n ander naam aanroep en verwag YHWH moet ons hoor nie. Die enigste ander naam verwysing is "my/ons Vader in die hemel."

Jehovah getuies is nie Christene nie. Hulle glo Jesus/Yeshua is net 'n mens en hulle glo nie in die Drie-enige-God nie. Dit is net 'n ander vorm van Satanisme.

Die Apostoliese geloof belydenis probeer verduidelik wie God is deur te se "Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper........" Selfs dit moet wees "Ek glo in YHWH die hemelse Vader...."
Die woord god is van heidense afkoms. Alle gode insluitende Satan is 'n god. Sataniste se ook "god die vader" want satan is hulle god en vader.

Deur God in hoofletters te skryf help diegene wat weet van wie gepraat word, maar dit is nog steeds nie YHWH se naam nie.

Interessant is feit dat wanneer ons YHWH uitspreek dan is die YH 'n inaseming. Haal hard asem as jy YH sê dan hoor jy YAH. Asem uit en jy hoor WEH as jy WH sê.

Joh. 14:12 -14 “d*it is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Enige iets wat julle ook al in My Karakter en Outoriteit mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word. As julle iets in My Karakter en Outoriteit vra, sal Ek dit doen..”*

*(*Die woord “Naam” kan vervang word met “Outoriteit en Karakter”.) Yeshua gee ons die outoriteit om byvoorbeeld demone te bind en te bestraf en uit te dryf maar ons kan dit slegs doen in sy Naam(Karakter/ persoon).

Hebreeuse name weerspieël die karakter van die persoon. Dit is hoekom dit so belangrik is om die oorspronklike Hebreeuse name te gebruik.
In Hebreeus, *"Yeshua" (יֵשׁוּעַ) beteken "YHWH is redding” of "YHWH red" dit is afkomstig van die Hebreeuse naam Yehoshua (יְהוֹשֻׁעַ), wat ook "YHWH is redding” beteken.*
Die Bybel verwys ook na Yeshua as: “YHWH met ons”.

As ons byvoorbeeld ’n lys maak van al die Hebreeuse name in die Bybel van Adam tot by Yeshua (Jesus). Net die name, en ons kyk dan wat elke naam beteken, dan kry ons ’n opsomming van die Bybel. Die name vertel die hele Bybelse verhaal van begin tot einde.

Nog ’n Voorbeeld van hoe slinks Satan die mense wat die Bybel vertaal het en ook die mense van Yisrael om die bos lei. Die naam Yisrael beteken- *Hy sê: "Jy sal nie*

*meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin."*
*Die El in Yisrael beteken-god. Dit word hier met 'n klein letter geskryf want kyk wie is die god wat se naam El is. Oorspronklik is El 'n Kananietiese afgod asook die afgod van die Simietiese volk in Mesopotamie.*

Omdat die woord god, soos vandag nog, so los gebruik word het die Hebreeuse vertalers aanvaar El is die god van Yisrael en sodoende dit vertaal as Yisrael. As ons die regte naam vir die God van Israel(Yisrael) gebruik moet dit "Yisrayahu" wees. Yahu kom van 'n alternatiewe Hebreeuse uitspraak vir YHWH. Dit het enorme effek op Yisrael want dit beteken hulle is die volk van El en nie van YHWH nie. Aan die ander kant kan El korrek wees want die oorgrote meerderheid van mense in Israel aanbid nie vir YHWH nie, hulle aanbid El.

Selfs vir ons as kinders van YHWH het dit geweldige gevolge want ons is die "nuwe Yisrael". Geen een van ons wil egter geassosieer word met die afgod El nie. So wat maak ons? Dit is beter om te sê ons is afstammelinge van Abraham en kinders van YHWH of ons is die volk van YHWH. Yisrael moet eintlik Yisrayahu of YisraYHWH wees.

Daar is Hebreeuse geskrifte wat reken dat hierdie verhaal van Jakob verkeerd vertaal was. Dit is baie moeilik om Hebreeus reg te vertaal want een enkele Hebreeuse woord kan so veel as 20 verskillende

betekenisse hè. Hierdie alternatiewe verduideliking van die storie van Jakob is as volg: Terwyl Jakob gedroom het, het daar 'n engel gekom en met hom gestoei. Hierdie engel was 'n demoon wat hom probeer verhoed het om sy rug op satan te draai en na YHWH toe te gaan. Jakob het die hele aand met die demoon geveg en staande gebly. YHWH het toe vir hom gesê: *Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor El en die mense en het oorwin."* Hierdie storie maak meer sin want dit is teen YHWH se karakter om fisies met 'n mens te baklei, net demone doen dit. Hierdie weergawe pas ons ook beter want dan kan ons gerus wees as ons Yisraeliete genoem word want ons het ook geveg teen mens en demone en staande gebly.

Die Bybel leer ons ook: *"Julle moenie enig iemand op aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader: Hy wat in die hemel is."* Meeste Bybels ignoreer hierdie instruksie ook.

Die naam Jakob is ook 'n probleem. Jakob se naam is verander na Yisrael/Yisrayahu. YHWH het vir hom gesê van nou af sal Yisrayahu wees. Die Bybel gaan egter voort en noem hom Jakob. Hoe arrogant kan mense wees deur te dink hulle kan YHWH ignoreer en doen wat hulle wil.

## WEN EERS AGTER GESLOTE DEURE

Wat agter geslote deure gebeur is waar ons tyd met YHWH spandeer, en waar ons oorwinnings sal bepaal.

Soek eers die Koninkryk van YHWH en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word. Gee alles oor aan YHWH. Slegs YHWH kan ons help om ons persoonlike oorloë te wen. YHWH het reeds die oorwinning oor Satan behaal maar ons word getoets om te sien op wie ons staat maak, op wie vertrou ons? Moenie op enige mense, politieke partye of kerk, of pastoor vertrou nie. Hulle is magteloos. Vertrou op YHWH en op Hom alleen.

Moenie hardop bid nie. as ons hardop bid hoor die demone en dan kom hulle en verwar ons deur verwronge gedagtes in ons kop te plaas wat verband hou met ons gebed of hulle weet dan wat hulle op moet fokus sodat hulle YHWH se beantwoording van die gebed kan teenstaan. Onthou Daniel het gebid en toe kom die Engel drie weke later daar aan. Die Engel se toe vir hom dat YHWH sy gebed gehoor het maar dit het drie weke gevat om teen Satan en sy demone te veg om vanaf die derde hemel deur die tweede hemel by Daniel uit te kom. Hulle het gehoor hoe Daniel bid en toe probeer verhoed dat die Engel kom.

As ons in stilte bid dan weet ons die gebed bly tussen ons en YHWH. Daar is in elk geval baie dinge wat ons as geheim moet hou tussen ons en YHWH. Ons moet nie alles uit blaker nie. Moenie jou pêrels voor die varke gooi nie, sê die Bybel.

Moenie alles wat YHWH aan jou openbaar met ander deel nie. Daar is dinge wat tussen jou en YHWH moet

bly. As jy alles vir ander mense vertel dan hoor die demone jou en hulle gebruik dit dan teen jou. Onthou Satan en sy demone slaap nooit en hulle is regtig altyd in die nabyheid en wag op ’n geleentheid om iets te hoor of te doen of te gebruik om ons aan te kla of om ons te mislei.

**DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE GEES**

Die Heilige Gees is krities belangrik in ons lewe wat geestelike oorlogvoering insluit. Die Heilige Gees ken die strategieë van Satan en tree in vir gelowiges wat betrokke is by die oorlog. Die Heilige Gees gee ons die krag en wysheid om die vyandige aanslag af te weer. Ons gedagtes het drie oorspronge. Die gedagte kom van ons self, of van YHWH of van Satan. Dit is hoekom die Bybel sê-neem elke gedagte gevange-bepaal waar dit vandaan kom.

As jy uit die bloute ’n antwoord kry in jou gedagtes kan jy weet dit is van die Heilige Gees as jy in die geheim gebid het. Alles kom van YHWH insluitende wysheid en verstand. Moet nooit spog met jou eie of iemand anders se wysheid of verstandelike vermoëns nie. Dit is nie jy of hulle wat so intelligent of wys is nie. Dieselfde geld vir die spreekwoordelike “blonde oomblik”. Dit is heel waarskynlik ’n demoniese skerm/blokkasie wat verhoed dat die persoon hoor of verstaan.

Onthou, ons stry in die gesag en karakter/ persoonlikheid van Yeshua en met die mag van die

Heilige Gees. Sonder YHWH, Yeshua en die Heilige Gees is ons weerloos.

Die gawes van die Heilige Gees is waardevolle wapens van oorlog. Die gawes van die "woord van kennis" en die "woord van wysheid" bied bonatuurlike openbaring vir geestelike oorlogvoering. Die gawe van "onderskeiding van geeste" openbaar die misleiding van die vyand. Jy moet uit die pad kom en toelaat dat die Heilige Gees deur jou werk. Ja, laat Yeshua en die Heilige Gees toe om Hulleself in jou te openbaar en laat hulle toe om die stryd en die oorlog te veg. Dit sluit spreek in tale in.

## TREK DIE WAPENRUSTING VAN GOD AAN

Trek die hele wapenrusting van God aan, sodat jy teen die aanslag van die duiwel kan staan. (Ef. 6:). "*Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander, want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel. Trek daarom al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die bose een te konfronteer en wanneer julle gereed is in alle dinge, sal julle staan. Staan daarom en maak die gordel van waarheid om julle heupe vas en trek die borsplaat van onpartydige opregtheid aan en bind die skoene aan julle voete vas in voorbereiding vir die goeie boodskap van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. By dit alles tel die skild van vertroue op sodat julle die krag sal hê om al die brandende pyle van*

*die Bose te kan uitblus. Sit die kopskerm van verlossing op en tel die swaard van die Gees op, wat die boodskap van God is. In alle gebede en in alle begeertes, bid by elke geleentheid in die Gees. Wees elke oomblik in Hom waaksaam in gebed terwyl julle voortdurend bid en intree vir die afgesonderdes* .” (Afgesonderdes is die kinders van YHWH)

"Trek aan" dui ’n aksie aan wat jy moet neem.
Die doel van die wapenrusting is om ons in staat te wees om te staan teen die aanslag van die vyand, Satan. Dit is ons verantwoordelikheid om die wapenrusting aan te trek en te gebruik.

’n Baie belangrike deel van die oorlog voering is om die bloed van Yeshua op ons deur kosyn te verf. Wat beteken dit? Die Yisraeliete moes die bloed van die Lam aan hulle deure verf om seker te maak die doodsengel gaan by hulle verby. Vandag moet ons dit nog steeds doen. Ons moet die bloed van Yeshua op onsself verf om te verseker dat ons gemerk is en dat Satan en sy demone weet ons behoort aan YHWH. Hoe doen ons dit? Deur gereeld, verkieslik daagliks, luidkeels te sê: wat die Bybel sê, die bloed van Yeshua vir ons doen. Die bloed van Yeshua, verwyder al ons sondes, bring ons in die regte verhouding met YHWH, maak ons heilig en spreek ons vry en regverdig ons om herenig te word met YHWH.

**DIE GESINDHEID VAN CHRISTUS**

" *As dié Gesalfde Een daarom in julle plek na die*

*liggaam gely het, het julle ook dieselfde gesindheid verkry: dat elkeen wat aan sy vleeslike liggaam gesterf het, opgehou het met alle sonde, om gedurende die tyd wat hy in die vlees is, nie meer volgens menslike begeertes te leef nie, maar volgens die wil van God, want dit is genoeg dat julle in die tyd wat verby is, die wil van die ander nasies uitgevoer het in julle lewens deur in losbandigheid, dronkenskap, hoerery, orgies en in die aanbidding van demone te leef."*

*"Moenie iemand se boosheid met boosheid terugbetaal nie, maar dit moet vir jou belangrik wees om goed te doen voor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van jou afhang, maak vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, julle vir wie ons lief is, maar gee plek vir die wraak, want daar is geskrywe: "As jy nie self oordeel sal uitspreek nie, sal Ek namens jou oordeel, sê YHWH." Romeine 12.*

Onthou boosheid kom van Satan. Boosheid is Satan. Daarom kan ons nie Satan met Satan beveg nie. dit is sinneloos. YHWH is goed/goedheid. Daarom moet ons boosheid met goedheid beveg. YHWH (goedheid) kan Satan (boosheid) beveg, ons kan nie.

Om "getransformeer" te word, beteken om 'n volledige verandering te ervaar wat in ons karakter en ons gedrag weerspieël sal word. Om jou gedagtes deur Yeshua te laat vernuwe, lei tot so 'n transformasie. Laat Yeshua toe om Homself in jou te manifesteer. Laat Yeshua jou gedagtes beheer. Die gebruik van die nagmaal is van kardinale belang. Die brood wat ons eet en die druiwe

sap wat ons drink is die liggaam en bloed van Yeshua wat ons eet en drink om te gedenk wat Hy vir ons gedoen het, en nog steeds doen. Hy transformeer ons so deur Sy liggaam en bloed.

**BREEK VESTINGS AF**

Die doel van aktiewe oorlogvoering is om die vestings van die vyand te ontbind/vernietig en neer te *werp: "want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie, want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings, ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Die Gesalfde Een. Ons is voorbereid om die straf uit te oefen op almal wat nie gehoorsaam nie, wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.*" (II Korinthiërs10)

Min mense weet dat iets soos argumente kan deur geestelike oorlogvoering stop gesit word. Onderwerp die demoon/e (rebelse vestings) wat die argument veroorsaak in Yeshua se Naam en beveel hulle om dit te staak. Dit geld vir alles wat ongoddelik is. Dit sluit demoniese musiek, skinder, vuil grappe, laster, bakleiery, padvarke, aanvallers, ongeskiktheid, ens. In.

"*Die nag het van nou af verbygegaan en die dag het aangebreek. Laat ons daarom die dade van die duisternis van ons af afwerp en die wapens van die lig aantrek. Laat ons op die regte manier leef, soos mense in*

*die dag, nie in partytjies, dronkenskap, seksuele immoraliteit, bakleiery en jaloesie nie, maar trek ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan en moenie konsentreer op die begeertes van die vlees nie.*" (Rom. 13)
(Matt 10). "*Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.' Genees siekes, reinig melaatses, dryf demone uit*"

Yeshua het Satan oorwin maar Satan en sy demoniese magte is steeds besig om die mense en die wêreld in 'n staat van oorlog aan te val. Hulle probeer die grondgebied beheer wat aan dié Oorwinnaar behoort. As jy toelaat dat slagspreuke soos "kill the farmer kill the Boer" jou beïnvloed, dan laat jy Satan toe om YHWH se grond gebied te betree en te beheer. Jy maak jouself onderdanig aan Satan. Demone probeer mense blind maak vir die feit dat Satan verslaan is. Hulle probeer huise, kerke en nasies beheer. Dit is hoekom die geestelike oorlogvoering van die gelowige so belangrik is.

Dit is ons taak om die mense te herinner en opnuut bewus te maak van Satan se misleiding en sy aanslag om beheer oor die grondgebied wat tereg aan YHWH behoort, te herwin. Hierdie geestelike grond gebied is verower deur Yeshua en Satan is uit gedryf. Satan en sy demone wil kom plak op YHWH se grondgebied. Hulle probeer YHWH se grond gebied onteien.
Yeshua het ons geleer om alles wat sleg is te berispe deur te sê: "Wyk Satan"

Die geestelike stryd het slagoffers wat deur Satan en sy magte oorval en verwoes word. Die Bybel leer ons dat die woorde wat mense uiter kan of lewe of dood tot gevolg hè. Deur woorde van dood oor mense uit te spreek beteken dat die persoon 'n vloek uit spreek oor daardie mense. Die verhaal van Balaam en Balak in die Bybel is soort gelyk. Vandag is daar demone met die name Balaam en Balak wat die vloek probeer uitspreek oor YHWH se kinders. Die Bybel sê ook "vervloek is hy wat YHWH se kinders vervloek."

Die mense waaroor die vloek uit gespreek is kan nie net sit en niks doen nie. Hulle moet die vloek teenstaan, dit kanselleer en die demone bind, bestraf en beveel om weg te gaan en nie enige skade aan te rig nie. Dit moet alles in Yeshua se Naam gedoen word. Geen mens kan op sy eie in hierdie stryd betrokke raak nie.
"*want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie, want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God"* 2 Korintiërs 10.

As ons nie die vloek kanselleer nie dan beteken dit dat ons 'n deur oopmaak en toelaat dat die demoon kan inkom en ons aanval. Ons laksheid is ons ondergang. Laksheid is 'n demoon wat beveg moet word. Ons het al die geestelike wapenrusting, gebruik dit.

**BLOEDLYN VLOEKE**

Die Bybel vertel ons dat die sondes van die voorgeslagte na die kinders oorgedra sal word tot in die derde en

vierde geslag. Dit is egter veel erger vir dié families waar die voorgeslagte by satanisme en satanistiese organisasies betrokke was.

Die Vrymesselaars is Satan aanbidders en dit sluit alle susters assosiasies wat verbind is aan die Vrymesselaars in. Die Broederbond en Rapport ryers is deel van die Vrymesselaars. Dit is hier waar baie van die Afrikaner se probleme vandaan kom en baie min is bewus daarvan. (Nie net Afrikaners nie maar meeste mense)
Feitlik alle Afrikaners is op een of ander manier gekoppel aan die Vrymesselaars. Dit begin by die voorgeslagte wat na Suid Afrika gekom het. Hulle was Vrymesselaars en het bewustelik of onbewustelik die Vrymesselaars beginsels na Suid Afrika gebring. Die Vrymesselaars se "goue draad" (Eintlik 'n swart geroeste draad) kan al die pad gevolg word deur die Voortrekkers tot vandag toe.
Die beste voorbeeld is seker die Voortrekker Monument. Die monument se ontwerp en konstruksie is gebaseer op Vrymesselaars en die songod.
Feitlik al die leiers in Suid Afrika is of Vrymesselaars of hulle is gekoppel aan die Vrymesselaars.



Louis Botha, Marthinus Pretorius, Thomas Burgers. Johannes Brand, Francis Reitz, Pieter Blignaut om maar ’n paar te noem.

Die Monument self is ’n altaar wat opgerig is ter ere van die Songod. Die ontwerper het dit doelbewus so ontwerp. Die feit dat die son op die 16de Desember op ’n sekere kol skyn, is ’n vorm van eerbetoon aan die Songod. Enigiemand wat die monument besoek bring eer aan die Songod.



Drie vrymesselaar NG dominees: president Thomas Francois Burgers, David Pieter Faure en JJ Kotze. Regs is ds David Pieter Faure
Foto: www.boervolk.com

Die Parlement gebou in Kaapstad staan op Vrymesselaars grond en meeste kabinetslede besoek die Vrymesselaars Loods op ’n gereelde basis.

Vlak 33 Vrymesselaars erken dat hulle Satan aanbid en as gevolg van die satanistiese aard van die Vrymesselaar organisasie word alle lede en hulle kinders aan satan op gedra. Die sataniese vloeke is van krag tot in die tiende geslag. Die vloek is op die nageslagte of hulle dit wil weet of erken of nie.

Baie van die Afrikaner voorgeslagte het ook by Sangomas gaan raad vra, by afgod aanbidding betrokke

geraak, met dooie geeste gekommunikeer, die geluksgod aangeroep, en het siel-verhoudings met mense wat onrein geeste het om maar ’n paar te noem.

Daar is nie een Afrikaner familie wat kan se “Ons is onskuldig” nie.

Alle sondes het nagevolge en ons kan nie van die nagevolge ontsnap nie. Ons kan nie sê ons het nie geweet nie.

Wat dit nog meer tragies maak is dat die meeste Volksleiers en Kerkleiers almal kop in een mus, deel was en nog steeds is met al die euwels van die verlede. ’n Hoogstaande Vrymesselaar het by ’n publieke optrede vertel hoe hulle al die kerke geïnfiltreer het en toe se hy: “As ons as Vrymesselaars in staat is om al die kerke te infiltreer en hulle te oortuig om by ons aangesluit, wie is daar dan in hierdie wêreld wat ons nie sal kan mislei nie.”

’n Prediker het onlangs gesê, die probleem met mense is dat die bloed van hulle tradisies dikker vloei as die bloed van Yeshua in hulle lewens. Die bloed van gewoonte, die bloed van godsdiens, die bloed van my eie wil, die bloed van trots, die bloed van politiek, ens. Vloei dikker as die bloed van Yeshua. Dit is afgodediens. Niemand kan weg kom van hierdie vloeke af tensy die vloeke gebreek word nie.

Dit is egter nie goed om 'n vloek oor mense te breek, tensy jy hulle laat verstaan wat jy doen en hoekom jy

dit doen nie. Indien 'n persoon iets nie verstaan nie, sal die persoon nie glo dat dit nodig is nie, of nie glo dat dit sal werk nie. As ek nie daarin kan glo nie, kan ek nie geloof hê nie, en sonder geloof sal niks verander nie.

**HOE AFFEKTEER DIT MY**

Baie dinge wat in ons lewens gebeur is direk gekoppel aan hierdie vloeke. Dit gee Satan die reg om mense aan te val want hulle is aan Satan opgedra en Satan lê beslag op die mense sonder dat hulle dit besef. Net soos wat ’n kind van YHWH deur die Heilige Gees gelei word na YHWH, so word hierdie mense deur onrein geeste gelei na Satan en die diep, donker put van onheil. Mense dink hulle is op die regte pad want hulle gaan kerk toe, leef ’n goeie lewe en doen nie sondes nie maar min wetend dat hulle op die verkeerde pad is. Hulle vertrou op ander mense om vir hulle die pad aan te wys. Die blindes lei die blindes en val in die gat.

Meeste mense vind dit baie moeilik om te erken dat wat hulle sover in hulle lewens gedoen het verkeerd was. Hulle het sover op hierdie verkeerde pad geloop dat hulle nie wil stop en terug keer na die regte weg nie. Hulle wil op die weg bly waar hulle is, want hulle wil saam met hulle vriende loop op dieselfde pad as hul voorgeslagte.

’n Groot getal mense sterf as gevolg van hierdie vloeke. Baie mense lei aan siektes en kwale as gevolg van hierdie vloeke.

Die vloeke moet verbreek word voordat die mense los gemaak kan word van die nagevolge van die vloeke. Jesus het vir sy dissipels gesê: "Laat die dooies die dooies begrawe." As jy saam met Yeshua die ewige lewe wil lewe moet jy die weg bewandel wat na die ewige lewe lei. Ons moet ons rug keer op wat verkeerd is ongeag wie betrokke was. Ons tradisies, gewoontes en familie bande moet nie 'n struikel blok in ons pad wees nie. Ons keer nie ons rug op die mense nie maar op wat hulle gedoen het en waarby hulle betrokke was. Die voorgeslagte wat op die verkeerde pad geloop het sal, as hulle kon, terug kom en hulle nageslagte smeek om nie te doen wat hulle gedoen het nie, en om weg te breek van wat hulle gedoen het.

Die Bybel leer ons ook dat ons selfs vir ons vyande moet bid en ons moet die seën wat ons vervloek. Dit geld ook vir die wat veroorsaak het dat ons met 'n vloek gestraf word as gevolg van hulle optrede. (Beveg sleg met goed – beveg Satan met YHWH). Onthou ons vergeef die mens en bid vir die mens wat ons vervloek want hierdie mens is/was onderhewig aan demoniese aanvalle. Bestraf/bind of verwyder die demoon en die persoon sal nie ander mense vervloek nie.

Daar is net een weg, een waarheid en een ewige lewe. Is jy op hierdie weg, gebaseer op die waarheid op pad na die ewige lewe?

**HOE OM VAN VLOEKE VERLOS TE WORD**

Identifiseer enige moontlike vloeke in jou lewe. Gaan

jou gesin se agtergrond na. Vind uit waar die voorwerpe in jou huis vandaan kom. Die meeste huise het iets. Moenie laat emosies en gehegtheid jou verhinder nie. Sodra jy al die moontlike vloeke geïdentifiseer het:

- Verwyder en verwoes alle aandenkings, alles wat met 'n vloek verbind kan word soos boeke, tydskrifte, musiek, video's, klere, juwele, ens.- moenie dit weggee of sit waar iemand anders dit kan kry nie.
- Bely enige van jou eie of voorvaders se sondes of betrokkenheid by wat ook al 'n vloek kon veroorsaak.
- Bekeer jou daarvan-opregte bekering.
- Verloën dit.
- Vergewe alle persone wat die vloeke veroorsaak het.
- Bestraf en kanselleer die vloeke, beveel dit om jou te verlaat en verklaar jouself vry in Yeshua se Naam.

**GEBED VIR DIE BEVRYDING VAN VLOEKE**.

Jesus Christus, ek glo dat U die Seun van YHWH is en die enigste weg na YHWH. Ek glo dat U vir my sondes aan die kruis gesterf het en dat U weer uit die dood opgestaan het. Ek erken dat U my Leier en Verlosser is. Ek bely U as my Leier, en deur U genade, sal ek U volg en U gehoorsaam. Ek bely enige sonde in my lewe, en enige sondes van my voorvaders. Ek vertrou U vir vergifnis.
Deur my wilsbesluit vergewe ek alle persone wat my benadeel of verontreg het. Ek vergewe hulle nou soos ek

wil hê U moet my vergewe. Ek lê alle bitterheid, haat, wrok en rebellie neer.
Jesus (Yeshua), U weet van enige donker skaduwee oor my lewe, enige vloek oor my voorvaders wat oor my gekom het deur my bloedlyn. Ek dank U Jesus, dat U namens my vervloek is aan die kruis sodat ek van die vloek verlos kan word en die seën kan binnegaan. Om dit te doen verloën ek alle bande met Satan, en met alle okkultiese magte, en die Vrymesselaars, hetsy deur myself of my voorvaders, of ander verwante van my. Ek verbind myself om my huis te reinig van alle voorwerpe wat Satan eer of YHWH oneer aandoen. Met u hulp sal ek van alles ontslae raak en vernietig.
*En nou, gebaseer op my belydenis van die gesag van u Woord en U Naam Yeshua, maak ek myself en diegene wat aan my verwant is los van enige vloek wat oor my was, en deur geloof dank ek U nou vir die vrymaking. Amen.*

**DIE OU MENS**

Die "ou mens" verwys na die persoon wat ons was voordat ons wedergebore geword het. Die deel wat aan die duiwel behoort het. Dit wat in ons was, wat gekruisig moes word. Die eie ek, sal nie 'n natuurlike dood sterf nie. Jy moet dit kruisig deur te weier om daardeur beheer te word. Kruisig dit daagliks want dit hou aan kop uitsteek.
Ons moet beheer aan Christus oorhandig.
Mense wat die vermoë gegee is om te sien hoe demone mense oorneem sê dit lyk soos wanneer ’n mens ’n oorpak aantrek. Die demoon gly oor die persoon soos ’n

stuk materiaal wat hy aantrek. As die demoon die persoon binne gaan dan seil die demoon, soos ’n slang, deur die persoon se mond in sy binneste in.
Om ons “oumens” te kruisig, moet ons hierdie ou kleed uit trek en in dieselfde proses ’n nuwe skoon kleed aantrek. Jy moet alles wat oud is uit trek, jouself skoon was en dan eers die nuwe aantrek. Jy kan nie die ou een uit trek en nie die nuwe aantrek nie want dan is jy kaal en as jy kaal is gaan Satan terugkom en jou weer klee. Jy kan ook nie beide vuil en skoon klere te gelyktydig aantrek nie. Daar is wel mense wat skoon klere bo oor vuil klere aantrek. Hulle maak dan of hulle God se kinders is. Dit is mense wat nog steeds onrein geeste het.

Mense wat innerlik deur die vloeke en demone geraak word moet dit uit kots. Ja, opgooi.
Jy kan nie nuwe wyn in ’n ou wynsak gooi nie en jy kan nie ’n gat in ’n ou kledingstuk met ’n nuwe lap regmaak nie. Dit werk nie.

Meeste Afrikaners, soos wat die Israeliete, was en is nog in die geestelike woestyn. Hulle is besig om terug te verlang na die dae in Egipte en is so besig om teen die prikkels te skop dat hulle skoon vergeet dat hulle in die woestyn gaan omkom as hulle nie daar kan uit kom nie. Satan hou hulle in die woestyn. Die tyd loop uit!

Wil jy in die woestyn omkom of wil jy vir ewig lewe? Wil jy toelaat dat die vloeke en slagspreuke jou laat omkom of wil jy dit van jou af weg werp en dit kanselleer.

**WANDEL IN DIE GEES**

Jou daaglikse wandel (hoe jy lewe) kan beheer word deur Satan wat jou vlees, die wêreld en demoniese magte gebruik om jou te beheer as jy dit toelaat. Jy hoef nie beheer te word deur die wêreld, die vlees of die duiwel nie. Jy kan leer om in die Gees te wandel. Om in die Gees te wandel beteken om God se Heilige Gees toe te laat om jou gedrag en lewe te beheer. Die vlees is nie magtiger as die gees nie. As jy saam met Yeshua wil wandel moet jy soos Hy wandel en op dieselfde pad as Hy wandel. Dit word vergelyk met iemand wat op die sand loop en daar is net een stel spore al loop jy saam met Yeshua.

As jy toelaat dat die Heilige Gees se krag in jou manifesteer, sal Hy jou sterflike siel verander sodat jy ’n onsterflike siel sal kry. ’n Sterflike siel gaan hel toe en ’n onsterflike siel gaan hemel toe.
Om deur die Gees gelei te word, moet jy die Heilige Gees binne-in jou hê. Jy moet die ou onrein gees wat jou beheer het, uitwerp en met die Heilige Gees gevul word en so wedergebore word.

ONTWIKKEL N KARAKTER VAN VERLOSSING

- Erken jy is nie van hierdie wêreld nie. Jy is 'n vreemdeling hier, en jou tuiste is in die Hemel.
- Verstaan dat jy verdrukking in die wêreld sal ervaar.
- Besef dat die genot van die wêreld nie die moeite werd is om jou siel te verloor nie.
- Erken die tydelike aard van die wêreld.

- As gelowige hoef jy nie in slawerny van die wêreldstelsel te wees nie.
- Jy is nie langer onder die mag en beheer van die wêreld (Satan) nie. Hy wat in jou is, is baie magtiger as Satan.
- Leef afgesonderd/geskei/apart van die wêreld-moet nie soos die wêreld lewe nie.
- Weerstaan temptasie, en neem elke gedagte gevange.

VERSTAAN JOU MISSIE

Jou hoof doelwit in hierdie lewe is om jou eindbestemming te bereik. Jou eindbestemming is om as 'n boublok in die hemelse Tempel, jou plek in te neem by jou Vader in die hemel. Jy moet nie toelaat dat die wêreld jou regeer nie, maar jy moet die wêreld oorkom. Die gelowige behoort 'n lig in 'n wêreld van duisternis te wees, die heerlikheid van YHWH te weerspieël en die goeie nuus van die Evangelie van verlossing te deel met ander mense.

Die impak van die vroeë gelowiges op die wêreld was so groot dat daar van hulle gesê is dat *hulle "die wêreld in opstand gebring het"* (Handelinge 17).

Soos soldate in 'n weermag, wat op 'n sending in 'n vreemde land uit gestuur word, is gelowiges op 'n spesiale sending van God in die wêreld. Ons is beveel om boosheid te oorkom, om die werke van die duiwel te vernietig en staande te bly.

## SATAN VAL DIE VERSTAND AAN

Die grootste gebod is om YHWH lief te hê met ons hele verstand, met al ons krag en met ons hele verstand. Dit is een van die hoofredes waarom Satan ons verstand aanval. *"En Jesus sê vir hom: Jy moet YHWH jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele siel, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.; Dit is die eerste en groot gebod."* (Mattheus 22)

Satan veg vir ons verstand, ons wil, ons emosies, ons verbeelding en ons begrip omdat dit geestelik aan ons siel en mond gekoppel is: *"Alle dinge wat egter uit die mond uitgaan, kom uit die verstand, wil en emosie en dit maak die mens onrein, want uit die verstand, wil en emosie kom daar bose gedagtes, moord, egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, valse getuienis en laster." (Mattheus* 15).

Satan veg vir die *verstand, wil en emosie*, want die manier waarop ons dink, beïnvloed die manier waarop ons *optree" Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie, praat die mond. "* (Mattheus 12)

Satan weet as hy ons verstand kan beheer dan beheer hy ons liggaam, ons gedrag, ons denke, en uiteindelik ons siele.

Satan misbruik ook ons liggame, ons behoeftes en drange om ons verstand aan te val.

Dit is die gevaar van slagspreuke soos “Moor die Boer.” Die persoon wat dit uiter se verstand, wil, en emosie en siel kan geheel en al deur onrein geeste oorgeneem word en dan gaan hulle oor tot die implementering van die daad. Die aanhoorder kan dit passief aanhoor en so

’n deur oop maak vir demoniese oorheersing en die gevolge daarvan.

## KOGNITIEWE DISSONANSIE (BRAIN FOG)

Op die gebied van sielkunde kom **kognitiewe dissonansie** voor wanneer iemand twee of meer teenstrydige oortuigings, idees of waardes besit, of deelneem aan 'n aksie wat teen een van hierdie drie in stryd is. Satan werk in die gedagtes van mense om hulle te verblind/verdoof/verdof vir die waarheid.

In meeste gevalle is brein disfunksies/afwykings direk as gevolg onrein geeste wat dit veroorsaak. Satan verdof, verdoof, verblind en verwoes mense se verstand.

Min mense besef dat die Koronavirus inentings entstof ’n demoniese oorsprong het. Mense het bang geword vir die Korona Virus en vrees bevange begin raak. In plaas van op YHWH te vertrou hardloop hulle toe na Satan toe. Die “gees van vrees” is die reg gegee om die persoon binne te gaan. Die gees van vrees oortuig die persoon om die entstof te ontvang, nog onrein geeste neem beheer oor van die persoon. Daar is verskeie nagevolge soos “brainfog-kognitiewe dissonansie”, bloedstolling, hart siektes, brein siektes, long siektes, outo-immuun siektes, ens.

Mense met kognitiewe-disassosiasie kan nie die waarheid verstaan nie. hulle is verblind soos Farao in die tyd van Moses. Hierdie geestelike siekte hou baie

mense gevange en daarom kan mense nie uit die kloue van die onrein geeste ontsnap tensy hulle bevryding ondergaan nie. Die onrein geeste moet bestraf word, gebind word en uit gedryf word in Yeshua se Naam. Daarna moet die persoon seker maak dat die heilige gees in die persoon woon anders kom die demone terug, en bring hulle demoniese vriende saam.

Dit is nie altyd nodig om demone uit te dryf nie. Ons kan die demone bestraf en bind en beveel om op te hou om die persoon se verstand te verdof en verhoed dat die persoon die waarheid hoor en verstaan.(In die Naam van Jesus). Die demoon sal dan nog daar wees maar homself gedra.

Die besnydenis van ons harte(siele) waarvan die Bybel ons leer is in werklikheid die verwydering van die vlies/vel wat ons verhoed om YHWH duidelik te "ervaar/hoor/beleef/verstaan". Ons moet die vlies verwyder deur van die onrein geeste ontslae te raak.

**ANDER DEMONIESE SIEKTES**

Daar is baie siektes wat 'n demoniese oorsaak kan hè. Dit sluit in: Depressie, wanhoop, moedeloosheid, wraaksug, rebellie, kanker, fobies, irritasies, ongeneeslike siektes, onverklaarbare siektes, verslawing, wangedrag, vetsug, en vele meer. Onthou alle siektes kom van Satan. Ons kry die siektes as gevolg van oorerwing, ons gedrag, ons gewoontes,

ons gebrek aan kennis, geestelike oop deure/hekke, afgodediens, assosiasies, sielsbande, sonde, vloeke, wellus, vuil gedagtes, ens.

## BESKULDIGING EN VEROORDELING

Satan word "die aanklaer" genoem (Openbaring 12:10). Hy stuur vurige pyle van beskuldiging in jou gedagtes, laat jou minderwaardig voel en veroordeel jou. Hy sal jou skuldige gevoelens van skaamte, onwaardigheid en verleentheid gee.
Een goeie manier om die verskil tussen die oortuiging van die Heilige Gees en die veroordeling van Satan te onderskei, is om te onthou dat Satan altyd veralgemeen. “Jy is nie goed nie,” “Jy kan nooit 'n Christelike lewe lei nie, “YHWH kan jou nie liefhê nie, want jy is te ’n groot sondaar.” “Jy is, ’n dronkaard, nutteloos en onwaardig.”

Wanneer die Heilige Gees jou oortuig, is dit spesifiek. Byvoorbeeld, Hy bring onder jou aandag dat jy 'n probleem met woede of oneerlikheid het. Satan val jou persoon aan terwyl die Heilige Gees jou bewus maak van onrein geeste in jou lewe.
Die Heilige Gees sal nooit ’n mens aankla, beswadder, verkleineer, ander se foute en sondes uitwys of beskuldig nie. As ’n persoon by jou kom en hierdie dinge doen dan weet jy dit is Satan wat die persoon gebruik om dit te doen.
(2 Timoteus) “*want God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en dissipline.”* As ons

luister na die Heilige Gees sal ons staande bly teen Satan se aanvalle.

**GEESTELIKE WEERSTAND**

Wanneer ons die arsenaal van wapens wat Satan teen ons gebruik nie weerstaan nie sal ons die stryd verloor. Haat kan ly tot moord-begeerte of diefstal of bandeloosheid of egskeiding.

Die Bybel leer ons egter dat YHWH nooit sal toelaat dat Satan ons beproef sonder dat Hy vir ons 'n uitweg gee nie.
Wandel in die Gees. Laat die Heilige Gees jou stap vir stap lei. Ons kies die weg wat ons wil volg maar Heilige Gees wys vir ons stap vir stap, hoe om op die weg te bly. Luister vir die Heilige Gees en doen wat Hy sê.



Wanneer Satan met beskuldigings van skuldgevoelens kom, gebruik die Skrif.  Ken jou Bybel sodat jy dit kan gebruik wanneer jy dit nodig het.

Laat die Heilige Gees jou lei. Paulus het onder die inspirasie van die Heilige Gees *geskryf: "Laat hierdie gedagtes in julle wees wat ook in Christus Jesus was*."

Ons word aangesê: "*Ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Die Gesalfde Een*." (II Korintiërs 10). As gedagtes nie van die vyand af gekom het nie, sou daar geen rede wees om hulle gevange te neem nie. Dink aan hoe 'n soldaat 'n vyand gevange neem in die natuurlike wêreld. Pas hierdie idees geestelik toe terwyl jy elke gedagte "gevange neem".
Paulus het gesê: *"want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie, want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings,"*. (II Kor. 10)

Ons moet bose gedagtes wat Satan in ons kop plaas, verwerp. Een manier om die lendene van jou gedagtes te "omgord" is om jou kop te vul met rein gedagtes. Wandel in die Gees, herdink alles wat rein is en luister na opbouende musiek. Lees opbouende leesstof, bestudeer die Bybel, soek die waarheid, loof YHWH die hele dag, in alles verbly julle in YHWH.

## DIE TONG

Die Bybel sê "*Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur, want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur, maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif. Daarmee seën ons YHWH-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die beeld van YHWH. Uit dieselfde mond kom seëninge en vervloeking.*" (Jak 3)

Die tong is kragtig as gevolg van die effek wat dit op onsself en ander mense het. Die tong het die mag om die dood of lewe te bring. Die voorafgaande is duidelik as ons na die slagspreuk "moor die Saaier, moor die boer" kyk.
"*'n Goeie mens bring 'n goeie skat van uit sy hart uit; en 'n slegte mens bring 'n bose skat uit sy hart; want uit die oorvloed van die hart praat die mond."* (Lukas 6)

Satan gebruik die bose dinge wat ons sê om 'n opening in ons geestelike omheining te veroorsaak: "*Die tong van die wyse gebruik kennis reg, maar die mond van dwase spoeg vloeke uit.* (Spreuke 15)

Neem elke gedagte gevangene. Dink voor jy praat. Spreek lewe oor mense en nie die dood nie.

Die eerste stap om oorwinning oor die tong te behaal, is om ons harte/siele reg te kry. Ons monde sal spreek wat in ons harte/siele is. As ons harte/siele nie reg is nie, sal ons tong dit openbaar. Laat die Heilige Gees ons tong beheer. Waar die hart van vol is loop die mond van oor. Moenie die verkeerde skatte na jaag nie want waar ons gedagtes is daar sal ons skatte wees en waar ons skatte is daar sal ons harte/siele ook wees en waar ons harte/siele is daar sal ons ewige lewe wees. Dit waarmee ons ons gedagtes besig hou bepaal uiteindelik ons ewige lewe of ewige dood.

Erken dat julle verantwoordelik gehou sal word vir die woorde wat uit julle monde kom*: "Maar Ek sê vir julle dat elke ydele woord wat die mense spreek, hy daarvan rekenskap sal gee*" (Mattheus 12).
Hoe meer 'n mens praat, hoe groter is die moontlikheid om te sondig. Vreedsame woorde is kragtiger as woorde van woede (Spreuke 25).

Met God se hulp, kan ons die tong beheer. Maar ons moet daadwerklik optree om ons eie tong te beheer.*(1 Pet. 3).* Spreek woorde van wysheid en vriendelikheid. (Prov. 31)

VOORDAT JY PRAAT, VRA HIERDIE VRAE

1. Sal dit wat ek wil sê, eer aan God bring?
2. Is dit die waarheid?
3. Is dit regverdig teenoor alle betrokkenes?
4. Sal dit vir alle betrokkenes voordelig wees?
5. Sal dit ander opwek (lei tot goeie wil en beter vriendskappe)?

6. As jy van 'n ander persoon praat, sal jy dieselfde ding vir hom of haar sê?
7. Weet jy dat wat jy sê 'n feit is of het jy by jou eie gevolgtrekkings gekom nadat jy gerugte gehoor het?
8. As jy iets teen jou broer of suster het, het jy probeer om met hulle versoen te word voordat jy dit met ander bespreek?
9. Is dit absoluut noodsaaklik dat jy dit sê?

BID HIERDIE GEBEDE
"*Stel 'n wag, voor my mond; en voor die deur van my lippe.*" (Psalms 141) "*Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart aanvaarbaar wees vir U, YHWH, my sterkte en my Verlosser."* (Psalms 19)

**DIE MURE OM ONS**

YHWH se kinders het almal ’n muur of heining om hulle. Hierdie heining/muur beskerm ons teen die aanvalle van Satan en sy demone. Die muur om ons is soos die muur om Jerusalem wat die mense in die stad beskerm. As daar ’n opening in die muur is of ’n hek is oop dan kan die vyand in kom.

Nehemia beskryf die toestand van die mure rondom Jerusalem. Hulle was verwoes, vernietig deur vyandige inval, en die poorte was met vuur verbrand. Ons is nou bou blokke/stene in die Tempel van YHWH. Die Tempel is nie meer in Jerusalem nie en daar sal nooit weer ’n fisiese Tempel op aarde wees wat deur mense gebou is nie. As ons geestelike mure vernietig/gebreek is, is ons

ook oop vir aanval deur die vyand. Ons het geen beskerming nie. Dit is ons eie skuld.

Nehemia het erken dat die mure vernietig is en die stad in sy huidige toestand was weens sonde. Wanneer jou geestelike mure verwoes is, is dit ook weens sonde. Ons sonde of die nagevolge van ons voorgeslagte se sondes. Ons praat van sonde teen YHWH. Ons moet weet wat die gat in die muur veroorsaak het, dan moet ons vergifnis vra en ons dan bekeer van dit wat verkeerd is. Nehemia het 'n intense invloed van God gevoel om die mure van Jerusalem te herbou om beskerming vir inwoners te bied. Hy en sy werkers was vasbeslote om *"op te staan en te herbou"* (Nehemia 2).

Ons moet opstaan en herbou. Die Bybel leer ons dat ons na die kruispad moet gaan en die weg van ouds vind en dan moet ons dit volg. Breek met die sondes van ons verlede en ons voorgeslagte. Raak ontslae van die vloeke. Jaag die demone weg. Herbou die mure op die Rots-Yeshua. Berei die boublokke voor, voordat die bouwerk begin. Maak seker elke blok sal pas in sy plek anders kan die blok nie pas nie en sal verwerp word.

Toe Nehemia vasbeslote was om die muur rondom Jerusalem te herbou, het hy kragtige teenkanting van sy vyande gekry. Wanneer ons vasbeslote is om geestelike mure te herbou, sal ons soortgelyke teenkanting van ons vyande beleef. Die strategieë van die vyande van Nehemia is identies aan die strategieë wat Satan gebruik om geestelike mure aan te val. Ongelukkig gebruik Satan selfs diegene wat baie na aan

ons is om ons te laat struikel. Wees op julle hoede, dag en nag. Toets die mense deur na die vrugte wat hulle dra te kyk. Die vrugte wat mense dra kom vanaf die gees wat die mens beheer. Goeie vrugte kom van die Heilige Gees en slegte vrugte van Satan.

**OORDRAG VAN GEESTE**

Hierdie situasies vind plaas as gevolg van 'n strategie van Satan wat "oordrag van geeste" genoem word. Om "oor te dra" beteken om van een persoon na 'n ander oor te dra. Die woord "gees" in hierdie voorbeelde kan verwys word na die "karakter, gesindheid of motief agter 'n aksie" Maar hierdie “karakter en gesindheid” kom van 'n demoniese bron. Ons moet onthou dat YHWH vir alle mense 'n siel gegee het en YHWH sal vir niemand nie 'n negatiewe of slegte siel gee nie. 'n Persoon word sleg of negatief wanneer die persoon 'n demoniese invloed in sy lewe het wat sy eie goeie siel oorskadu.

Die optrede van elke persoon vertoon 'n sekere "gees." of “karakter.” Byvoorbeeld, 'n persoon demonstreer, 'n sagte gees, 'n uitbundige gees of 'n rebelse gees deur sy dade. 'n Persoon se siel kan beïnvloed word deur die geestelike magte van goed of kwaad en hy kan sy siel op 'n persoonlike of groep basis aan ander oordra.

Voordat ons 'n paar Bybelse voorbeelde van oordrag van geeste bestudeer, is dit belangrik om ons eie siel te verstaan en waarom dit 'n belangrike teiken van Satan se aanval is. YHWH het ons siele geskape.

Ons onderskei tussen die mens se siel en gees alhoewel meeste Bybels die twee wederkerig gebruik. Ons verwys na die mens se “siel” en die “Heilige Gees of Gees” van YHWH sodat daar nie verwarring tussen die mens se siel en YHWH se Gees kan wees nie. Die mens se siel is ’n geestelike wese wat vir ewig sal lewe. Dit is die siel wat lewe gee: *"Want die liggaam sonder die siel is dood,"* (Jakobus 2:26).

By die natuurlike dood keer die siel en Gees wat ons lewens beheer terug na YHWH (As ons kinders van YHWH is): *"En die Gees sal terugkeer na YHWH wat dit gegee het." (Prediker*12:7). Ons siele gaan na die hemel of die hel afhangende van wie ons god is.

YHWH is die Meester/Leier van ons siele: *"as ons, ons vleeslike ouers, wat ons as mense gehoorsaam; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons geestelike Vader te gehoorsaam nie”.* (Hebreërs 12:9) YHWH wil Sy Gees (die Heilige Gees) binne-in ons laat lewe, sodat ons in staat sal wees om vir Hom te lewe. Daarom val Satan jou siel aan: "*Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom*" (Esegiël 36:27) Die Heilige Gees sal ons siele help om YHWH te volg.

YHWH sal ons siele bewaar in heiligheid tot die wederkoms van Yeshua: *"Hy, die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, sal julle almal volkome afsonder en julle volkome, (siel, verstand, wil, emosie en liggaam) geheel en al foutloos*

*beskerm tot by die koms van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! ".* (I Tessalonisense 5:23).

’n Belangrike rede waarom Satan die siel van die mens aanval, is omdat dit die siel is wat saam met die Heilige Gees getuig en die versekering van *verlossing gee: "Die Heilige Gees self getuig met ons siele, dat ons die kinders van YHWH is." (Romeine*8:16).

Nog 'n rede is dat YHWH ons siele gebruik om ons lewens te lei. In die natuurlike wêreld gee 'n kers/lamp lig sodat 'n mens kan sien. Dit is die funksie van die Gees in die geestelike wêreld: Ons moet in die Lig loop en nie in die donker nie want ons lig kan saam met die Lig van YHWH saam leef. *"die Gees wat in die mens woon is 'n lamp van YHWH, wat die dieptes van die innerlike deursoek*" (Spreuke 20:27).

Satan val ook die siel aan omdat hy weet dit is 'n mens met die regte siel wat YHWH vir Sy koninkryk gebruik: *"... maar na hierdie een sal Ek kyk: na hom wat nederig is, berouvol van siel is en wat My Woord respekvol vrees." (Jesaja* 66:2).

Dit is moontlik om "'n ander gees" te ontvang. Paulus noem die oordrag van "'n ander gees": "*Want as hy wat kom, 'n ander Jesus verkondig wat ons nie verkondig het nie, of as julle 'n ander gees ontvang wat julle nie ontvang het nie, of 'n ander evangelie wat julle nie aanvaar het nie..."* (II Korintiërs 11:4). Bybelse voorbeelde ondersteun ook die konsep van oordrag van geeste. 'n Voorbeeld van die oordrag van 'n goeie gees

word gevind in Numeri 11:16-17:"*En Ek sal neerdaal en met julle praat: En Ek sal die Gees wat op julle is, neem en dit op hulle plaas; en hulle sal die las van die volk met julle dra," (Numeri*11:16-17). Die kragtige salwing van YHWH op Moses is van hom oorgedra na hierdie geselekteerde ouderlinge. Hulle het onder die invloed van Moses gekom. Dieselfde kan met bose geeste gebeur. Die bose gees in een persoon (leier van 'n groep) kan die hele groep beïnvloed wat 'n siel-verbinding met die leier het. Dit is ook hoekom Yeshua ons waarsku om niemand anders "leier" te noem nie. Hy wie ons as leier aanvaar het die reg om ons siele te beïnvloed.

Satan is 'n nabootser. Hy gebruik die patroon wat deur YHWH geskep is vir die oordrag van 'n goeie gees om onrein geeste aan mense oor te dra. Hierdie kragtige strategie van oordrag van geeste is verantwoordelik vir baie van die geestelike oorloë wat vandag deur gelowiges geveg word. Dit is verantwoordelik vir die skielike veranderinge van positiewe tot negatiewe gedrag wat ons gewaar in diegene rondom ons is. Dit verduidelik waarom twee kinders, wat in dieselfde huis grootgemaak is, wat dieselfde Christelike opleiding ontvang, so anders kan uitdraai. Dit is die rede agter verdeeldheid in huise, vriendskappe en kerke.

Wanneer jy noue verbintenis het of jy kom onder die invloed van 'n persoon met 'n gees kragtiger as joune, is jy oop vir die oordrag van daardie gees. Jy word beïnvloed deur daardie gees en dit word aan jou oorgedra. Daarom word kinders en jong volwassenes gewaarsku teen die "verkeerde vriende", omdat hulle die

verkeerde gees in hulle het, en dit kan oorgedra word. As jy iemand wat slag spreuke soos “Moor die Saaier, moor die Boer” uiter as jou leier het, gee jy die onrein gees in daardie persoon die reg om oorgedra te word na jou toe. Hierdie onrein gees beheer dan die mense en kan manifesteer deur die slagspreuk in daad uit te voer.

Dit geld ook indien ons nie die vloek kanselleer nie. Mense besef nie dat hulle laksheid (Gees van laksheid) hulle beheer en dan lei hierdie onrein gees, wat ’n persoon toegelaat het om in te kom, die persoon om in ’n situasie te beland waar die aggressor hom/haar kan aanval. Dit geld vir meeste onheil wat mense oorval insluitende verkragting, aanranding, molestering, moord ens.

Hierdie beginsel word selfs in kerke gebruik om kerk lede te kry dat hulle blindelings die kerkleier navolg. Ons sien dit veral by kerke waar mense al hul besittings en geld vir die kerk gee. Daar was ook voorbeelde waar al die kerk lede selfmoord gepleeg het, gif drink, op warm kole loop, ens.

YHWH het geestelike teen strategieë gegee om die oordrag van 'n bose gees te voorkom:

BESKERM JOU EIE SIEL: Moenie ’n deur oopmaak wat sal toelaat dat onrein geeste jou binne kom of beïnvloed nie.

BEWAAK JOU TONG: Soos jy geleer het, kan die tong veroorsaak dat jy toegang tot die vyand bied.

BEWAAK JOU GEVOELENS: Moenie jou respek en liefde aan enigiemand gee nie. Jy maak jouself emosioneel oop vir diegene wat jy liefhet en respekteer en dit maak jou ontvanklik vir hulle gees. (Sielsband). Ons praat hier van menslike, erotiese liefde.

KIES NOUKEURIG JOU VRIENDE EN ASSOSIASIES: Die boek Spreuke waarsku herhaaldelik oor die gevaar van vriendskappe en assosiasie met diegene wat onrein geeste het. As jy met wyse manne wandel, sal hulle gees aan julle oorgedra word: (Spreuke 13:20). Die teenoorgestelde geld ook.

BEWAAK JOU FISIESE SINTUIE: Jy sal onthou uit die bestudering van die vlees dat jou fisiese sintuie belangrik is. Beskerm jou gehoor teen skinder, beskuldigings, laster en kritiek. Hulle kan veroorsaak dat jy 'n verkeerde gees ontvang. Bewaak jou oë van gewelddadige en pornografiese films of leesmateriaal wat geeste van owerspel, wellus, geweld, vrees en angs sal in bring. Beskerm jou mond en tong. Wat jy se en wat jy eet.

WEES VERSIGTIG OM HANDE OP TE LÊ: Die "oplegging van hande" is een van die fondamente van die Christelike geloof waarvan Paulus in Hebreërs 6:1-3 gepraat het. Wat hier belangrik is om te weet, is dat, soos gedemonstreer in die storie van Moses en die sewentig oudstes, 'n rein gees oorgedra kan word deur die "oplegging van hande." As 'n rein gees oorgedra kan

word deur die oplegging van hande, kan 'n bose gees ook. Selfs in 'n kerk moet mens baie versigtig wees.

Moenie dat die “gees van laksheid” jou beheer nie.

**DIE HOË PLEKKE**

Dit blyk inherent te wees in die menslike natuur om aan YHWH te dink as om iewers in die hoogtes te woon. Van vroegste tye af, het mense hoë plekke gekies vir aanbidding, beide waar YHWH en valse gode/afgode aanbid is. In die Ou Testamentiese tye, het hierdie hoë plekke die tonele van bose byeenkomste en menslike offerande geword wat verband hou met die aanbidding van onrein geeste. Argeologiese opgrawings het bewys dat daar gebruik gemaak is van Dagga om in hierdie plekke gebrand te word sodat die inaseming van die rook dit makliker gemaak het om met die onrein geeste te kommunikeer. Enig iets wat die menslike brein bedwelm stel die onrein geeste in staat om oor te vat. Dit is hoekom verslawing aan enige middel so gevaarlik is.
YHWH het vir Israel gesê toe hulle die Beloofde Land binnegegaan het om al die inwoners van die land uit te dryf en hulle hoë plekke te vernietig: (Numeri 33:52)
YHWH vra nog steeds dat ons "geestelike goddelose hoë plekke" vermy en dat ons geestelike oorlog voering sal gebruik om dit te beveg.
Ons moet ook ons eie persoonlike hoë plek, ons verstand, heilig hou, en alles wat ons verstand kan besoedel vermy.

## GEESTELIKE BOOSHEID IN HOË PLEKKE

Wanneer Paulus praat van "geestelike boosheid in hoë plekke", verwys hy na bose geeste wat in die tweede hemel is en ook die godsdienstige stelsels van die wêreld geïnfiltreer het. Hulle het selfs in die gemeentes van die regverdiges ingesluip. Satan het sy bose magte georganiseer om die organisasie van die ware kerk van YHWH na te boots.

Maar selfs gevaarliker, Satan het sy stelsel reg in die ware kerk opgestel deur bose mense wat "onbewus ingesluip het" (Judas 4). Baie bekende kerke en denominasies is geïnfiltreer en die lede van die kerke speel heerlik saam omdat die onrein geeste hulle verstand oorgeneem het. Toe ons na die Vrymesselaars gekyk het, het ons gesien hoe dat meeste Volksleiers insluitende kerkleiers lede van die Vrymesselaars was en nog steeds is.

## SATAN HET SY EIE KERK

Satan het sy eie kerk en hy het ook van die kerke oor gevat wat bekend staan as die "Liggaam van Christus" waarvan Jesus die hoof was: Satan het beheer oor geneem en nou is dit "*'n sinagoge van Satan":*
Die naam "sinagoge van Satan" word nie altyd openlik gebruik nie, maar sy sinagoge sluit kerke in wat oral gevestig is, waar die ware Evangelie van die Here Jesus Christus nie verkondig word nie. Hoe weet ons watter kerk is die ware kerk. Die Bybel sê toets hulle aan hulle

vrugte. Die ware kerk sluit alle gawes van die Heilige Gees insluitende die uitdryf van demone en spreek in tale in. Die opdrag was ook om Dissipels te maak van die mense. Watter moderne kerk doen dit?

**SATAN SE LEERSTELLINGS**

Die Bybel is gevul met die ware leerstellinge van YHWH wat deur die Heilige Gees geopenbaar word maar daar is ook baie weergawes van die Bybel waarin valshede ingesluip het en dit verkondig word asof dit die woord van YHWH is. Satan is baie slim en hy weet wat hy mag en wat hy nie mag doen nie. Daarom is hy baie slim deur te sê dit is 'n "weergawe" van die woord van God. So is die Afrikaanse Bybel ook net 'n weergawe. Die woord "Bybel" beteken "boek"- nie Woord van YHWH nie. Die "boek" is 'n weergawe van die Woord.

Die Heilige Gees word nie in meeste kerke toegelaat nie. AS jy dit nie glo nie kan jy maar toets. Vra die pastoor uit oor spreek in tale asook uitdryf van demone en jy sal gou die reaksie sien. 'n Ware kerk van YHWH sal beide met graagte toepas op 'n gereelde basis.
Spreek in tale en ander gawes van die Heilige Gees is nie teenwoordig in die kerke nie.

Daar is kategorieë van demone wat *"verleidende"; "godsdiens"; "heksery"; en "Isebel" geeste genoem word.* Hulle spesifieke werk is om kerk mense te verlei. Die "leerstelling van duiwels" is enige lering wat aangebied

word as "waarheid" wat nie met die Woord van YHWH saamstem nie. Onthou die “Woord van YHWH” is Yeshua.

Een so 'n voorbeeld is dié van Pastore wat verband hou met Vrymesselaars. Hierdie Herders verkondig die woord en bid tot god. (god word doelbewus gespel met 'n "g") omdat dit nie die ware God is nie. Hulle noem Satan hulle god. Hulle noem hom selfs "ons vader". Yeshua het self vir die mense gesê: “julle behoort aan julle aardse vader, Satan.” Die normale kerk gaande mense besef nie dat hulle Satan aanbid nie. Die bose gees van hierdie pastoor het hulle gedagtes verdring en verdoof.

**SATAN HET 'N STELSEL VAN OFFER**

In Romeine 12:1 word ons aangesê om onsself aan YHWH voor te stel as 'n lewende offer. Dit beteken ons moet oorgee in algehele getrouheid aan YHWH.
Satan vereis ook offers: "Maar ek sê, dat die dinge wat die heidene *offer, offer hulle aan duiwels en nie aan YHWH nie, en ek wil nie hê dat julle gemeenskap met duiwels moet hê nie." (1* Kor. 10:20).

Mense offer hulle tyd en energie en geld en selfs hulle gedrag aan Satan. Gewese sataniste vertel hoe sataniste sestien tot twintig ure per dag spandeer om Satan se werk te doen. Onthou ALLE offerande of diens wat nie aan YHWH is nie, is offerande en diens aan Satan. Kyk

byvoorbeeld na die opneem van geld gedurende eredienste. Dit word gedoen omdat die kerk meer geld wil hê en wil seker maak mense gee omdat hulle skaam voel voor ander mense. YHWH haat geld (Mammon) en se ons kan nie Mammon en YHWH dien nie. YHWH wil nie ons geld hê nie. Hoekom dien die kerke dan vir Satan in die kerk.

YHWH het ook gesê: “die Heilige Gees sal julle leer.” Kerke sê nee – kom kerk toe ons sal julle leer. Hoekom? Sodat vals leerstellings en onrein geeste die mense kan beheer.

**SATAN HET SY EIE NAGMAAL**

Die deel van die nagmaal brood en wyn is deur Jesus begin as 'n manier om Sy offer vir die sondes van die hele mensdom aan die kruis te gedenk (1 Korintiërs 11:23-34). Satan doen dit deur sy eie gemeenskap: "Jy *kan nie die beker van die Here en die beker van duiwels drink nie; jy kan nie deel hê aan die Here se tafel en van die tafel van duiwels nie." (1*Korinthiërs 10:20).

Daar is ’n fisiese aspek en ’n geestelike aspek betrokke. Die fisiese aspek is die fisiese gebruik van die nagmaal wat ’n teken is van wat ons geestelike doen en wat geestelik gebeur. Ons word een met Jesus.

As ons die verkeerde manier en gesindheid aan die nagmaal deel neem, dan veroorsaak dit dat ons ’n vloek oor ons self bring. Die Bybel se dat mense selfs sal dood

gaan as gevolg daarvan want ons word een met Satan en dit word in die kerk gedoen.

Die brood is die liggaam van Yeshua en die wyn is die bloed van Yeshua. As ons dit eet en drink dan glo ons dat die wyn in ons liggaam opgeneem word en dan saam met ons bloed vermeng word, die bloed van Yeshua is wat met ons bloed vermeng en ons verander deurdat die bloed van Yeshua ons dan reinig en vernuwe. Dieselfde geld vir die brood. Die brood is die liggaam van Yeshua wat ons eet en dan word die liggaam van Yeshua op geneem in elke sel van ons liggame en sodoende vernuwe Yeshua ons. Ons word so geestelik genees. Dit kan ook liggaamlike genesing tot gevolg hè.
As ons die Woord en die Heilige Gees eet en drink dan sal ons ewig lewe. Maar as ons die “leun” eet en die “onrein geeste drink” sal ons vir ewig sterwe.

Die teenoorgestelde is waar. As ons Satan in neem dan neem hy ons liggaam en siel oor. Sataniste vier ook hulle eie nagmaal deur die Christelike nagmaal te ontheilig gedurende hulle diens aan Satan.

Al ooit gewonder hoekom so min kerke in die openbaar opstaan teen Satan? Hoe min kerke is by geestelike oorlogvoering betrokke. Waarom? - is hulle vir Satan en nie teen hom nie? Onthou as jy nie aktief teen Satan veg nie dan veg jy saam met hom. Neem die Korona inenting as voorbeeld. Hoeveel kerke was teen dit? Hoeveel kerke het hulle lede na hulle  dood gestuur deur hulle aan te moedig om die inenting te kry?

## DIE DOOP

Abraham moes homself en al sy nageslagte asook almal wat sy geestelike nageslagte word besny as ’n teken van hulle geestelike besnydenis. Geestelike besnydenis beteken verwerping van die duiwel. Dit was ook ’n teken van hulle hernuwing as kinders van YHWH.

So moet die doop ’n teken wees dat ons berou het oor ons sondes, besny is van ons “ou mens” en die duiwel, en dat ons weg gedraai het van Satan en dat ons nou kinders van YHWH is.

Satan se kinders word opgedra aan Satan en hulle ontvang demone tydens ’n satanistiese doop. So word baie mense voor en direk na geboorte aan Satan opgedra sonder dat hulle weet dit het gebeur. Dit gebeur dat sataniste in hospitale die pasgebore babas doop en opdra aan Satan sonder dat die ouers weet. Kyk maar hoe selfs Christelike kinders groot word en dan vol demone is. Waar kom dit vandaan?

## SATAN HET HERDERS

YHWH het sommige gelowiges geroep om as herders te dien en Sy kerk te bedien. (1 Korintiërs 12:28). Satan het ook bedienaars: "*en geen wonder nie, as hy, wat die teëstander is, homself voordoen as 'n boodskapper van lig! Dit is daarom niks groots wanneer sy diensknegte*

*hulle ook voordoen as diensknegte van onpartydige opregtheid nie,;"* (II Kor. 11:14-15). Wat is die werk van 'n herder? Hoeveel Christelike herders doen wat 'n goeie herder veronderstel is om te doen deur die vyand-demone-uit te jaag weg te jaag en te bestraf? As dit nie plaas vind in 'n kerk, wat se dit van die herder?

Die Satanistiese kerk het ook herders wat hulle meer van Satan leer en volgelinge leer hoe om YHWH aan te val.

## SATAN SE EVANGELIE

Die "evangelie" van Satan is in stryd met die Evangelie van YHWH. Al die gelowe wat nie op YHWH, die drie-enige God gebaseer is nie, aanbid Satan. AS enige iemand of enige kerk Yeshua of die Heilige Gees of die gawes van die Heilige Gees of die opdragte van YHWH verwerp is hulle nie YHWH se kinders en kerk nie. Dit is afgodery. Afgodery is duiwelaanbidding en die evangelie van Satan.
Mense sal geskok wees om te weet dat Sataniste en satanistiese organisasies die Bybel gebruik gedurende rituele en aanbidding.

## SATAN HET BONATUURLIKE MAG

Tydens die tyd wat Israel in Egipte was, lees ons hoedat die Towenaars wat Satan aanbidders was dieselfde plae laat manifesteer het as wat Moses gedoen het. Hulle het bonatuurlike krag van Satan ontvang. Die demone in

hulle het die werk van Satan laat manifesteer. So kan Satan selfs mense se siektes weg neem, want hy het hulle siek gemaak. As hy dit uitdeel kan hy dit weg vat om sodoende mense te verwar sodat hulle dink YHWH het die persoon gesond gemaak. Die vals leraar word dan as 'n opregte leraar aanvaar.

Sataniste het ook geweldige bose magte wat hulle van die demone ontvang. Ons lees daarvan in die Bybel en mense se getuienisse dui daar op dat demone gee mense bonatuurlike krag en vermoëns.

## TOETS DIE GEESTE AAN HULLE VRUGTE

Moet nie blindelings aanvaar dat wanneer iets in 'n kerk gedoen of gesê word dat dit reg is nie. vertrou geen mens nie. Vertrou slegs op YHWH.
Omdat Satan die krag van God naboots deur bonatuurlike manifestasies van wonderwerke, tekens en wonders, het God 'n spesiale metode voorsien om bedienings te evalueer. Jy moet die bonatuurlike op grond van geestelike vrug evalueer. Hedendaagse Towenaars/hekse kan ook tekens en selfs wonderwerke uitvoer.
Maak seker dat die persoon wat dit doen 'n kind van YHWH is.

## DIE OUTORITEIT VAN YHWH

YHWH gee vir sy kinders die outoriteit om die werk te doen wat Yeshua op aarde gedoen het. Han 1:8. "*maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom sal*

*julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y'hudah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde."*
*Mat. 10:7-8 "wanneer julle gaan, kondig aan en sê: 'Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.' Genees siekes, reinig melaatses, dryf demone uit. Sonder betaling is dit ontvang, sonder betaling moet dit gegee word."*
Joh. 14:12-13. "*wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Enige iets wat julle ook al in My Karakter en Outoriteit mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word. As julle iets in My Karakter en Outoriteit vra, sal Ek dit doen.*"

Wees altyd bewus dat ons as mense niks kan doen uit eie uit nie. Ons is net instrumente in die hand van YHWH en deur die outoriteit wat aan ons gegee is en deur die mag van die Heilige Gees wat deur ons werk, kan al hierdie dinge gedoen word. Hierdie outoriteit en mag stel YHWH se kinders in staat om die lewe ten volle te beleef. Ons moet hierdie outoriteit en mag aanwend om die bose geeste om ons te bestraf, te bind en te verdryf. Slag spreke soos "moor die saaier, moor die boer" kan sodoende geneutraliseer word deur YHWH se kinders.
Die Bybel leer ons "As YHWH vir ons is wie kan teen ons staande bly."

## ENGELE TUSSEN ONS

Die Bybel leer ons dat: Heb. 13:2. "*Vergeet nie die goedheid teenoor vreemdelinge nie, want daardeur was sommige waardig om onwetend, boodskappers (engele) te onthaal." (Engele is boodskappers.)*

Net soos YHWH engele laat manifesteer om tussen ons te wandel, so kan Satan se demone manifesteer om tussen ons te wandel.
Ons moet altyd op ons hoede wees, dag en nag. Baie mense word in die nag deur demone besoek. Hulle teister mense met drome, fantasieë en visioene. Sommige mense word soos die persoon in die Bybel deur demone oorheers en dan sê en doen die persoon dit wat die demone wil sê en doen. Uiterlik is dit 'n mens maar innerlik is dit 'n demoon of selfs Satan homself. Neem hipnose as voorbeeld. Al ooit gewonder hoe 'n mens snaakse dinge kan doen as hy gehipnotiseer is? Dit is die demoon in die persoon wat dit doen. Deur toe te laat dat jy gehipnotiseer word, laat jy die demoon inkom om jou te beheer en hy bly dan in jou.

Raak betrokke by bevrydings werk en jy sal sien hoe die demone manifesteer en wie hulle is en waarom hulle die reg het om mense te beïnvloed en te beheer.

## GEESTELIKE OORWINNING

Die geestelike oorwinning kan net op die geestelike vlak en in die geestelike realm gewen word. Net YHWH kan ons help. Yeshua en die Heilige Gees veg vir ons en

deur ons en in ons. Wie kan teen ons staan as YHWH vir ons veg. Magtiger is Hy wat in my is as enig iets of enig iemand buite my.

Ons moet egter beraad wees en ons gedurig vergewis en op hoogte bly van die vyand se wapens. Die tegnologie ontwikkel teen 'n astronomiese spoed en elke dag is daar iets nuuts wat teen ons aangewend word. Daar is nou selfs 'n NI (Nagemaakte Intelligensie) Jesus wat met mense praat. Ons moet in ons huis wat op die Rots (Jesus) gebou is bly en nie gaan rond wandel in die donker nie. Ons moet ook nie die deur oop maak sodat die donker kan in kom nie.

Duisternis en donkerte het nie 'n definisie nie. Duisternis is bloot die gebrek aan lig. Ons moet altyd genoeg olie in ons lampe hè om seker te maak dat ons die einde van die pad sal bereik en nie in die duisternis sal eindig nie.

Ons moet almal die slagspreuk "kruisig myself-kruisig myself " daagliks uitroep en sodoende my ou mens dood maak sodat ek 'n nuwe mens kan word. Ons moet ook daagliks "wyk Satan-wyk Satan" uitroep om Satan en sy demone weg te jaag. Ons doen dit in Yeshua se Naam.

Bevry jouself van die vloek "kill the farmer kill the Boer" in die Naam van Yeshua. Moenie enige vloek vatplek gee nie. Hierdie vloek weergalm in die hemel ruim en bied Satan en sy demone die geleentheid om mense aan te

val. Bind dit, bestraf dit en kanselleer die vloek in Yeshua se Naam.

Stel jou voor hoe anders die wêreld sou gewees het as al die kerke en kerkmense saam gestem het en almal het saam geestelike oorlogvoering beoefen. Satan sou geheel en al verwoes gewees het. Daar sou niks van al die hedendaagse onheil gewees het nie.

Soek aanhoudend en bly op hoogte, studeer en bestudeer alles wat goed, maak seker jy vind die waarheid in alles, en wees op die uitkyk vir die vyand se nuwe vermommings en strategieë. Bepeins en oordink die waarheid en die Woord van YHWH. Hy sal jou lei en antwoord.

Satan kan ons nie aanval sonder dat hy eers goedkeuring by YHWH kry nie. Satan kan nie inkom as ons nie die hek/deur oop gemaak of oop gelos het nie. Indien YHWH sou toelaat dat Satan inkom sonder dat ons ’n deur/hek oop gemaak het, is dit om ons te toets. Moenie die toets dop nie. YHWH sal ons nooit laat toets sonder om vir ons ’n uitweg te gee nie. Bid en vra wat die uitweg is as jy dit nie kan sien nie.

YHWH het alreeds die oorlog gewen, maar ons moet ons persoonlike skermutselings met Satan oorkom om te bewys dat Satan geen houvas oor ons het nie.
Satan, die dood, is oorwin en ons het die ewige lewe.
Trek die wapen rusting van YHWH aan, hou dit aan en hou dit skoon en in ’n goeie toestand.

Spandeer so veel as moontlik tyd met YHWH, vra en jy sal kry, soek en jy sal vind en die wat het sal meer kry, ’n meer oorvloedige geestelike lewe.
Bly nederig, vertrou en glo in YHWH.

**Jesaja 58:6-14**

Dit is die vas wat jy moet kies
Om die bande van goddeloosheid te verbreek
Om die kettings van onderdrukking los te maak
Om jou vry te maak van elke juk, en jou af te sonder jou vir YAHWEH
Om nie die swakkes en geteisterdes te verhoed om in die huisgesin van YAHWEH ingelyf te word nie
Onderskei daarom wie verlore is en help ander en moenie jouself verberg nie.
Dan sal die lig van die lewe uitstraal soos dagbreek
Dan sal jy vinnig geestelik herstel en oorvloedig vermeerder
Wandel in die teenwoordigheid van geregtigheid
En die heerlikheid van YAHWEH sal jou vergesel
As jy YAHWEH aanroep, sal Hy jou beantwoord en sê:
Verwyder uit jou midde die onheil, die juk van onderdrukking, deur die vinger te wys en dit as goddeloosheid te verklaar
As jy die honger siel, die nederige siel wat begeer om gered te word uit die duisternis, wat begeer om na die lig te kom, help
Dan sal die goddeloosheid en duisternis in daglig verander
YAHWEH sal jou voortdurend lei en jou begeertes vervul
In 'n droogte sal jou siel en liggaam versterk word
En jy sal wees soos 'n goed besproeide tuin
en 'n fontein van lewende water sal uit jou vloei wat nooit sal ophou om te verfris nie
Dan sal jy die gebruike van ouds wat verwoes is, herbou word en die ou fondamente van vorige geslagte sal sigbaar word, die breuk in die muur sal toe gemaak word en die weg, om op te volg, sal herstel word.
As jy die dag van YAHWEH getrou nakom en vir dié dag doen wat YAHWEH behaag
Deur op dié dag vir YAHWEH te aanbid en om Hom te eer
En nie jou eie weg te volg nie, en nie jou eie wil te doen nie, ook nie jou eie woorde te spreek nie
Dan sal jy vreugde vind in die teenwoordigheid van YAHWEH

En dan sal jy nuwe hoogtes bereik en gevoed word deur die erfenis van Israel (Jakob).
Omdat YAHWEH gespreek het.

YHWH sal julle seën en julle oppas. YHWH sal met deernis na julle kyk en baie goed vir julle wees. YHWH sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee.

*Dié wat dors is, sal Ek gee vanuit die fontein van die water van die lewe, sonder koste. Hy wat die oorwinning behaal, sal hierdie dinge erf en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees.*

## BIBLIOGRAFIE


1. Spiritual Strategies- a Manual for Spiritual Warfare – Harvestime International Institute. http://www.harvestime.org.
2. Voorblad foto's – shutterstock.com
3. Ondervind die Heilige Gees- Wynand Lombard.



*Gepubliseer deur*
*Die Sycamine Tree uitgewers*
*8 Manning straat*
*Uvongo*
*Kwazulu-Natal*
*Suid Afrika*
0714932947
*https://www.yweworship.thesycaminetree.co.za/*